Bybelse Profesieë

Twaalf Boodskappe oor die Eindtyd

'n Nuwe wêreldorde onder die beheer van sondige mense baan die weg na oorheersing deur die Antichris as die mens van sonde (2 Thess. 2:3-12)

Johan Malan

Webblad: www.bibleguidance.co.za

Februarie 2013

Inhoud

1. Verskyning en Optrede van die Antichris 3
2. Die Postmoderne Dekonstruksie van Bybelse Waarhede 10
3. Die Skrif aan die Muur 16
4. Die Letterlike Vervulling van Israel se Sewe Feeste 22
5. ’n Demoniese Strategie vir die Misleiding van Israel 30
6. Opstande en Magsverskuiwings Onder Israel se Vyande 37
7. Die Rots wat die Nasies se Koninkryke sal Vernietig 44
8. Ons Plig ten Opsigte van Jerusalem 51
9. Eise van die Eindtydse Stryd 57
10. Twee Duidelike Fases in Petrus se Lewe 64
11. Die Stryd Tussen Twee Koninkryke 71
12. Redes vir die Wegraping 78

1. Verskyning en Optrede van die Antichris

Die eindtydse verskyning van die Antichris sal die finale stap wees in ’n demoniesgeïnspireerde program vir die vestiging van antichristelike denke en optredes wat al eeue lank voortduur. Die einddoel met hierdie program is om die wêreldbevolking geestelik, moreel en intellektueel van God en sy Woord te vervreem sodat die misleide mensdom vrywillig onder die regstreekse beheer van ’n antichristelike wêreldregering sal inskakel.

Die verwesenliking van hierdie doelwit is afhanklik van die verskyning van die Antichris as ’n diplomaat en vredevors wat so suksesvol sal wees dat hy as ’n wêreldleier aanvaar en selfs as ’n verlosser vereer en aanbid sal word. Hy sal die verpersoonliking van sataniese mag op aarde wees, want die duiwel sal aan hom sy krag gee en sy troon en groot mag (Op. 13:2).

Hierdie vyandige, demoniese mag was sedert Lucifer se uitwerping uit die hemel vanuit ’n mistiese sfeer werksaam om mense te mislei en van God afvallig te maak. Alle mense is in ’n stryd teen Satan en sy demone gewikkel: “Ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug” (Ef. 6:12). Die duiwel is “die owerste van die mag van die lug” (Ef. 2:2) en het geestelik en moreel feitlik die hele wêreld in sy mag gekry (1 Joh. 5:19).

Satan se geestelike mag gaan onder die leiding van die Antichris en valse profeet na die vestiging van ’n sigbare wêreldregering lei. Dit sal ’n renegaatregering wees wat alle mense eers deur misleiding onder sy mag sal probeer kry, maar 3½ jaar later sal dit in ’n genadelose militêre diktatuur omskep word wanneer teenkanting teen die Antichris wydverspreid begin voorkom.

Daar is verskeie aspekte van die Antichris en sy toekomstige regering wat in die Bybel beskryf word:

Nabootsing van die drie-enige God

Die koninkryk van Satan is in ’n stryd teen die koninkryk van God gewikkel met die vaste doel om die heerskappy oor die heelal te verkry. Die opponerende koninkryk van die duisternis is onder die beheer van ’n sataniese driemanskap wat ’n nabootsing is van die drie-enige God. Die duiwel is die teëbeeld van God en streef daarna om as die universele god van alle gelowe aanbid te word. Die Antichris is die teëbeeld van Christus en sal homself as die verlosser en koning van die hele wêreld probeer vestig. Die valse profeet is die teëbeeld van die Heilige Gees, wat die mensdom deur sy wonderwerke sal mislei om die Antichris te aanvaar en te aanbid. Hy sal ook aan sy slagoffers okkultiese gawes verleen om bonatuurlike magte te kan beoefen.

Geestelike misleiding het reeds so ver gevorder dat feitlik die hele wêreld gereed is om op ’n intergeloofsvlak erkenning te gee aan die universele god van alle gelowe. Hulle beskou hom as die enkelvoudige Skeppergod wat homself deur alle godsdienste en onder verskillende name aan die mensdom geopenbaar het. Hierdie “god” het nie ’n seun nie – net ’n groot aantal profete, of meesters van wysheid, wat namens hom opgetree het. Onder hulle is Boeddha, Krisjna, Jesus en Mohammed. Die intergeloofs-Jesus wat deel van hierdie gelykwaardige groep profete is, is duidelik ’n “ander Jesus” wat nie God of die unieke Seun van God is nie (2 Kor. 11:3-4).

Die Bybel beskryf die misleide volgelinge van die universele god van alle gelowe as “ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld [Satan] die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie” (2 Kor. 4:4). Hierdie valse god beplan om in die plek van Christus ’n valse christus na die aarde te stuur om die koning en verlosser van die misleide mensdom te wees. Hy sal as die kosmiese messias, die wêreldmessias, of die messias van alle gelowe bekend staan, en ’n inklusiewe benadering volg deur daarop aanspraak te maak

dat hy alle gelowe verteenwoordig.

Die valse profeet sal waarskynlik aan die hoof staan van ’n multigodsdienstige organisasie, en as sodanig die geestelike hoof van die wêreldgodsdienste wees. Hy sal oor besondere sataniese vermoëns beskik om mense met behulp van skouspelagtige wonderwerke te mislei. Sy oortuigingswerk sal ’n nabootsing van die Heilige Gees se werk wees, maar hy sal leuens verkondig en die krag van die dwaling in mense se harte vestig (2 Thess. 2:8-11). Die “gees van die dwaling” sal van hom uitgaan (1 Joh. 4:6).

Eindtydse openbaring en veroordeling

Alle Bybelse profesieë oor die Antichris dui ondubbelsinnig daarop dat hy in die eindtyd, kort voor die wederkoms van die ware Christus, sal verskyn. Hy sal geopenbaar word nadat die kerkbedeling deur middel van die wegraping afgesluit is, en sal dan vir sewe jaar lank oor die wêreld regeer. Hierdie sewe jaar staan ook bekend as die 70ste jaarweek van Daniël (Dan. 9:27; ’n jaarweek is ’n periode van sewe jaar – Lev. 25:8). Aan die einde van die sewe jaar van die verdrukking sal die Antichris tydens die wederkoms van Christus verdelg word. Paulus sê:

“En nou, julle weet wat hom [die Antichris] teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word. Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is [die wegvoering van die kerk]; en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak” (2 Thess. 2:6-8).

Die Antichris sal dus ’n lewende persoon op aarde wees wanneer Christus weer kom; hulle ontmoeting sal van korte duur wees en sal eindig in die bedrieër se verdoeming tot die poel van vuur. Johannes sê: “En ek het die dier [die Antichris] en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit [Christus], en teen sy leër. En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy húlle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand” (Op. 19:19-20).

Dit is belangrik dat ons Bybelse profesieë oor die eindtyd futuristies sal vertolk, en veral in ’n tyd soos hierdie sterk op die vervulling daarvan ingestel sal wees. Ons moenie die fout maak om profesieë oor die Antichris histories (preteristies) te verklaar en as gevolg daarvan as irrelevant vir die huidige tyd te beskou nie. Mense wat hierdie benadering volg, sien nie die ernstige tekens van die tye raak nie (Luk. 12:54-56) en diskwalifiseer hulleself om teëhouers van die Antichris te wees wat standpunt teen sy goddelose ideologie inneem.

Herkoms

Baie mense probeer vasstel waarvandaan die Antichris sal kom. Uit Daniël se bespreking van die antieke wêreldryke is dit duidelik uit watter provinsie (of land) die Antichris na vore sal kom. Daniël stel hom binne die raamwerk van die Romeinse Ryk voor as een uit tien (Dan. 7:20-26), en daarna binne die verband van die Griekse Ryk as een uit vier (Dan. 8:8-9). In Daniël 11 word die sirkel nóg nouer getrek, en word die Antichris in die gebied van die Griekse Ryk as een uit twee voorgestel: die koning van die Noorde (Sirië) of die koning van die Suide (Egipte). In die stryd tussen hierdie twee koninkryke is die koning van die Noorde die oorwinnaar en in Daniël 11:31-45 word die eindtydse koning van die Noorde as die Antichris beskryf.

Die enigste gebied wat aan al drie hierdie beskrywings voldoen, is Sirië – dit was een van die tien provinsies in die Romeinse Ryk, een van die vier provinsies van die Griekse Ryk, en later ook die magsbasis van die koning van die Noorde. Die antieke Siriese provinsie was baie groter as die moderne Sirië en het ook die huidige Irak, Libanon en Koeweit ingesluit. In antieke tye was dié gebied soms as Assirië of Babilonië bekend, afhangende daarvan of dit uit Damaskus of Babilon beheer is.

Volgens Openbaring sal die Antichris kenmerke van al die antieke wêreldryke hê. In Openbaring 13:1-2 gebruik Johannes dieselfde simbole vir die ou wêreldryke as wat in Daniël 7:4-6 gebruik word. Die Antichris word voorgestel as ’n saamgestelde dier met die bek van ’n leeu (Babilonies), die pote van ’n beer (Medo-Persies), die lyf van ’n luiperd (Grieks), en ’n kop met tien horings (Romeins). Soos in die Babiloniese Ryk sal hy ’n afgodsbeeld laat maak en alle onderdane van sy ryk dwing om voor die beeld neer te buig en dit te aanbid. Soos in die Medo-Persiese Ryk sal hy ’n Joodse volksmoord gelas wanneer Israel in onguns by hom raak, en hy sal deur middel van die onveranderlike wette van die Meders en Perse regeer, m.a.w. deur militêre dekrete. Soos in die Griekse Ryk van Alexander die Grote sal hy ’n snelontplooiingsmag op die been bring wat oral op kort kennisgewing sal kan toeslaan om sy gesag te handhaaf. Soos in die Romeinse Ryk sal immoraliteit, korrupsie en blinde geweld hoogty vier, asook summiere openbare teregstelling van alle teëstanders van sy ryk.

Die feit dat die Antichris se wêreldryk tegelyk ’n herlewing van al vier hierdie wêreldryke sal wees, impliseer dat hy uit ’n gebied sal kom wat met al vier dié ryke geassosieer kan word. Slegs die Siries-Babiloniese gebied voldoen aan hierdie vereiste, want dit was die hartland van die Assiriese en Babiloniese Ryke. Dit is die rede waarom Jesaja na die Antichris as die Assiriër verwys (Jes. 10:12-13). Verder was Sirië een van die vier provinsies van die Griekse Ryk waarin Antiochus Epifanes onder andere regeer het, terwyl dit ook een van die tien provinsies van die Romeinse Ryk was. Laasgenoemde was ’n Mediterreense Ryk wat nie net lande in Wes- en Oos-Europa ingesluit het nie, maar ook in die Midde-Ooste en Noord-Afrika. Die eindtydse herstel van die Romeinse Ryk vereis dus dat lande in dié gebiede ook nog deel van die Europese Gemeenskap sal word.

Progressiewe openbaring

Die Antichris gaan aanvanklik sy verskyning as ’n vredevors op aarde maak. Dit sal waarskynlik tydens ’n groot oorlog in die Midde-Ooste gebeur (Eseg. 38 & 39) en hy sal krediet opeis vir die beëindiging van daardie oorlog. Sy plan vir ’n nuwe wêreldorde sal ook hoop op ekonomiese herstel en politieke stabiliteit aan die wêreld bied, en as gevolg daarvan sal alle nasies ’n verbond met hom sluit. Eers teen die middel van die verdrukking wanneer opstande teen sy ryk begin voorkom, sal hy ’n militêre diktatuur instel en alle mense deur dwang aan sy gesag onderwerp. In Openbaring 6 word die openbaring van die Antichris progressief beskryf, na aanleiding van vier perde wat kort ná mekaar op die wêreldtoneel verskyn:

Die **wit perd** en sy ruiter stel die Antichris as vredevors voor wat globalisme en harmonie op alle terreine sal bevorder (Op. 6:2). Politieke globalisme sal gestalte verkry deur alle mense as wêreldburgers te beskou wat verenig sal word onder die gesag van ’n wêreldregering met uitvoerende magte. Godsdienstige globalisme sal verseker word wanneer alle gelowe, onder die invloed van ekumeniese denke, die komende christus van alle gelowe as hulle gemeenskaplike messias sal erken en vereer. Ekonomiese globalisme sal in ’n sentraalbeheerde, kontantlose wêreldekonomie ’n werklikheid word.

Ná 3½ jaar van valse vrede en eenheid wat deur antichristelike globalisme meegebring is, sal opstande teen die Antichris se wêreldryk voorkom en daar sal ook ’n aanslag op sy lewe gemaak word (Op. 13:3, 12). Hy sal ’n skielike gedaanteverwisseling ondergaan van valse vredevors tot militêre diktator, en daarna sy opmars na wêreldheerskappy voortsit as die ruiter op die **rooi perd** van oorlog (Op. 6:4). As gevolg van verslegtende toestande in sy oorlogsekonomie, wat na hongersnood en tekorte in verskeie lewensmiddele sal lei, sal hy ’n stelsel van streng rantsoenering instel en sodoende die ruiter op die **swart perd** word (Op. 6:5). As die ruiter op die **vaal perd** (Op. 6:8) sal hy toenemend by oorloë betrokke raak en soveel as moontlik mense doodmaak om saam met hom na die verderf te gaan (Dan. 11:44).

Karakter van die Antichris

Die Antichris sal daarin slaag om homself voor te doen vir wat hy nie is nie. Soos wat die

duiwel homself as ’n engel van die lig kan voordoen (2 Kor. 11:14), sal die Antichris homself as ’n spesiale gesant van God voordoen wat gekom het om vrede en eenheid op aarde te bring. Sy pretensie sal so oorredend wees dat die Jode hom as die beloofde Messias sal aanvaar (Joh. 5:43). Ander godsdienste sal dieselfde doen, en dit sal aan hom ook titels besorg as die Christus, die vyfde Boeddha, Krisjna en ander – inderdaad ’n universele Messias vir alle gelowe. In sy hart sal hy egter almal verag en haat wat die ware God of enige ander gode aanbid, en sal hy daarna streef om self as die enigste God aanbid te word. Hy sal gedurig met verborge agendas besig wees en nie een van sy volgelinge sal presies weet waar hulle met hom staan nie.

In die middel van die verdrukking sal die donker deel van sy karakter na vore kom wanneer hy homself in die herboude tempel in Jerusalem tot God sal verklaar (2 Thess. 2:4) en almal sal laat teregstel wat weier om hom as God te aanbid (Op. 13:15). Hy sal ’n militêre diktatuur instel en ’n massamoordenaar word. Dit sal dan vir almal duidelik wees dat hy die mens van sonde en seun van die verderf is (2 Thess. 2:3). Hy sal wêreldwyd ’n sondekultuur vestig waarin geweld, korrupsie, bedrog, wanorde en alle denkbare immorele dade hoogty vier. Hy sal die verpersoonliking van sonde wees, daarom sal hy God, die ware Christus en almal wat die Naam van die drie-enige God bely, erg belaster (Op. 13:5-6). Hy sal militêr teen die Christene optree (Op. 13:1), asook teen Jesus Christus self tydens sy wederkoms (Op. 19:19-20).

Sy politieke en ekonomiese beleid

Die Antichris sal God se orde van selfbeskikkende volke binne hulle eie, onafhanklike woonplekke verwerp (Hand. 17:26) en almal van hulle in ’n wêreldstaat integreer waarin nasionale grense van minder belang sal wees. Mense sal oral aangemoedig word om nie eng, nasionalistiese beskouings te huldig nie, maar hulleself eerder as wêreldburgers te sien. Alle plaaslike regerings sal aan die oorhoofse gesag van die wêreldregering onderworpe wees en verplig wees om die beleid daarvan ten volle toe te pas en uit te voer. Die Antichris sal mag verkry “oor elke stam en taal en nasie” (Op. 13:7).

Saam met die politieke globalisering van die wêreldbevolking sal die Antichris ook internasionale beheer oor die geldmag instel: “Want hy sê: Deur die krag van my hand het ek dit gedoen en deur my wysheid, want ek is verstandig; en die grense van die volke het ek verwyder, en hulle voorrade het ek geplunder; en die wat op trone sit, het ek soos 'n maghebber neergewerp. En my hand het na die rykdom van die volke gegryp soos na 'n voëlnes, en ék het die hele aarde bymekaargeskraap soos 'n mens eiers bymekaarskraap wat verlaat is; en daar was niemand wat 'n vlerk verroer of 'n bek oopgemaak of gepiep het nie” (Jes. 10:13-14)

Volgens Openbaring 13:16-18 sal daar in die tweede helfte van die verdrukking ’n kontantlose wêreldekonomie ingestel word, waarin niemand sal kan koop of verkoop sonder om ’n eed van getrouheid aan die Antichris af te lê en sy nommerstelsel te aanvaar nie. Die elektroniese beheer van hierdie stelsel sal die wêreldregering nie net in staat stel om alle finansiële transaksies te monitor nie, maar ook die bewegings van ekonomies aktiewe mense – waar hulle ook al koop of verkoop.

Ideologie van die Antichris

Die basiese ideologie van die Antichris vloei voort uit die begrip *monisme* of *holisme* – *alles is een*. Op grond van hierdie ideologie sal hy wêreldeenheid (globalisme) op elke lewensterrein bevorder, veral op die politieke, godsdienstige en ekonomiese terreine. Alles wat in stryd is met sy monistiese hervormings sal as ongewens en verdelend beskou en daarom verwerp word. Dit beteken dat vorms van nasionalisme wat in die pad van internasionalisme staan verbied sal word. So ook sal geen vorm van godsdienstige eksklusiwiteit geduld word nie omdat dit die hervormings na godsdiensgelykheid en uiteindelike godsdienseenheid in die wêreld sal belemmer. Ekonomiese eenheid sal verkry word deur die instelling van ’n enkele monetêre stelsel, ’n enkele beheerliggaam vir die wêreldekonomie, sowel as ’n billike manier vir die herverdeling van rykdom. Volke sal hulle

soewereiniteit én ekonomiese onafhanklikheid verloor.

Sintetiese denke van hierdie aard is direk in botsing met die Bybelse beginsels van antitetiese (teenstellende) denke. Vir ’n Christen is daar twee groot werklikhede waarmee hy rekening moet hou (*dualisme*). Daar is dus nie ’n enkelvoudige waarheid nie, maar ’n diversiteit wat hom voor keuses stel. Hy moet onderskeid tref tussen God se koninkryk en Satan se koninkryk, Christus en die Antichris, lig en duisternis, die enigste ware godsdiens en al die valse gelowe. Hierdie wêreldbeskouing sal Christene op alle terreine van hulle bestaan in botsing bring met die denkwyse, beleid en hervormings van die Antichris, en as gevolg daarvan sal daar geen ruimte vir kompromislose Christene in sy wêreldryk wees nie. Hulle sal derhalwe vervolg word.

Einddoel van die dier

Die Antichris se finale doel is om die drie-enige God van die Bybel geheel en al deur die alternatiewe godsbegrip van sy sataniese nuwe wêreldorde te vervang. In plaas van Jahweh moet die god van hierdie wêreld aanbid word, in plaas van Christus moet die universele christus van alle gelowe aanbid en nagevolg word, en in plaas van die Heilige Gees moet die intergeloofsprofeet (die valse profeet wat saam met die Antichris sal optree) vir gawes en geestelike bemagtiging vertrou word.

Die Antichris sal in die lig van Bybelse profesieë weet dat sy nuwe wêreldorde net sewe jaar lank sal duur. Gedurende die eerste 42 maande van sy regering sal die verskillende gelowe onder sy leiding kan voortbestaan en die tempel van die Jode ook herbou word. In hierdie tyd sal daar twee spesiale getuies van die Here in Jerusalem wees wat die Jode teen die valse messias sal waarsku. Dit sal na opposisie teen die valse messias en sy regering aanleiding gee. In die middel van die verdrukking sal die Antichris hierdie getuies egter oorweldig en doodmaak (Op. 11:1-10).

Die dramatiese gebeure van die middel van die verdrukking sal gevolg word deur die Antichris se militêre skrikbewind van die laaste 42 maande. Dit sal begin op die dag wanneer hy die tempel ontheilig deur homself daarin tot God te verklaar, die offerdiens afskaf, en ’n afgodsbeeld van homself in die Allerheiligste laat oprig: “En van die tyd af dat die voortdurende offer afgeskaf en die ontsettende gruwel opgerig word, sal 1 290 dae verloop. Welgeluksalig is hy wat bly verwag en 1 335 dae bereik” (Dan. 12:11-12).

Aan die einde van die tweede helfte van die verdrukking, ná 1 260 dae, sal die ware Messias kom en dan die Antichris en sy magte verdelg. Ná 1 290 dae (wat ’n routyd van 30 dae insluit – Sag. 12:10-14) sal Israel met die Messias versoen wees en ná 1 335 dae sal hulle sy vrederyk beërf wanneer die troon van Dawid in Jerusalem herstel is (Hand. 15:16-17).

Die Antichris is bewus van Bybelse profesieë waardeur die einde van sy kort wêreldryk voorspel word, en hy gaan alles moontlik doen om Christus te beveg en dood te maak sodat die Bybel verkeerd bewys kan word: “En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër” (Op. 19:19). Die Antichris en Satan sal ook demone inspan om die regerings van die wêreld deur misleiding te oortuig dat hulle troepe na die Midde-Ooste moet stuur om teen die verwagte koms van Christus en sy hemelse leër te veg (Op. 16:13-14, 16).

Uiteinde van die Antichris en sy volgelinge

Daar is geen onduidelikheid oor die uiteinde van die Antichris en sy misleide meelopers wat so arrogant sal wees om teen die ware Christus te probeer veg en te dink dat hulle Hom kan oorwin nie:

“En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy húlle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand. En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees” (Op. 19:20-21; vgl. Sag. 14:12-

13).

Die sterkste moontlike waarskuwing word gerig aan almal wat erkenning aan die Antichris gee, sy nommer aanvaar, hom aanbid, en sodoende van hulleself vyande van God maak:

“As iemand die dier en sy beeld aanbid en ’n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam. En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang” (Op. 14:9-11).

’n Keuse tussen twee christusse

Ons is tans in die finale aanloopfase na die wegraping, wat die skeiding sal wees tussen die kerkbedeling en die daaropvolgende bedeling van die Antichris se regering van sewe jaar. In hierdie finale fase van die kerkdispensasie vind daar intensiewe klimaatskepping plaas om die mensdom op die verskyning en aanvaarding van die universele messias van alle gelowe voor te berei. Valse propaganda van dié aard is klaarblyklik baie suksesvol, want uiteindelik sal “die hele wêreld verwonderd agter die dier aangaan” en hom ook saam met die universele god van alle gelowe aanbid (Op. 13:3-4). Hulle sal sy holistiese denke as die enigste oplossing vir ’n hoogs verdeelde en vyandige mensdom sien.

Die veldtog van eenwording met die verdorwe wêreld gaan gepaard met lasterlike uitlatings oor die ware God en sy Seun. Liberale teoloë dekonstrueer die beeld van Jesus deur Hom totaal van sy Goddelike attribute te stroop. Die doel hiermee is om Hom met ’n “ander Jesus” te vervang wat nie maagdelik gebore is nie, nie die Seun van God is nie, nie die enigste Verlosser van die wêreld is nie, nie die aanhangers van ander gelowe veroordeel nie, nie versoening vir sonde aan die kruis bewerk het nie, nie uit die dood opgestaan en na die hemel opgevaar het nie, en wat gevolglik ook nie uit die hemel na die aarde kan terugkeer nie (vgl. 2 Kor. 11:4). Wanneer hierdie leuens geglo word, is die pad oop vir die Antichris om as die messias van alle gelowe aanvaar te word.

Die veldtog teen die ware Jesus van die Bybel word wêreldwyd gevoer, ook deur verskeie vooraanstaande Protestantse teoloë wat van fundamentele Bybelse waarhede afvallig geword het. Postmoderne Suid-Afrikaanse teoloë, asook hulle volgelinge, speel ’n groot rol om die Bybelse Jesus te dekonstrueer sodat Suid-Afrika ’n maklike teiken vir die Antichris sal wees. In ’n wye reeks boeke wat onder andere aan teologiese studente voorgeskryf word, word Jesus voorgehou as lid van ’n enkelouergesin en ’n gewone mens wat na bewering buite-egtelik deur ’n sondige man verwek is (dus nie deur die Heilige Gees nie), wat as ’n misdadiger tereggestel is sonder enige heilswaarde wat daaruit voortgevloei het, wat nie liggaamlik uit die dood opgestaan het nie, en wat daarna eensydig en verkeerdelik deur sy dissipels tot God verklaar is (vgl. *Fatherless in Galilee* deur A. van Aarde, 2001).

Een van hierdie teoloë het selfs ’n boek uitgegee waarin Jesus beskryf word as ’n sjamaan (tradisionele geneser of toordokter) wat siekes gesond gemaak en duiwels uitgedryf het. In die proses van divinasie het hy en sy dissipels glo alternatiewe bewussynstoestande, of transtoestande, beleef en dan hulle voorvadergeeste opgeroep wat in sommige gevalle aan hulle verskyn het (*The life of a Galilean Shaman: Jesus of Nazareth in anthropological perspective* deur P.F. Craffert, 2008).

Die “historiese Jesus” is die produk van spekulatiewe teologiese beredenering wat op fiktiewe aannames eerder as op feite gebaseer is. Hiervolgens was Jesus net ’n feilbare mens wie se denke deur die primitiewe wêreldbeeld van sy tyd bepaal is. Daar is egter geen objektiewe historiese geloofwaardigheid wat gekoppel kan word aan die historiese Jesus wat gekonstrueer is deur teoloë wat nie enige eerbied vir Skrifgesag het nie. Gelukkig onderskei die liberale *Jesus Seminaar*-georiënteerde teoloë hulle Jesus van die kerugmatiese Jesus, of Jesus van geloof, waarin Bybelgelowige Christene glo. Dit is lewensbelangrik om tussen die twee Jesusse te kan onderskei, want ons word gekonfronteer met ’n keuse tussen die ware Jesus en verskeie valse voorstellings van

Jesus wat almal verkondig word om ’n ingesteldheid te vestig wat bevorderlik is vir die aanvaarding van die Antichris.

Wat sê Paulus van teologiese dwalings wat in stryd is met dit wat die Bybel aan ons leer? “Ek verwonder my dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, na ’n ander evangelie toe, terwyl daar geen ander is nie; behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring en die evangelie van Christus wil verdraai. Maar al sou ons of ’n engel uit die hemel julle ’n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom ’n vervloeking wees!” (Gal. 1:6-8; vgl. 2 Kor. 11:2-4). In ’n ware Christen se lewe is daar geen plek hoegenaamd vir vervalsings van Jesus Christus en die Bybelse verlossingsleer nie.

Die lasterlike dinge wat postmoderne teoloë van die Here Jesus sê, vloei voort uit die gees van die Antichris. Hy sal sy mond oopmaak om te laster teen die drie-enige God (Op. 13:5-6). Die huidige veldtog teen Christus word deur die duiwel geïnspireer en is daarop ingestel om die pad vir die verskyning van die Antichris gereed te maak. Wanneer die relatief klein groep teëhouers van die Antichris uit die weg geruim is, sal die ongeregtige geopenbaar word om die nasies van die wêreld deur middel van groot tekens en wonders te mislei (2 Thess. 2:6-10). Die tekens van sy koms kan reeds onderskei word – ook in die lesinglokale van groot teologiese kweekskole waar die Bybel nie meer geëer word as die foutlose grondslag vir Christelike optrede en denke nie. In hierdie kringe is daar ook ’n merkbare afwesigheid van ’n egte geloof wat verhewe is bo die nuttelose argumente van geleerdes wie se verstand nie deur die Heilige Gees verlig word nie.

Alle mense op aarde is óf volgelinge van die ware Christus en sy unieke evangelie van verlossing, óf van die valse christus en sy godsdienstige leuens – daar is nie ’n neutrale middeweg tussen die twee nie. Jesus het vir die Jode gesê dat indien hulle Hom nie as Messias ontvang nie, hulle noodwendig volgelinge van die valse messias sal word (Joh. 5:43). Dit geld ook vir alle ander mense.

2. Die Postmoderne Verloëning van Bybelse Waarhede

Ons leef in ’n tyd van die grootste en mees meedoënlose aanvalle op die Christelike geloof sedert die ontstaan van die kerkbedeling. Die huidige aanvalle is nie in die eerste plek op ’n fisieke vlak gerig met die oog op die vervolging en marteling van Christene nie, maar op ’n geestelike en leerstellige vlak met die oog op grootskaalse misleiding. Dit is deel van ’n vasberade eindpoging deur die koninkryk van die duisternis om die Christelike geloof heeltemal te vernietig sodat die Antichris se alliansie van valse wêreldgodsdienste in die plek daarvan gevestig kan word.

Die veranderings wat deur hierdie vervalproses teweeggebring word, is so omvangryk dat dit die weg baan na ’n algehele nuwe wêreldbeeld wat as postmodernisme of globalisme bekend staan. Wat behels hierdie veranderings alles? Tydens die moderne fase van die geskiedenis, veral gedurende die groot herlewings in die 18de en 19de eeue, het die Christelike geloof in die Westerse wêreld ’n groot invloed op die denke en leefwyse van mense uitgeoefen. Dit was die grondslag van die Christelike beskawing, toe eerbied vir die Bybel getoon is deur middel van Christelike grondwette, Christelike onderwysstelsels, die handhawing van Christelike moraliteit, en verskeie ander instellings in die samelewing. God se oppergesag is deur baie mense erken.

Deur postmodernisme en globalisme word daar egter nou ’n grootskaalse aanslag op die fondamente en grondbeginsels van die Christelike geloof gedoen. Die postmoderne mens bevry homself van alle geloofsvorms en ideologieë wat sy vryheid van oortuigings en optrede enigsins aan bande lê. Die reg tot vrye denke en assosiasie word aan alle mense en die aanhangers van alle gelowe gebied. Dit lei na ’n allesinsluitende vorm van godsdienstige globalisme waarin almal kan glo, of nie glo nie, net soos hulle wil, op voorwaarde dat andersdenkendes nie gekritiseer of in ’n slegte lig gestel sal word nie. Geen ruimte word vir absolute waarhede gemaak nie, en die ideaal is dat geen regering net in terme van die beginsels van een geloof sal optree nie.

Die Bybelse Christendom is ’n struikelblok op die weg van postmoderne hervormings omdat dit nie inklusief is en ruimte skep vir ander gelowe en lewenswyses nie. Dit staan dus in die weg van die verskyning van ’n gemeenskaplike, multigodsdienstige messias wat die wêreld onder sy vaandel van globalisme sal verenig. As gevolg hiervan is daar die afgelope paar dekades reeds ’n al sterker wordende beweging aan die gang om die fondamente van die Christelike geloof omver te werp. Die volgende vyf Christelike fondamente word spesifiek in die postmoderne transformasieproses geteiken, gewoonlik ook in die volgorde waarin hulle hier genoem word:

1. Die verwerping van die letterlike vertolking van die Bybel

Die vertrekpunt vir die verloëning van Bybelse waarhede is die verwerping van die letterlike, grammaties-historiese vertolking van die Bybel. Hierdeur word die eerste saadjies van twyfel gesaai oor talle duidelike stellings in die Skrif, veral wat Bybelse profesieë betref. Mense veroorloof hulleself die reg om die Bybel deur vergeesteliking en allegorisering te hervertolk net soos dit hulle pas. Op grond hiervan verwerp hulle die letterlike vervulling van Bybelse profesieë omdat dit hulle glad nie aanstaan nie.

Vergeestelikingsteoloë weier om te glo dat die eindtyd deur groot geestelike misleiding en verval gekenmerk sal word (Matt. 24:4; 1 Tim. 4:1), dat daar ’n groot verdrukking sal wees (Matt. 24:21; Op. 6 tot 19), asook ’n Antichris wat deur demoniese magte sal regeer en wêreldwyd nagevolg en aanbid sal word (Op. 13:1-4). Hulle glo ook nie in ’n letterlike slag van Armagéddon waarin Christus sy vyande sal verdelg nie (Op. 16:13-16; 19:19-21) en ook nie in ’n letterlike duisendjarige vrederyk ná die wederkoms van Christus nie (Op. 20:4-6).

In die plek van hierdie scenario verkondig hierdie teoloë wêreldvrede, ekumeniese eenheid en voorspoed vir almal. Hulle ontken nie alleen die feit van goddelike oordele in die eindtyd nie, maar gaan ook verder en ontken selfs die bestaan van die duiwel en die hel, asook die

ewige oordeel van God in die poel van vuur. Baie ander uitsprake in die Bybel word ook aan pragmatiese hervertolking onderwerp. Die gevolg van hierdie benadering tot die Bybel is ’n toenemende mate van leerstellige diversiteit in Christelike kerke, waarin elkeen sy eie leerstelling(s) verkondig en navolg. Hulle wyk egter almal in ’n mindere of meerdere mate van die waarheid af, want daar is net een sentrale waarheid in die Bybel.

Sodra daar ’n sluier oor Bybelse profesieë getrek is deur hulle van hul basiese grondbetekenis te ontneem, is die pad oop om ook op ander terreine ’n afwaartse aanpassing van Bybelse beginsels te maak. Op hierdie manier gun die mens aan homself meer vryheid om sy eie sienings op die Bybel af te dwing en van onaangename werklikhede af weg te kom. Sodoende bou hy aan ’n ander koninkryk en strek homself nie uit na die toekomstige koninkryk wat Christus tydens sy wederkoms sal openbaar nie.

2. Die verwerping van heiligmaking as ’n verdere genadewerk

Die volgende Christelike fondament wat in hierdie vervalproses verwerp word, is die Bybelse leer oor heiligmaking. ’n Lewe van selfkruisiging, vervulling met die Heilige Gees, en die handhawing van streng morele standaarde is nie vir die postmoderne mens aanvaarbaar nie. Dit lê sy vryheid aan bande om te doen wat hy wil, en laat hom nie toe om willekeurig van die Bybel as God se Woord af te wyk nie. Die leer van heiligmaking, wat baie sterk in die herlewingstye verkondig en aanvaar is (ook in Suid-Afrika onder die prediking van Andrew Murray), word nou algemeen bevraagteken en as sektaries verwerp.

Wanneer die opdrag tot heiligmaking (1 Pet. 1:15-16; Ef. 5:18) wegverklaar word, word net bekering verkondig en niks meer nie. Die gevolge van so ’n situasie word goed in 1 Korinthiërs 3 beskryf. Hoewel die meeste van daardie gemeentelede weergebore gelowiges was, was hulle “klein kinders in Christus” wat as vleeslik beskryf word – glad nie geestelik nie (1 Kor. 3:1-4). Die belangrikste kenmerke van hulle optrede was jaloersheid, twis en tweedrag, asook wisselende leerstellige voorkeure. Hulle was geestelik so onkundig en oppervlakkig in hulle godsdiensbelewenis dat hulle nie eers besef het dat hulle liggame tempels van die Heilige Gees is, en dat dit hulle tot heiligmaking geroep is nie (1 Kor. 3:16-17).

Dieselfde situasie heers vandag ook in gemeentes waar bekering wel nog verkondig word, maar waar daar geen beklemtoning van heiligmaking is nie en Bybelse profesieë ook nie verkondig word nie. Sulke Christene het nie ’n duidelike toekomsverwagting nie en ook nie die krag of motivering om teen sonde, vleeslikheid en wêreldgesindheid te kan oorwin nie. Geen wonder nie dat baie lidmate, veral die jeug, hulle belangstelling in sulke gemeentes verloor en dan dikwels nog verder van die waarheid af wegdryf.

3. Die verwerping van die eis van wedergeboorte

In gemeentes waar die profetiese woord in die Bybel geen gewig dra nie, en waar die opdrag tot heiligmaking nie ernstig opgeneem en verkondig word nie, word daar ’n gunstige teelaarde geskep vir die val van die volgende Christelike fondament, naamlik die opdrag om tot bekering te kom en weergebore te word. Dit is presies wat vandag besig is om op groot skaal te gebeur.

In talle gemeentes word valse fondamente aan mense gebied waarop hulle hul saligheid baseer. Dit wissel van ’n goeie lewe af tot kerklidmaatskap en ritualisering deur sakramente, asook die misleidende aanname dat alle uitverkorenes as weergeborenes gebore word en dus nie nodig het om geestelik nuut gemaak te word nie.

Wanneer hierdie toestand intree, verval ’n gemeente na die vlak van ’n geestelik inhoudlose organisasie wat deur vormgodsdiens gekenmerk word. Hulle het slegs ’n gedaante van godsaligheid, maar die wederbarende krag van die Heilige Gees word deur hulle verloën (2 Tim. 3:5). Sulke mense beskou hulleself as Christene, maar het geen getuienis van ’n ervaring van wedergeboorte toe die Here hulle harte en lewens verander het nie.

In hierdie toestand van geestelike verduistering is lidmate gereed én vatbaar vir die

omverwerping van die mees basiese fondamente van die Christelike geloof, naamlik die gesag van die Bybel as God se Woord, sowel as die Godheid en soendood van die Here Jesus.

4. Die verwerping van die Bybel as die geïnspireerde Woord van God

Vormgodsdienstige kerklidmate het nie die voordeel dat die Heilige Gees in hulle harte woon en aan hulle verligte oë van die verstand gee om die verborgenheid van die evangelie te kan verstaan nie (Ef. 1:18). Die meeste van hulle is slagoffers van die vergeestelikingsteologie, daarom neem hulle nie die Bybelse stellings op sigwaarde aan nie. Weens hulle gebrek aan wedergeboorte en heiligmaking het hulle in elk geval ook nie begrip vir Bybelse waarhede wat geestelik beoordeel word nie (1 Kor. 2:14).

As gevolg van hierdie situasie is die lidmate van erg vervalle kerke nie in staat om postmoderne tekskritiek te kan weerstaan en weerlê nie. Hulle is maklike slagoffers van die Nuwe Hervormers se bewerings dat die Bybel slegs deur mense geskryf is volgens die primitiewe wêreldbeeld van hulle tyd, dat dit baie foute en weersprekings bevat, en verder ook vol mitologie en beeldspraak is wat nie ernstig opgeneem moet word nie. Vir hulle is die Bybel op dieselfde vlak as die heilige boeke van ander gelowe, en beslis nie ’n unieke openbaring van God aan die mensdom nie.

Onder sulke omstandighede is daar geen sprake meer van Skrifgesag nie, met die gevolg dat postmoderne Christene hulleself as volkome vry beskou om self hulle lewenstandaard te bepaal en hulle eie morele reëls neer te lê. Ritualisering deur die doop is vir hulle genoeg om salig gespreek te word, en enigiets wat as evangelies of fundamentalisties beskryf kan word, word as ’n onaanvaarbare vorm van engheid verwerp.

5. Die verwerping van Christus se heilswerk en Goddelike attribute

Die vyfde en belangrikste fondament waarop die Christelike geloof gebou is, is die Rots, Jesus Christus, en spesifiek sy maagdelike geboorte, Godheid, soendood, liggaamlike opstanding en hemelvaart. Hy is die vleesgeworde Woord – God wat mens geword en onder ons gewoon het. Wanneer die Bybel nie meer as die geïnspireerde Woord van God erken word nie, is dit vanselfsprekend dat Jesus Christus self ook nie as die volmaakte God-mens beskou sal word nie. Die gevolg daarvan is dat die Christendom nie meer as uniek beskou word nie en gevolglik op ’n gelyke vlak met die ander wêreldgodsdienste geplaas word.

Dit is belangrik om vas te stel hoe ver die verloëning van Jesus reeds in vervallende kerke plaasgevind het en wat die reaksie van lidmate daarop is. Dit kom sonder enige twyfel op verraad teen die ware Christus neer indien belydende Christene in ’n kerk aanbly waarin hierdie ernstige dwalings gekondoneer en sonder protes aanvaar word. Die Here Jesus sê dat as ons Hom verloën, Hy ons ook sal verloën: “Maar elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemele is” (Matt. 10:33). Niemand sal met geestelike verraad van hierdie aard wegkom sonder om ewige skade aan sy siel te doen nie.

Dit is in ons almal se belang om vas te stel tot watter mate hierdie belangrike fondament van die Here Jesus as die enigste Verlosser van die wêreld, eerbiedig of bevraagteken word in die kringe waarin ons onsself bevind. ’n Ondubbelsinnige keuse moet gemaak word tussen die Jesus van die Bybel en die sogenaamde “historiese Jesus” wat deur agnostiese teoloë aan ons voorgehou word. Die ware Jesus is die ewige, selfbestaande Seun van God wat deur die Heilige Gees verwek is toe Hy mens geword het. Die “ander Jesus” wat die produk is van spekulatiewe teologiese denke en twyfelagtige historiese vertolkings, was ’n gewone mens wat nie bonatuurlik verwek is nie, nie God is nie, nie vir ons sonde gesterf het nie en ook nie uit die dood opgestaan het nie.

Die eindtydse aanslag teen die sentrale Persoon van ons geloofslewe het groot momentum gekry sedert die stigting van die *Jesus Seminaar* in Amerika in 1985 deur 150 kritiese teoloë onder die leiding van Robert Funk. Volgens hulle bevindings is die Bybel nie

geloofwaardig nie en hou dit vir ons ’n denkbeeldige Jesus voor wat ver verwyderd is van die Jesus wat werklik bestaan het. Hulle hou vol dat die historiese Jesus nie God was nie en geen bonatuurlike attribute gehad het nie. Die *Jesus Seminaar* val nie net Bybelse sienings oor Jesus aan nie, maar verwerp ook die drie-eenheidsleer in sy geheel. Indien die lasterlike idees wat hulle voorstaan, aanvaar word, sal dit die einde meebring van die Christelike godsdiens soos wat dit in die Bybel beskryf word. Enkele van hulle onbybelse stellings en valse aannames is die volgende:

- Die leer van die versoening, naamlik die aanspraak dat God sy eie seun laat doodmaak het om tevrede gestel te word, is irrasioneel en oneties. Hierdie monsteragtige leerstelling is die stiefkind van ’n primitiewe offerstelsel waarin die gode se goedgesindheid verkry moes word deur ’n spesiale gawe aan hulle te offer, bv. ’n kind of ’n dier.
- Jesus het nie uit die dood opgestaan nie, behalwe miskien in ’n metaforiese sin.
- Gebed is betekenisloos wanneer dit verstaan word as versoeke aan ’n eksterne God vir sy goedgesindheid of vergifnis, aangesien Hy nie inmeng met die wette van die natuur nie. Gebed as lofprysing is benede die waardigheid van God en is ’n oorblyfsel uit die tyd van die konings in die antieke Midde-Ooste. Gebed moet eerder as meditasie gesien word wanneer daar geluister eerder as gepraat word, en ’n persoon ingestel moet wees op die behoeftes van sy medemens.
- Die Bybel bied nie ’n vaste, objektiewe standaard vir morele gedrag vir alle tye nie.

(Vir meer inligting oor die standpunte van die *Jesus Seminaar,* besoek www.patheos.com en veral die afdeling “Unmasking the Jesus Seminar”).

Verskeie lede van die *Jesus Seminaar* het besoeke gebring aan teologiese fakulteite van Suid-Afrikaanse universiteite, waar hulle eervol ontvang is met groot toejuiging vir die taak wat hulle onderneem. ’n Aantal van die plaaslike teoloë assosieer ten nouste met die Seminaar se werk om die Bybelse Jesus te dekonstrueer en ’n valse historiese Jesus te konstrueer wat ’n plaasvervanger vir die ware Jesus is. Suid-Afrika het veral sedert die draai van die eeu ’n belangrike arena vir die propagering van die historiese Jesus geword. Hierdie beweging het nie alleen tot die wegbreek van ’n ekstreme groep gelei wat as die Nuwe Hervorming bekend staan nie, maar het ook binne die hoofstroom van gereformeerde kerke na ’n aktiewe debat oor Jesus gelei. ’n Toenemende aantal predikante en lidmate ondersteun nou ook die postmoderne dekonstruksie van die Bybelse Jesus.

Die aktiewe fase van hierdie debat het in 2001 begin ná die publikasie van die boek *Fatherless in Galilee* deur prof. Andries van Aarde van die Universiteit van Pretoria. Van Aarde beskryf die Jesus van die Bybel as die Jesus van geloof, die kerugmatiese Jesus (dit is die Jesus van die evangelie), en ook die kultiese Jesus. Volgens hom het die dissipels en apostels subjektief besluit om Jesus tot God en Messias te verklaar, maar die historiese Jesus self het dit nie gedoen nie. Hy beweer dat Jesus se volgelinge van die Christelike geloof ’n kultus gemaak het en dat die waarde wat hulle aan die kruis en die opstanding geheg het, bloot hulle eie idees was. Die historiese Jesus word deur Van Aarde bloot as die seun van Maria beskryf, soos wat die Koran ook doen. Hy beweer dat Jesus buite-egtelik gebore is, vaderloos grootgeword het en as gevolg daarvan oor ’n hemelse Vader gefantaseer het.

Die siening oor die onbybelse Jesus wat deur Van Aarde voorgehou word, het sedert 2001 baie veld gewen onder teoloë, asook onder gewone kerklidmate. Opposisie teen hierdie veldtog word onder meer gebied deur ’n behoudende groep wat hulleself *Steeds Hervormers* noem. Op 9 Maart 2012 het hulle ’n persverklaring uitgereik waarin hulle hulself van prof. Van Aarde se sienings in sy omstrede boek distansieer. Hulle som sy sienings só op:

“Daar was geen maagdelike geboorte nie; Jesus het nie werklik opgestaan nie; Jesus is

nie deel van die Drieënige Godheid nie en was net ’n gewone mens; Jesus het nie gesterf vir ons sondes nie; Jesus het nie opgevaar na die hemel nie; Jesus se wonderwerke is bloot net metafore en het nie werklik gebeur nie; Jesus het bloot gegryp na God as ’n vaderfiguur omdat hy na bewering nie ’n vader gehad het nie; die belangrikheid van Jesus moet heroorweeg word in die lig van die huidige postmoderne sekulêre wêreld en intergeloofsdebatte; Jesus was *a nobody amongst nobodies*; Jesus was ’n blote buite-egtelike kind en sy goddelike aard is eers later met behulp van ondersteuning van mitologiese figure uit ander kulture opgebou.” (www.steedshervormers.co.za).

’n Ander publikasie wat groot skokgolwe in Suid-Afrika en baie ander lande veroorsaak het, is prof. Pieter Craffert van Unisa se boek: *The Life of a Galilean Shaman – Jesus of Nazareth in anthropological perspective* (2008).

Prof. Craffert het homself tot die kulturele antropologie gewend om ’n dekonstruksie van die Bybelse Jesus te doen. Volgens hom word die werklikheid binne volksverband sosiaal en kultureel bepaal, daarom moes Jesus ’n sosiaal aanvaarbare rol vervul het, naamlik dié van ’n sjamaan, wat ’n tradisionele geneser en waarsêer was, m.a.w. ’n toordokter (bl. 420). Volgens hom moet Jesus se optrede en woorde beoordeel word binne die lewens- en wêreldbeskouing wat deur eerste eeuse sjamane gehuldig is. Hy beweer ook dat Moses en Elisa in vroeër tydperke ook sjamane in Israel was.

Prof. R.J. Miller (Juniata College, Pennsylvania, USA) sê in sy resensie van die boek: “In Afdeling 3, *Jesus en die sjamanistiese tradisie,* argumenteer Craffert dat Jesus ’n sjamanistiese figuur was omdat hy en sy dissipels dikwels alternatiewe bewussynstoestande ondervind het, bv. tydens Jesus se verheerliking op die berg en die keer toe hy op die see geloop het, asook sy ervarings tydens sy doop en versoeking in die woestyn. Daar is aangeneem dat Jesus van sy voorvadergeeste beset was. ... Jesus se genesings, duiweluitdrywings, natuurwonders (dit is die beheer van natuurgeeste), en sy opwekkings van dooies waardeur hy ontslapenes se gees opgespoor en na hulle liggaam teruggestuur het, is alles as sjamanistiese aktiwiteite beskou en dui daarop dat hy ’n heilige sjamaan was” (http://www.bookreviews.org/).

Hoewel prof. Miller sy bewondering vir hierdie boek uitspreek, sê hy nogtans: “[Craffert] se onvermoë om historiese feite van historiese fiksie te onderskei, verminder beslis die waarde van die historiese metode wat hy gevolg het.” Dit is ’n duidelike bewys van die spekulatiewe en onwetenskaplike aard van navorsing oor die historiese Jesus in die algemeen. Hierdie “navorsers” se bevindings is nie werd om ernstige oorweeg te word nie en bied geensins ’n geloofwaardige alternatief aan vir die Bybelse weergawe van historiese gebeure nie.

Redes vir die dekonstruksie van Jesus

Wat is die groot rede vir die postmoderne dekonstruksie, m.a.w. die afbreek en verwerping, van die Bybelse Jesus? Dit is om die wêreld uit te lewer aan die “ander Jesus” van die koninkryk van die duisternis. Paulus sê aan ’n gemeente van misleide Christene:

“Want ek is jaloers oor julle met ’n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n reine maagd aan Christus voor te stel. Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. Want as iemand kom en ’n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle ’n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of ’n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval” (2 Kor. 11:2-4).

Mense is op groot skaal besig om hulleself onder die direkte inwerking van verleidende geeste te skaar agter ’n ander Jesus wat vreemd is aan die Bybel. Wie is hierdie ander Jesus? Dit is óf die Antichris self óf een van sy voorlopers. Johannes sê: “Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is? Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën. Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie” (1 Joh. 2:22-23).

Ons is dus óf navolgers van die ware Christus óf navolgers van die valse Christus – daar is nie ’n middeweg tussen hulle nie. Die Here Jesus het vir Joodse geestelikes wat Hom as Messias verwerp het, gesê: “Ek het gekom in die Naam van my Vader, en julle neem My nie aan nie. As ’n ander een in sy eie naam kom, hóm sal julle aanneem” (Joh. 5:43).

Neem duidelike standpunt vir die waarheid in: moenie eers in een enkele opsig van die ware Jesus van die Bybel afwyk nie, want dan ontken jy een van sy Goddelike attribute en verloën Hom in daardie opsig. Deur bv. selfs net te ontken dat Jesus maagdelik gebore is, verloën ’n persoon sy verwekking deur die Heilige Gees en gevolglik ook die feit dat Hy die Seun van sy hemelse Vader is. In daardie geval sou Jesus net ’n gewone sondige mens wees wat nie as die vlekkelose Lam van God die losprys vir ons sonde kon betaal nie. Mense wat dit glo, is klaar in hulle harte vervreemd van die ware Christus en dus navolgers van ’n onbybelse Jesus.

Indien ons ’n verhouding met die ware Christus handhaaf en die antichristelike leuens teëstaan, sal ons die komende skrikbewind van die Antichris ontvlug. Paulus sê: “Die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is; en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak” (2 Thess. 2:7-8).

Net so werklik as wat die ware Christus 2 000 jaar gelede na die aarde gekom het, sal Hy aan die einde van die kerkbedeling terugkom om sy getroue dissipels te kom haal. Net so letterlik en sigbaar as wat dit sal gebeur, sal daar ook ’n letterlike Antichris op die toneel verskyn wat vir sewe jaar lank ’n hoogs onderdrukkende bewind op aarde sal voer. Ons leef nou in die tyd van die finale voorbereidings vir sy verskyning; dit is waarom die ware Jesus in diskrediet gebring en verloën word sodat die valse Jesus in sy plek aan die wêreld gebied kan word.

Dit is ooglopend dat ons in ’n gevorderde stadium van die dekonstruksie van Bybelse waarhede is, en daardeur word ruimte geskep vir die vestiging van die postmoderne leuens van die eindtyd. Ons geslag beleef ’n geruime tyd al hoedat die vyf belangrike fondamente van die Christelike geloof (wat vroeër bespreek is), naamlik: **1.** die letterlike vertolking van Bybelse profesieë; **2.** die leerstelling oor heiligmaking; **3.** die leer oor wedergeboorte; **4.** die erkenning van die Bybel as die foutlose en geïnspireerde Woord van God; en **5.** geloof in Jesus Christus as die waaragtige God en die ewige lewe (1 Joh. 5:20), in die tradisioneel Christelike Westerse wêreld omver gewerp word.

Hoe moet ons te midde van hierdie verval optree? Koning Dawid het dieselfde vraag te midde van groot teëstand teen die waarheid gevra: “As die fondamente omgegooi word, wat kan die regverdige doen?” (Ps. 11:3). Hy gee dan ook die antwoord: “Die Here toets die regverdige; maar sy siel haat die goddelose en die wat geweld liefhet. Hy sal op die goddelose vangnette, vuur en swawel laat reën ... [maar] die opregtes sal sy aangesig sien” (Ps. 11:5-7).

Ons is nou in daardie tyd van toetsing voor die aanbreek van die Here se oordele tydens die verdrukking onder die bewind van die Antichris. Die Here maak sy dorsvloer deur en deur skoon voordat Hy die koring in sy hemelse skuur versamel en die kaf met vuur sal verbrand (Luk. 3:17). Staan jy onbeweeglik vas op die waarheid of is jy dalk besig om met die stroom van misleiding af te dryf?

Een ding moet ons vir seker weet, en dit is dat die regverdiges by die Here versamel sal word en sy aangesig sal sien (1 Thess. 4:16-17), terwyl die kompromiemakers en goddeloses vir die toorn van God bestem is. Vir diegene wat by die Bybelse Jesus skuil en hulle toevlug by Hom vind, is daar vryspraak en ontkoming omdat Hy reeds die straf vir hulle sonde betaal het. Hulle kom nie in die oordeel nie omdat hulle uit ’n geestelike dood oorgegaan het in die ewige lewe (Joh. 5:24).

3. Die Skrif aan die Muur

Daniël 5 beskryf die laaste paar dramatiese ure voor die val van die eens magtige Babiloniese Ryk. Koning Bélsasar het in sy paleis vir ’n duisend van sy maghebbers, sowel as sy vroue en byvroue, ’n feesmaal aangebied ter viering van die grootsheid en magtigheid van Babilon. Op die fees het hy veragtelik teenoor die God van Israel opgetree omdat Hy daarop geroem het dat Israel se God nie in staat was om hulle uit die hand van die Babiloniërs te red nie. Die koning het sy minagting vir die Jode en hulle God getoon deur drank te laat bedien in die goue en silwer voorwerpe wat Nebukadnésar se magte in die tempel geroof het toe hulle Jerusalem ingeneem het. Bélsasar het in sy grootheidswaan openlike hulde aan die magtige afgode van Babilon gebring en die onoorwinlikheid van sy ryk gevier.

Terwyl hierdie partytjie aan die gang was, was die Persiese leër al drie maande lank buite die stad ontplooi. Bélsasar het hom egter nie aan hulle gesteur nie, want Babilon het ’n ringmuur gehad wat 26 meter dik en 106 meter hoog was, met 250 wagtorings. Die Eufraatrivier het regdeur die stad gevloei, met groot sluisdeure bo-oor die water om toegang per boot onmoontlik te maak. Die inwoners het ook genoeg kos vir 20 jaar in die stad opgegaar.

Die Perse het egter ’n kanaal gegrawe en die water van die rivier na ’n nabygeleë meer laat vloei. Die pad was toe oop vir vyande om in die donkerte van die nag onder die sluisdeure in die stad in te kom van die noorde- en die suidekant af. Intussen het Bélsasar se fees voortgegaan en sy bravade het geen perke geken nie.

Skielik het die tyd egter vir hom uitgeloop en die Here het nie net sy eie einde aangekondig nie, maar ook dié van die Babiloniese Ryk waarop hy so geroem het. ’n Hand het verskyn en op die gepleisterde muur reg oorkant die kandelaar geskryf, sodat almal dit kon sien. Skok en vrees het die koning oorval, en hy het intuïtief geweet dat sy partytjie verby was.

Verwarring het ook onder sy raadgewers ingetree, en nie een van hulle – nie eers die mees geleerde manne in Babilon – kon die skrif ontsyfer nie. Toe onthou hulle skielik van Daniël wat jare gelede Nebukadnésar se droom uitgelê het. Dit is betekenisvol dat Daniël, wat ’n senior amptenaar was, nie by hierdie heidense partytjie teenwoordig was nie. Hy is ontbied, en ’n baie groot beloning, sowel as bevordering na derde in rang in die koninkryk, is aan hom gebied indien hy die skrif sou kon ontsyfer.

Daniël het vir Bélsasar en sy amptenare daaraan herinner dat Nebukadnésar weens sy hoogmoed deur die Here gestraf en verneder is. Daniël het Nebukadnésar gewaarsku en gesê: “Breek met u sonde en doen geregtigheid” (Dan. 4:27). Hy het dit egter nie gedoen nie, sy koningskap is van hom weggeneem, sy verstand het hom verlaat en hy het saam met die diere in die veld gebly vir sewe jaar. Daarna het hy tot bekering gekom, sy verstand het teruggekeer en hy is ten volle op sy troon herstel. Nebukadnésar het van alle afgodediens afgesien en net die Here as Koning van die hemel geloof en geprys, en erken dat Hy mag het oor die koningskap.

Bélsasar, sy vroue en maghebbers, het nie hierdie geskiedenis ter harte geneem nie en hulleself verhef. Daniël het hom in die lig van Nebukadnésar se ervarings aangespreek en gesê: “Maar u, Bélsasar, het u hart nie verneder nie, alhoewel u dit alles weet” (Dan. 5:22). Bélsasar het ten volle na afgodediens teruggekeer en openlik met die God van Israel gespot; maar genadetyd het skielik vir hom verbygegaan, soos blyk uit Daniël se verklaring van die skrif: *Mené:* God het u koningskap getel en daar ’n einde aan gemaak; *tekél:* u is op die weegskaal geweeg en te lig bevind; *perés:* u koninkryk is verdeel en aan die Meders en Perse gegee.

Daardie selfde nag is Babilon deur hulle vyande ingeneem en Bélsasar, die koning van die Chaldeërs, is gedood. Dit is ’n skrikwekkende verhaal van wat gebeur met mense wat God se waarskuwings in sy Woord verontagsaam. Dit hou beslis vir ons ook ’n boodskap in, want ons het nog duideliker waarskuwings oor ’n groot verdrukking wat skielik, soos ’n dief in die nag, oor die hele aarde sal kom.

Die dag van die Here

Volgens die Bybel weet ons dat genadetyd ook in die Nuwe Testament verby sal gaan nadat die hele wêreld die geleentheid gehad het om die evangelie te aanvaar (Hand. 17:30), en dan sal die oordele van die Here skielik tydens die sewe jaar lange verdrukking oor die onbekeerlike mensdom uitgestort word. Jesaja sê die volgende oor die komende dag van die Here:

“Kyk, die dag van die HERE kom, verskriklik, met grimmigheid en toorngloed, om die aarde ’n woesteny te maak en sy sondaars daaruit te verdelg. ... En Ek sal aan die wêreld sy boosheid besoek, en aan die goddelose hulle ongeregtigheid; en Ek sal die trots van die vermeteles laat ophou en die hoogmoed van tiranne verneder” (Jes. 13:9, 11).

Die Godverwerpende wêreld van die eindtyd is in dieselfde situasie as wat Bélsasar eeue gelede was. Hulle verwerp nie net die God van die hemel van wie hulle (soos Bélsasar) baie min weet nie, maar hulle verwerp ook sy Seun wat intussen gekom het, asook sy Woord en die evangelie van verlossing wat die afgelope 2 000 jaar in die hele wêreld verkondig is. Die eindtydse oordele gaan dus veel groter wees, want die Here Jesus het gesê daar kom ’n groot verdrukking soos daar nog nooit was nie, en as daardie dae nie verkort word nie, sal geen mense dit oorleef nie (Matt. 24:21).

Ons lees van die groot, eindtydse rebellie teen God en sy Seun in Psalm 2: “Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die HERE en teen sy Gesalfde en sê: Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp!” (Ps. 2:2-3). Gedurende die afgelope paar dekades het die meeste nasies in die tradisioneel Christelike wêreld hulle rug op die Bybel as God se Woord gedraai deur Christelike grondwette af te skaf, Christelike onderwys te beëindig en Christelike moraliteit te verwerp. Selfs baie teoloë het ook in hierdie rebellie meegedoen deur die egtheid van die Bybel as God se Woord te betwyfel, die Godheid van die Here Jesus te verloën en Hom met die afgode van die heidene gelyk te stel.

Al wat nou nog oorbly, is dat die oordele van die Here skielik oor die goddeloses uitgestort sal word nadat Hy sy kinders weggeneem het wat geen aandeel in hierdie rebellie het nie. Daar is verskeie tekens van die tye wat bedoel is om vir die hele wêreld die skrif aan die muur te wees dat genadetyd haas verby is en dat die tyd van oordele enige oomblik kan begin. Uit die Woord van die Here het ons nog ’n baie duideliker uiteensetting van wat die toekoms vir ons én die hele wêreld inhou as wat in Ou Testamentiese tye die geval was.

Petrus sê: “Ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op ’n lamp wat in ’n donker plek skyn” (2 Pet. 1:19). Die vraag is: Gee ons daarop ag, of steur ons ons nie aan die skrif aan die muur nie? Onkunde oor eindtydse profesieë is besig om nie net daartoe te lei dat die maagde in die Here se koninkryk in die middernaguur almal aan die slaap raak nie, maar saam met hulle verkeer ook die hele ongeredde wêreld in noodlottige onkunde.

Waar is die manne van God wat die boodskap oor die naderende oordele moet verklaar en verkondig sodat almal dit kan verstaan? Elke Geesvervulde kind van die Here het die plig om hierdie boodskap suiwer en reg te verkondig. Of het jy dalk nog nie ’n volle oorgawe gemaak om met die Heilige Gees vervul te word nie? As dit die geval is, sal jy self nie die skrif aan die muur verstaan nie. Die Here Jesus het gesê dat die Heilige Gees ons in die hele waarheid sal lei en ook die toekomstige dinge aan ons sal verkondig (Joh. 16:13).

Joel Rosenberg

Gelukkig is daar manne wat nie huiwer om aan almal, ook hooggeplaaste regeringsleiers, te verkondig wat die Here se boodskap oor die eindtyd is nie. Een van hulle is die bekende Messiaanse Jood, Joel Rosenberg. Hy skryf boeke, behartig webblaaie, spreek predikante-konferensies toe, besoek Israel, voer gesprekke met regeringsleiers, en besoek ook verskeie ander lande in die Midde-Ooste om met geestelike leiers kontak te maak en evangelisasiewerk te organiseer en te ondersteun.

Rosenberg vergelyk Amerika se goddeloosheid met dit wat in Bélsasar se tyd aan die orde van die dag was. Hy verwys na die VSA se staatskuld van 16 triljoen dollar, terwyl die Bybel ons waarsku om nie in skuld te leef nie. Hy vestig ook die aandag op die 53 miljoen aborsies wat tot dusver in Amerika gedoen is, na hulle pornografiebedryf wat miljarde dollars wins maak, en ook na die wettiging van homoseksuele huwelike. Sy vraag aan Amerikaners is:

“Hoeveel langer sal die Here nog wag voordat ons sal maai wat ons gesaai het? Sal God ons nog ’n kans gee, of is Hy klaar met ons? Is Amerika in ’n *Nebukadnésar-situasie* waarin ons nog kans het om tot bekering te kom en herstel te word, of in ’n *Bélsasar-situasie* waarin God sy guns skielik van ons gaan onttrek en die ligte afsit? Ek is eerlikwaar nie seker nie.”

Min of meer dieselfde vraag kan aan mense in alle ander lande gevra word. Die ineenstorting van geestelike en morele waardes kom wêreldwyd voor, en so ook die huidige finansiële krisis weens roekelose oorbesteding deur regerings én individue. Ekonomiese rampspoed sal na wydverspreide armoede, werkloosheid en hongersnood lei, en dit is ’n ernstige teken van naderende onheil.

Een van Joel Rosenberg se jongste boeke is getiteld: *Implosion.* Dit handel oor die dreigende inploffing van die wêreldekonomie, wat na verwagting skielik sal gebeur – soos ’n ou gebou wat deur plofstof gesloop word en binne ’n paar oomblikke net verdwyn. Die meeste van die groot ekonomieë in die wêreld word deur ’n reuse resessie of totale bankrotskap bedreig. Aandele en staatseffekte sal skielik omtrent niks werd wees nie, en daarmee saam sal geldeenhede ook baie van hulle koopkrag verloor. Eiendom se waarde sal drasties afneem, en weens die wydverspreide armoede sal daar min kopers wees. Al hierdie faktore dui daarop dat daar polities sowel as ekonomies ’n nuwe wêreldorde ingestel sal moet word in ’n dringende poging om oorlewingskanse te bied aan baie van die planeet se 7 miljard inwoners.

Die bedreiging uit Iran

Daar is ’n verdere ooreenkoms tussen die huidige situasie en dié in Babilon, en dit het betrekking op die Perse wat ’n groot rol in die val van Bélsasar gespeel het. In die eindtyd speel hulle weer ’n groot rol, want Persië, die huidige Iran, is besig om kernwapens te ontwikkel en hulle het ook al by verskeie geleenthede gedreig om Israel te vernietig en totaal van die wêreldkaart af uit te wis. Daar word selfs deur die Iranse regering ’n sterk verwagting gehuldig dat die Imam Mahdi – dit is die Messias van Islam – binnekort sal kom om die hele wêreld onder die gesag van die Koran te plaas. Hulle sien dit as hulle profetiese roeping om die wêreld in chaos te dompel, want die Mahdi sal glo slegs kom om vrede te skep wanneer daar oral groot wanorde en ellende is.

Behalwe Islam se godsdienstige teenkanting teen Judaïsme en die Christendom, is hulle verder nog van mening dat die hele Israel histories deel van Palestina is en onder die volle

beheer van die Palestyne geplaas moet word. Hulle uiteindelike oogmerk is om hier ’n Islamitiese wêreldstaat te vestig met Jerusalem as hoofstad. As gevolg van al hierdie oorwegings het hulle telkemale al heilige oorloë (*jihads*) teen Israel en sy bondgenote verklaar. Hulle sê ook dat die laaste groot oorlog wanneer die Mahdi kom, hoofsaaklik in Israel geveg sal word en dat Islam die oorwinnaars sal wees.

Iran se grootste struikelblok in die volledige Islamisering van die Midde-Ooste is egter Israel, vandaar hulle groot klem op bewapening ten einde ’n vernietigingsoorlog teen Israel te kan voer. Die bedreiging deur Iran is openlik, en in die lig van hulle kernontwikkeling word hulle dreigemente ernstig opgeneem deur die meeste Westerse lande. As gevolg hiervan het Europese lande besluit om Iran te boikot en geen ruolie meer van hulle af in te voer nie. In reaksie hierop het Iran gedreig om die seestraat van Hormoes in die Persiese Golf, waardeur omtrent ’n derde van die wêreld se olie vervoer word, te blokkeer. Dit kan ’n krisis skep waardeur die hele wêreldekonomie byna tot stilstand gedwing sal word. Verskeie Amerikaanse en Britse oorlogskepe word gereeld in die Persiese Golf ontplooi en hulle is militêr gereed om enige gebeurlikheid die hoof te bied.

Intussen gaan die dreigemente tussen Iran en Israel voort, en dit verhoog die spanning aansienlik, asook die moontlikheid dat ’n oorlog enige tyd tussen hulle kan uitbreek. Wanneer dit gebeur, sal verskeie groot moondhede waarskynlik hierby betrokke raak omdat hulle strategiese en ekonomiese belange regstreeks deur ’n oorlog in die Midde-Ooste geraak sal word.

Iran het ’n verdedigingsverbond met Rusland gesluit, terwyl Israel ’n soortgelyke verbond met Amerika gesluit het. ’n Oorlog tussen Iran en Israel kan dus die begin van ’n baie groot oorlog wees waaraan verskeie lande sal deelneem. In Eségiël 38 en 39 is daar ’n beskrywing van ’n Russies-Arabiese inval in Israel waarin Rusland (Gog, in die agterhoeke van die Noorde) en Iran (Persië) by name genoem word, saam met verskeie ander lande wat ook aan hierdie oorlog sal deelneem. Dit kan die begin wees van ’n nuwe wêreldorde waarin die Antichris geopenbaar sal word en beheer oor die hele wêreld verkry. Hy sal daarin slaag om deur alle gelowe, insluitend Israel en hulle Moslem vyande, as die beloofde Messias en Vredevors van die wêreld aanvaar te word. Wanneer dit gebeur, sal die kerkbedeling reeds deur middel van die wegraping afgesluit wees, want die Antichris kan nie geopenbaar word totdat hy wat hom teëhou, uit die weg geruim is nie – dit is die ware kerk van Christus wat ’n tempel van die Heilige Gees is (2 Thess. 2:6-8).

Die eindtydse skrif aan die muur

Ons is in ’n soortgelyke situasie as wat Daniël in Babilon was. Terwyl ’n Godverwerpende wêreld toenemend deur ernstige tekens van die tye geskud word, moet ons nie by hulle byeenkomste teenwoordig wees waar daar gedrink, afgode vereer, in die mens se grootheid geroem en op ’n spottende wyse van God en sy diensknegte gepraat word nie. Ons moet ook nie stilbly oor ons oortuigings nie, maar skyn soos ligte te midde van ’n krom en verdraaide geslag. Ons moet opstaan vir die gesag van die Bybel, veral ook wat die profetiese woord betref.

Wanneer die wêreld onverwags deur ongekende tekens van die eindtyd oorval en ontstel word, moet hulle weet dat daar ware gelowiges is wat in staat is om hierdie tekens te kan verklaar. Die Bybel sê: “Daar sal tekens wees aan die son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word” (Luk. 21:25-26).

Is jy, soos Daniël van ouds, in staat om die profetiese skrif aan die muur vir die wêreld te kan vertolk en hulle te waarsku teen die naderende oordele van God? Of is Bybelse profesieë dalk vir jou ook ’n geslote boek weens onkunde? Ons moenie onsself daaraan skuldig maak om die profetiese woord te verswyg en vir mense verborge te hou nie, want dan sal ons saam met die ongelowige wêreld deur hierdie oordele oorval word.

Dieselfde reël geld ook vir Christelike gemeentes, Christelike radiostasies, Christelike webwerwe en ander Christelike bedienings. Ons is verplig om die volle raad van God te verkondig (Hand. 20:27), en dit sluit beslis ook die profetiese woord in. Gelowiges wat die profesieë verswyg, is gewoonlik besig om ’n valse profetiese scenario voor te hou waarin daar nie ’n naderende groot verdrukking is nie en ook nie ’n wegraping as ’n ontvlugting vir die Here se getroue dissipels nie (Luk. 21:36). Ons moet eers ons eie lewens en geestelike perspektief regkry, dan sal die Here ook ons oë open om Bybelse profesieë reg te kan verstaan en met groot erns te verkondig.

Gereedmaking

Alle gelowiges het ’n duidelike opdrag met betrekking tot gereedmaking. Ons moet beslis die naderende voetstappe van die Messias in die profetiese gebeure van ons tyd kan hoor. Die Here Jesus het in sy profetiese rede gesê: “En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is” (Luk. 21:28). Die volgende opdrag word hierby gevoeg: “Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan” (Luk. 21:36).

Ware Christene het nie ’n Antichris-verwagting nie, maar ’n Christus-verwagting. Ons is nie vir die toorn van God gedurende die komende dag van die Here bestem nie, maar vir die saligheid wat die Here Jesus aan sy getroue dissipels belowe het. In Egipte was Israel ook nie vir die plae bestem wat oor die ongelowiges gekom het nie, maar hulle moes hulle deurposte met die bloed van die paaslam besprinkel en volkome op die Here se reddende genade hoop.

Om dieselfde rede was Noag en sy gesin nie vir die vloed bestem nie, en Lot en sy gesin ook nie vir die goddelike oordele oor Sodom en Gomorra nie. Ons toekoms is in die Vaderhuis waar Christus vir ons plek gaan berei het. Net die ongelowiges en nominale Christene wat slegs ’n gedaante van godsaligheid het, sal agterbly wanneer die Basuin blaas en dan sal hulle deur ’n ongekende verdrukking in die gesig gestaar word. Hulle sal nog steeds gered kan word en hulle geloof in die ware Messias sal aan hulle die moed gee om die valse messias te verwerp, maar hulle sal nietemin as martelare vir hulle geloof moet sterf (Op. 6:9-11; 12:11).

Maak liewer nou jou saak met die Here reg, want wanneer die basuin blaas en die roepstem uitgaan om die Bruidegom tegemoet te gaan, sal dit te laat wees om die ontbrekende olie van die Heilige Gees te kry, waarsonder geen mens waardig sal wees om voor Christus te verskyn nie. Hy het ’n volkome werk van verlossing gedoen om ons vir hierdie ontmoeting geskik te maak.

Paulus sê dat die Here Jesus Homself oorgegee het om die gemeente te heilig nadat Hy dit gereinig het, “sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees” (Ef. 5:25-27). Na die eerste reiniging van ons sondes moet ons volkome heilig gemaak word na gees, siel en liggaam, sodat ons onberispelik kan wees op die dag van Jesus Christus (1 Thess. 5:23-24).

Dit is elkeen van ons se verantwoordelikheid om baie seker te maak wat ons geestelike stand voor die Here is. Sommige kerklidmate is ongered en het net die naam dat hulle Christene is, maar in werklikheid is hulle geestelik dood (Op. 3:1). Ander is wel gered, maar hulle is vleeslik, soos klein kindertjies in Christus, vol twis, jaloersheid en tweedrag, terwyl hulle soos die golwe van die see geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering (1 Kor. 3:1-3; Ef. 4:14; Gal. 5:17). Net ’n relatief klein groep kan van heiligmaking en oorwinning in hulle geestelike lewe getuig. ’n Kenmerk van hulle lewe is dat hulle werke doen wat by die bekering pas – dit is die vrug van die Heilige Gees wat die Here in elkeen van sy kinders se lewens soek. Hulle het nie hulle talente in ’n doek toegedraai nie, maar in die Here se diens gebruik.

Terwyl donker wolke van oorloë en gerugte van oorloë besig is om oor die Midde-Ooste én die hele wêreld saam te pak, gepaard met geestelike en morele verval wat ongekend in die ganse geskiedenis van die mensdom is, asook ’n ekonomiese krisis van apokaliptiese afmetings wat besig is om alle lande in sy wurggreep te kry, kan ons enige tyd die verskyning van die blink Môrester bokant ’n donker horison verwag. Is jy hiervoor gereed, want tydens sy geheime koms net voor die verdrukking, kom Hy net vir dié wat Hom tot saligheid verwag (Heb. 9:28).

4. Die Letterlike Vervulling van Israel se Sewe Feeste

Daar is wêreldwyd onder Christene ’n toenemende belangstelling in die vervulling van Israel se sewe groot feeste, en dit is die rede waarom duisende van hulle jaarliks die Christelike viering van die sewende fees, naamlik die Loofhuttefees, in Jerusalem bywoon. Baie mense ondersoek nou die dieper betekenis en profetiese toepassing van hierdie feeste en verkry só nuwe insig in Bybelse waarhede.

Die siklus van die sewe groot godsdienstige feeste wat volgens Levítikus 23 jaarliks deur Israel gevier word, werp duidelike lig op die raadsplan van die Here vir die redding en geestelike toekoms van Israel en die nasies. Ons kan hierin die heilsweg volg wat by die kruis en die eerste reiniging van ons sonde begin, na die opstandingslewe en die vervulling met die Heilige Gees voortgaan, en daarna deur die lang pad van wêreldevangelisasie tot aan die einde van die kerkbedeling lei. Hierna vind die wegvoering van die ware kerk plaas, dan die verdelging van die goddelose koninkryke tydens die verdrukking van sewe jaar, gevolg deur die openbare koms van Christus en die vestiging op aarde van sy koninkryk van vrede en geregtigheid.

Die Here bevestig in sy Woord dat hierdie feeste nie menslik in oorsprong is nie, maar deur Homself ingestel is om sy plan vir die verlossing van die verlore mensdom bekend te maak. Met die oog op die toekomstige vervulling daarvan, moet die feeste jaarliks in die regte volgorde gevier word: “Dit is die feestye van die HERE … wat julle moet uitroep op hulle bepaalde tyd” (Lev. 23:4). Die sistematiese opeenvolging van die sewe feeste weerspieël ’n duidelike profetiese program.

Omdat hierdie feeste op ’n finale vervulling in die Messias dui, is hulle in hul oorspronklike vorm “’n skaduwee van toekomstige dinge; maar die liggaam [m.a.w. hulle profetiese substansie] behoort aan Christus” (Kol. 2:16-17). Al sewe is Christusfeeste wat in Hom konkrete gestalte verkry. Die feeste is in twee groepe verdeel – die eerste groep van vier is almal vervul tydens gebeure rondom Christus se eerste koms, tot en met die uitstorting van die Heilige Gees, terwyl die laaste drie op gebeure rondom sy wederkoms dui. Die lang tydsverloop tussen die twee groepe feeste dui profeties op die kerkbedeling wat tussen die Here Jesus se eerste en tweede koms verloop.

’n Baie belangrike aspek van hierdie feeste wat in ag geneem moet word, is dat hulle in hul oorspronklike, skaduagtige vorm, aan Israel gegee is om te onderhou sodat hulle op die koms van die Messias voorberei kon word. In die feeste se vervulde, Nuwe-Testamentiese vorm is hulle egter vir alle mense op aarde ter sake omdat dit ’n bloudruk bevat van God se verlossingsplan vir die hele mensdom. Die oomblik toe die eerste van die sewe feeste vervul is, het die perspektief vanaf Israel na die hele wêreld verskuif, en was dit die Here se opdrag aan sy dissipels dat alle mense daarvan moes kennis neem omdat God se verlossingsplan vir hulle almal bedoel is – niemand word uitgesluit nie. Die sewe feeste en hulle toepassings is die volgende:

1. Die Pasga (Paasfees)

Die Pasga word in Nisan gevier, wat die eerste maand op Israel se godsdienstige kalender is. Dit is die lentemaand in die noordelike halfrond – dan is dit gewoonlik Maart op die Gregoriaanse kalender. Israel het ’n maankalender waarin elke maand met die nuwemaan begin. Benewens die godsdienstige kalender het hulle ook ’n siviele kalender wat ses maande later, tydens die herfsmaand op 1 Tisjri begin (meesal in September). Hulle noem daardie dag die *Rosh Hashanah,* of Nuwejaar. Op die godsdienstige kalender is Tisjri die sewende maand. Volgens Exodus 12:2 het die Here die orde van die maande op Israel se kalender tydens hulle uittog uit Egipte verander sodat Nisan die eerste maand geword het. Die lentemaand simboliseer die begin van ’n nuwe lewe van bevryding ná vier eeue van Egiptiese ballingskap en slawerny aan sonde. Israel het egter nie hulle siviele kalender wat op *Rosh Hashanah* begin, laat vaar nie en gebruik vandag nog steeds albei kalenders.

Die eerste van die jaarlikse feeste begin met die volmaan in Nisan (twee weke ná die nuwemaan is dit altyd volmaan): “In die eerste maand, op die veertiende van die maand, teen die aand, is die pasga van die Here” (Lev. 23:5). Met die instelling van die pasga is die eerste formele riglyne gelê waarvolgens God se verlossingsplan vir die mens 1 500 jaar later sy finale vervulling met die kruisdood van Jesus Christus sou verkry. Moses het aan Israel gesê: “Julle moet ’n lam hê sonder gebrek, ’n jaaroud rammetjie. … En julle moet dit in bewaring hou tot die veertiende dag van hierdie maand; en die hele vergadering van die gemeente van Israel moet dit slag teen die aand. En hulle moet van die bloed neem en dit stryk aan die twee deurposte en aan die bo-drumpel. … Want Ek sal in hierdie nag deur Egipteland trek en al die eersgeborenes in Egipteland tref. … Maar die bloed sal vir julle ’n teken wees … as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees nie” (Ex. 12:5-7,12-13).

Die sewe feeste begin by die slag van ’n lam. Die vervulling van die Pasga was tydens die kruisiging van die vlekkelose Lam van God wat in die volheid van die tyd mens geword het om vir ons sy lewe af te lê. Petrus het na die groot offer van die Lam verwys toe hy gesê het: “…julle weet dat julle nie deur ... silwer of goud losgekoop is uit julle ydele lewenswandel ... nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van ’n lam sonder gebrek en vlekkeloos” (1 Pet. 1:18-19). Paulus voeg hierby: “In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade” (Ef. 1:7).

Jesus is op Vrydag die 14de Nisan (11 April 32) gekruisig, op die dag van die Pasgaviering van daardie jaar. Hy het op die negende uur (3 nm.) die asem uitgeblaas (Mark. 15:34-37), op presies dieselfde uur toe die lam tydens die eerste Pasga in Egipte geslag is. Pilatus was verwonderd dat Jesus so gou gesterf het, en het toestemming vir sy begrafnis verleen (Mark. 15:42-45). Dit is nog voor die Vrydagaand 6-uur afgehandel toe die Sabbat sou begin en niemand dan begrawe mag word nie (Luk. 23:52-54; Joh. 19:31). Volgens die Jode se stelsel van inklusiewe tydsberekening word ’n gedeelte van ’n dag ook as ’n volle dag beskou, daarom hoef daar nie 72 uur te verloop tussen Christus se kruisiging op ’n Vrydagmiddag en sy opstanding vroeg op die Sondagoggend nie.

Van die oomblik af dat Christus die losprys vir ons sonde betaal het, is die vervulling van die sewe feeste direk ter sake vir alle mense op aarde. Johannes die Doper het nog voor

Jesus se kruisiging na Hom gewys en gesê: “Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!” (Joh. 1:29). Hy sou nie net vir Israel se sonde sterf nie, maar ook vir dié van die hele wêreld. Na sy soendood sou Hy Homself verder deur die oorblywende ses feeste openbaar.

2. Die Fees van die Ongesuurde Brode

Die tweede fees volg sonder onderbreking op die eerste een en is ’n direkte uitvloeisel daarvan: “…en op die vyftiende dag van hierdie maand is die fees van die ongesuurde brode van die HERE; sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet” (Lev. 23:6).

Volgens Johannes 19:31 was die Sabbat wat direk op Christus se kruisiging gevolg het, ’n groot dag. Die rede hiervoor was dat dit tegelyk die weeklikse Sabbat en die belangrike eerste dag van die Fees van die Ongesuurde Brode was. Vir die ortodokse Jode is die betekenis van hierdie fees in selfondersoek en verootmoediging geleë. Suurdeeg is ’n beeld van sonde, daarom simboliseer die eet van ongesuurde brood die nastreef van ’n heilige lewe. Tydens die volle duur van die fees moes suurdeeg, en selfs ook krummels van gesuurde brood, uit hulle huise verwyder en seremonieel verbrand word (Ex. 12:15). Daar word ook van die Messias se volgelinge verwag om hulleself geestelik te reinig van die suurdeeg van sonde en ongeregtigheid.

Ons moet onsself ook só met Christus as die ongesuurde brood van die lewe vereenselwig dat ons alle suurdeeg van sonde sal aflê. Paulus sê: “Weet julle nie dat ’n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie? Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle ’n nuwe deeg kan wees – soos julle inderdaad ongesuurd is – want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid” (1 Kor. 5:6-8).

Soos die Jode van ouds hulle huise op hul knieë in kerslig deursoek het om elke krummel brood wat met suurdeeg gebak is, uit te werp, moet ons ook op ons knieë in die lig van God se Woord ons lewens deursoek en van alle ondeug en boosheid afstand doen. Sonde moet bely en laat staan word (Spr. 28:13). Selfondersoek en hertoewyding aan die Here moet gereelde aktiwiteite in ons geestelike lewe wees. Dawid het gebid: “Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes; en kyk of daar by my ’n weg is van smart, en lei my op die ewige weg!” (Ps. 139:23-24).

3. Die Fees van die Eerstelinge

Die verdere feeste is almal aan verskillende stadiums van die jaarlikse insameling van die oes in Israel gekoppel, en telkens word daar ’n diep geestelike toepassing daarvan gemaak. Die derde fees staan as die Fees van die Eerstelinge bekend: “Spreek met die kinders van Israel en sê aan hulle: As julle in die land kom wat Ek julle gee en sy opbrings oes, moet julle die eerstelingsgerf van julle oes na die priester bring. En hy moet die gerf voor die aangesig van die HERE beweeg, sodat julle welgevallig kan wees; die dag ná die Sabbat moet die priester dit beweeg” (Lev. 23:10-11).

Israel is ’n winterreënvalgebied en gedurende die lente word die eerstelingsgerf van die gars as ’n beweegoffer voor die Here gebring. Dit moes uitdruklik op ’n Sondag geskied

(die dag ná die Sabbat), en sou ook die besonder gewigtige betekenis hê om die volk vir God welgevallig te maak. Met hierdie fees is dus iets veel meer op die spel as net die jaarlikse insameling van die oes, want iets belangrik moet gebeur wat die volk geestelik aanneemlik maak vir God.

Omdat die Pasga ook in die lentemaand gevier word, is die Fees van die Eerstelinge in sy tydsbepaling én betekenis baie nou aan die Pasga verbonde. Tydens die uittog uit Egipte was die gars, wat effens vroeër as die koring ryp word, reeds in die aar (Ex. 9:31). In die lentemaand is Israel uit Egipte bevry en het aan die begin van ’n nuwe lewe gestaan. ’n Ontmoeting met die Lam van God wat ons sondes wegneem, is ook vir ons die begin van ’n nuwe lewe in die Here. Ons moet aan sy dood én opstanding gelykvormig word (Rom. 6:5).

In die jaar toe Jesus gekruisig is, is die beweegoffer van die eerstelingsgerf op die Sondagoggend gebring toe Hy uit die graf opgestaan het. Dit was die dag ná die Sabbat, m.a.w. die eerste dag van die week: “…nadat Hy opgestaan het, vroeg op die eerste dag van die week, het Hy eers verskyn aan Maria Magdalena” (Mark. 16:9).

Die koringkorrel wat in die grond geval en gesterf het, het op hierdie Sondagoggend sy eerste vrug opgelewer. Dit het die oesseisoen ingelui en die hele oes wat daarna ingesamel sou word, geheilig. Net Jesus alleen kon die eerstelingsgerf wees wat aan God geoffer is om die hele oes wat in sy Naam ingesamel word, te heilig en vir God welgevallig te maak. Hy is die eersteling wat uit die dood opgestaan het, en het dit sodoende vir baie mense moontlik gemaak om uit die dood van die ou lewe op te staan en deel van die groot oes vir die koninkryk van die hemel te word.

Dit is belangrik om te let op die bepaling dat hierdie fees spesifiek op ’n Sondag gevier moes word. Dit verteenwoordig profeties ’n oorgang van die ou verbond na die nuwe verbond. Sondag is die eerste dag van ’n nuwe week, of dispensasie, in God se raadsplan vir die mens. In hierdie bedeling word die opstanding van Jesus spontaan elke week op Sondae as die dag van die Here gevier. Die fees van die eerstelingsgerf in Levítikus 23 is die vroegste aanduiding in die Ou Testament van ’n toekomstige Sondagviering as ’n Christusfees. Op dié dag verkondig ons die boodskap: Hy het opgestaan, Hy leef! Die Here Jesus self het op die Sondag van sy opstanding die eerste byeenkoms van die nuwe bedeling toegespreek, asook ’n week later, weer op ’n Sondag, die tweede een (Joh. 20:19-29). Daarna het die dissipels spontaan op Sondae bymekaargekom (vgl. Hand. 20:7 en 1 Kor. 16:1-2), terwyl die uitstorting van die Heilige Gees as die geestelike toerusting vir wêreldevangelisasie, ook op ’n Sondag plaasgevind het.

4. Die Pinksterfees

Die Pinksterfees staan ook as die Fees van die Weke bekend omdat dit presies sewe weke ná die Fees van die Eerstelinge gevier word: “Dan moet julle tel van die dag ná die Sabbat, van die dag af as julle die beweegoffergerf bring – sewe volle weke moet dit wees; tot die dag ná die sewende sabbat moet julle vyftig dae tel; dan moet julle ’n nuwe spysoffer aan die HERE bring” (Lev. 23:15-16).

Dit is betekenisvol dat hierdie fees ook op ’n Sondag gevier word – die dag ná die sewende Sabbat. Daar is vyftig dae in hierdie sewe weke. Volgens die gebruik van inklusiewe berekening is daar agt Sondae omdat beide die eerste en die laaste Sondag as volle dae getel word. Die fees van die vyftigste dag word die Pinksterfees genoem, afgelei van die Griekse woord “pentecoste” wat “vyftigste” beteken.

Op hierdie dag herdenk die Jode die formele begin van die bedeling van die wet. Hulle glo dat die bevryde Israeliete op die 50ste dag ná die viering van die Pasga en hulle uittog uit Egipte by die berg Sinai was waar Moses die tien gebooie ontvang het (Ex. 19:1-3). Dit was vir só ’n ortodokse Pinksterfees dat Jode uit verskillende lande in Jerusalem bymekaar was op daardie besondere Sondagoggend toe die Heilige Gees uitgestort is, soos in Handelinge 2 beskryf.

Die Christelike Pinksterfees is dus vervul op die dag waarop die Ou-Testamentiese Pinksterfees gevier is. Die 50 dae tussen die beweegoffer van die eerstelingsgerf en die Pinksterfees het aan die begin van die Nuwe Testament tussen die opstanding van Jesus en die uitstorting van die Heilige Gees verloop. Ná die Sondag van Jesus se opstanding het 40 dae tot by sy hemelvaart verloop (Hand. 1:2-3), en ’n verdere tien dae tot by die uitstorting van die Heilige Gees. Ná die Donderdag van die hemelvaart het die dissipels hulleself tien dae lank in die bovertrek verootmoedig en gebid om die belofte van die Heilige Gees te ontvang. Op die dag ná die sewende Sabbat sedert Paasnaweek is die Heilige Gees oor hulle uitgestort.

Die ortodokse Jode wat vir hulle Pinksterfees van die wet byeen was, het glad nie gemerk dat die wet oorgegaan het in die genade en dat die bedeling van die kerk onder alle nasies op daardie dag begin het nie. Hulle was geestelik verblind omdat hulle nie vir Jesus as die beloofde Messias en Lam van God wou aanvaar nie, daarom het hulle aan die skaduagtige Ou-Testamentiese feeste bly vashou en dit voortgesit tot vandag toe. Dit is net die Messiaanse Jode, asook Christene uit alle nasies, wat die vervulde Christusfeeste vier.

Wanneer die vervulling van die Pasga deur die kruisdood van Jesus nie erken word nie, bly die verlossingsplan van die Here vir die betrokke persoon ’n verborgenheid. Sulke mense gaan voort om die skaduagtige gebruike van die Ou Testament voort te sit, insluitend die viering van die weeklikse Sabbat op die sewende dag. ’n Christen mag geen deel hê aan hierdie onvervulde feeste wat net van waarde was in die tyd voor die koms van Christus nie. Almal wat die vervulling van die eerste vier feeste ontken, verloën by implikasie ook die Messias wat dit vervul het.

Gelowiges het egter ter wille van die bevestiging en versterking van hulle geloof alle rede om die belangrike gebeurtenisse wat tydens Jesus se eerste koms plaasgevind het, te herdenk. Ons vier so dikwels as wat ons wil Nagmaal, maar veral ook tydens Paasnaweek, om die soendood en opstanding van die Lam van God in herinnering te roep. Hiermee saam gaan ook die selfondersoek en hertoewyding wat kenmerkend van die Fees van Ongesuurde Brode is (1 Kor. 5:6-8). Ons moet ten volle met Jesus Christus as die brood van die lewe identifiseer sodat ons sy heiligheid deelagtig kan word.

Die feit dat die Pinksterfees deur ’n aftelling van 50 dae aan die Paasfees gekoppel is, is ’n aanduiding dat dit wesenlik deel daarvan is. Dit staan in verband met die geestelike toerusting wat Christene nodig gehad het, en nog steeds nodig het, om getuies vir Jesus te kan wees wat geroep is om die wêreld te evangeliseer: “En Hy sê vir hulle: So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan, en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder. En julle is getuies van hierdie dinge. En kyk, Ek stuur die belofte van my Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte” (Luk. 24:46-49).

Die dissipels het hulleself inderdaad vir tien dae lank in Jerusalem verootmoedig voordat hulle met die Heilige Gees vervul is. Toe eers het hulle die krag ontvang om getuies vir Jesus te kon wees. Hy het net voor sy hemelvaart gesê: “Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde” (Hand. 1:8).

Op die dag toe die Heilige Gees uitgestort is, het die dissipels in ’n aantal bekende tale gepraat wat deur hoorders uit vyftien verskillende lande of volke verstaan is, hoewel die dissipels self nie al dié tale en dialekte geken het nie (Hand. 2:6-12). Dit was duidelik ’n transisionele gawe tydens die oorskakeling van ’n Israelgeoriënteerde evangelie na ’n evangelieboodskap wat op die geestelike behoeftes van alle volke en tale op aarde ingestel is. Die vervulling van die sewe feeste het ten nouste met die redding van alle mense te doen, daarom moet almal in hulle eie taal oor die hele raad van God vir die redding van ’n verlore mensdom ingelig word.

Die insameling van die oes

Ná die Pinksterfees volg daar ’n onderbreking van vier maande waarin die oes ingesamel word. Aan die einde hiervan, in die sewende maand op Israel se godsdienstige kalender, word die oorblywende drie feeste kort ná mekaar gevier. Die lang periode tussen die twee groepe feeste dui profeties op die bedeling van die kerk, waartydens ’n oes vir die koninkryk van die hemele ingesamel word. Dit is ’n tyd waarin volgehoue arbeid in die oeslande verrig moes word sodat die opgelegde taak binne die toegelate genadetyd afgehandel kon word. Jesus het sy dissipels só tot aksie aangespoor: “Sê julle nie: Dit is nog vier maande dan kom die oes nie? Kyk, Ek sê vir julle, slaan julle oë op en aanskou die lande dat hulle al wit is vir die oes” (Joh. 4:35).

Jesus het vir agnostiese Jode gesê wat Hom tydens sy eerste koms verwerp het: “Julle sal My van nou af sekerlik nie sien nie totdat julle sal sê: Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!” (Matt. 23:39). Die voegwoord “totdat” beteken “tot op die oomblik dat...”, en impliseer dus baie duidelik ’n einde aan die lang tydperk van Israel se nasionale ongeloof. Wanneer Christus terugkom, sal Hy sy voete op die Olyfberg in Jerusalem sit (Sag. 14:4-5), en dit veronderstel dat die Bybelse inwoners van Jerusalem (die Jode) terug moet wees in hulle land. Tydens hierdie tweede ontmoeting sal hulle Hom nie weer verwerp nie, maar ten volle aanvaar. Hulle sal opsien na Hom vir wie hulle deurboor het, en bitterlik oor Hom ween (Sag. 12:10). Die hele oorblyfsel van Israel sal dan met Hom versoen word.

Die Here Jesus het weer die woord “totdat” gebruik toe Hy vir die Joodse volksleiers gesê het: “Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is” (Luk. 21:24). Wanneer Hy aan die einde van die verdrukking, ná die bedeling van wêreldevangelisasie, op die Olyfberg neerdaal, sal die herstel van Israel en Jerusalem ’n finale stadium bereik. Hy sal deur die Kidronvallei en die oospoort wat tans nog toegebou is, na die Tempelberg opgaan en die vervalle koninkryk van Dawid weer oprig (Luk. 1:32; Hand. 15:16-17). Dan sal die vertrapping van Jerusalem finaal beëindig word, want die Tempelberg is tans nog onder die beheer van Moslems.

Paulus Het ook na Israel se lang tyd van geestelike verharding verwys, en aangetoon dat dit met die bedeling van wêreldevangelisasie sou saamval, waarna Israel as volk gered sal word: “...die verharding het ten dele oor Israel gekom totdat die volheid van die heidene (dit is die nie-Joodse volke) ingegaan het; en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en die goddelooshede van Jakob afwend” (Rom. 11:25-26).

Israel se progressiewe eindtydse herstel is vir ons ’n vaste aanduiding dat die tye van die nasies, m.a.w. die tyd van wêreldevangelisasie, na sy einde spoed. Daarna sal die laaste drie feeste vervul word, waarna die koninkryk van God as ’n sigbare werklikheid op aarde gevestig sal word.

5. Die Fees van Basuingeklank

Die sewende maand (gewoonlik in September) is die einde van die oesseisoen en dit word ingelui deur ’n heilige dag van basuingeklank: “Spreek met die kinders van Israel en sê: In die sewende maand, op die eerste van die maand, moet dit vir julle ’n rusdag wees, ’n gedenkdag deur basuingeklank, ’n heilige vierdag” (Lev. 23:24). Die ortodokse Jode blaas op hierdie dag, asook op die 2de Tisjri, op verskillende tye van die dag die ramshoring (*shofar*) in hulle sinagoges. Op die tweede dag, teen die aand, blaas die laaste basuin om die finale insameling van die oes aan te kondig. Dit is nie die laaste van alle basuine nie, maar die laaste basuin van die oesfees.

Die fees van die basuine sal vervul word wanneer Jesus Christus die hemelse oes onder alle nasies insamel. Paulus sê: “Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ’n geroep, met die stem van ’n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees” (1 Thess. 4:16-17).

In Israel se feesprogram volg daar ná die 1ste en 2de Tisjri die sogenaamde “sewe verskriklike dae” waarin gelowige Jode hulleself verootmoedig, vas, hulle sondes bely en goed aan andere doen sodat hulle die guns van die Here kan wen. Dit word gedoen as voorbereiding vir die groot versoendag wat op die 10de van Tisjri gevier word, sodat die Here hulle moet seën en nie verwerp en veroordeel nie.

Hierdie sewe dae dui profeties op die sewe jaar van die verdrukking, wat Daniël se 70ste jaarweek sal wees (Dan. 9:27). In tye van groot benoudheid sal Israel en die nasies óf die ware Messias soek en aanneem, óf tot hulle eie ondergang ’n verbond met die valse Messias sluit.

6. Die Groot Versoendag

Die Groot Versoendag (*Yom Kippur*) is die belangrikste godsdienstige feesdag in Israel, en dit was tradisioneel die enigste dag van die jaar waarop die hoëpriester die Allerheiligste agter die voorhangsel kon binnegaan om versoening vir die volk se sondes te doen: “Op die tiende van hierdie sewende maand is dit die versoendag. ’n Heilige vierdag moet dit vir julle wees; dan moet julle jul verootmoedig en aan die Here ’n vuuroffer bring” (Lev. 23:27).

Hierdie fees sal profeties vervul word wanneer die Messias met sy wederkoms sy voet op die Olyfberg sit en elke oog Hom sal sien, ook hulle wat Hom deursteek het. Op daardie dag sal Hy met Israel as volk versoen word. Dan sal daar, volgens Daniël 9:24, ewige geregtigheid vir Israel aanbreek, en dit sal ook in die heerlikheid van die ten volle herstelde Jerusalem gesien kan word. Op hierdie baie dramatiese dag ná die groot verdrukking sal daar ook ’n oorblyfsel van die nasies met Christus versoen word. Volgens Matthéüs 24:29-30 sal al die stamme van die aarde rou bedryf oor hulle sonde wanneer hulle die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel.

Vir ons as Christene is die kruisiging die Groot Versoendag, maar talle ongereddes in Israel en die nasies sal eers tydens Jesus se wederkoms sy soenoffer aanvaar en ween oor hulle sonde. Hulle grootste sonde sal wees omdat Hom as Verlosser van die wêreld verwerp het.

7. Die Loofhuttefees

“Op die vyftiende dag van hierdie sewende maand is dit sewe dae lank die huttefees vir die Here. … Sewe dae lank moet julle in hutte woon; almal wat in Israel gebore is moet in hutte woon, sodat julle geslagte kan weet dat Ek die kinders van Israel in hutte laat woon het toe Ek hulle uit Egipteland uitgelei het. Ek is die HERE julle God” (Lev. 23:34,42-43).

Hierdie is ’n vreugdefees wat ná die finale insameling van die oes gevier word om die Here vir al sy weldade van daardie betrokke jaar te bedank, insluitend die oes wat gemaak is. Tweedens het dié fees ’n terugwaartse verwysing na die uittog uit Egipte toe die kinders van Israel in hutte in die woestyn gebly het. Ter herinnering hieraan slaap baie mense nou ook tydens die fees in hutte of onder takskerms in hulle tuine en dank die Here dat Hy hulle voorvaders veilig deur die gevaarlike woestyn gelei en na die Beloofde Land gebring het. Derdens het die fees ’n toekomsgerigtheid deurdat dit duidelik met die koms van die Messias verbind word. Dan sal die oes onder Israel en die nasies ingesamel wees en die Messias op aarde uit Jerusalem regeer.

Met die koms van Christus sal die loofhuttefees in volle vervulling gaan. Dan sal ons saam die Here loof vir ons verlossing uit die slawerny van sonde, en ook omdat Hy ons in moeilike tye in ons pelgrimsreis op aarde deurgedra het totdat ons ons ewige tuiste bereik het. Vir die groot oes van gelowiges wat ingesamel is, sal eer en danksegging aan Hom gebring word. Hierdie fees sal dus ook ’n wêreldwye vervulling hê.

Persoonlike belewenis

Wat is jou persoonlike belewenis van hierdie Christusfeeste? Elke geredde mens se geestelike pelgrimsreis begin by die Lam wat vir ons geoffer is, m.a.w. by die kruis van Jesus waar die straf vir ons sonde betaal is. Ná die belydenis en aflegging van ons

sondes, staan ons saam met Christus in ’n nuwe lewe op. Hierna gaan ons voort om deur verootmoediging en ’n volle oorgawe op die vervulling met die Heilige Gees te wag. Die toerusting met krag uit die hoogte stel ons in staat om getuies vir Jesus te wees en betrokke te raak by die insameling van die oes vir die koninkryk van die hemele. Hiermee wil die Here ons besig vind wanneer die basuin vir die ontmoeting met Hom weldra sal blaas.

Diegene wat agterbly wanneer die Here sy kinders kom haal, sal die grootste verdrukking van alle tye onder die tirannie van die Antichris in die gesig staar. Wanneer die heiliges ná sewe jaar saam met Christus terugkeer aarde toe, word die Antichris se ryk by die slag van Armagéddon verdelg en die Messiasryk op aarde gevestig. Om in die finale triomf van die Here Jesus te deel, moet ons die hele pad met Hom loop en ook ondervind wat dit is om deur die wêreld verdruk en verwerp te word. Dit is slegs as ons saam met Hom ly, dat ons ook saam met Hom verheerlik sal word en saam met Hom sal regeer (Rom. 8:17; Fil. 1:28-29; 2 Thess. 1:5; 2 Tim. 2:12; 1 Pet. 5:10).

Omdat die volgelinge van Jesus ’n moeilike en smal paadjie moet bewandel, is baie van hulle nie bereid om hulle kruis op te neem en as dissipels van Christus hulle lig in ’n bose wêreld te laat skyn nie (Luk. 9:23). Hulle skuif liewer die swaarkry, opofferings en lyding eenkant toe en eis nou reeds die voordele van probleemvryheid, koningskap en oorvloed op wat eers in die vrederyk ons deel sal wees. Die waarheid is dat hulle nie regtig die kruis wil opneem waaraan hulle vir die wêreld en die wêreld vir hulle gekruisig is nie. Die koste om die dikwels eensame paadjie van diensbaarheid en stryd saam met die Here Jesus te bewandel, is vir hulle té hoog.

In Egipte was daar slegs redding vir diegene wat onder die bloed van die lam geskuil het. Hulle het met ’n reis begin wat ná baie toetse en beproewings uiteindelik na die Land van Belofte gelei het. Is jy ook op hierdie reis, en maak jy vordering in jou geestelike lewe? Die jaarlikse feeste, as uitdrukkings van ons geloof in Christus, is bedoel om tye van verkwikking voor die aangesig van die Here te wees (Hand. 3:19). Dit versterk jou visie en toewyding, en jy word opnuut met krag uit die hoogte toegerus om jou roeping as Christen in ’n bose wêreld te kan vervul.

5. ’n Demoniese Strategie vir die Misleiding van Israel

Inleiding

Ons is om verskillende redes dank verskuldig aan Israel, maar hoofsaaklik omdat hulle die Woord van God ontvang en opgeteken het, en dit tot ons beskikking gestel is deur die bediening van eerste geslag Joodse evangeliste. Die verbondsvolk Israel is egter, net soos die nie-Joodse volke, blootgestel aan intensiewe, demoniesgeïnspireerde misleiding – om ons almal van ons geestelike erfenis in die Messias, Jesus Christus te beroof. Alle volgelinge van die Messias behoort dit as hulle hoogste roeping te aanvaar om: (a) die ware evangelie met sy vrymakende krag aan alle volke te verkondig, beginnend by die Jode; en (b) om alle mense te waarsku, maar veral ook vir Israel, teen die vernietigende gevolge van geestelike misleiding. In hierdie artikel word die duiwel se strategie vir die geestelike verblinding van Israel bespreek. Slegs die lig van die ware evangelie kan die duisternis van misleiding verdryf. Die Messias is vol van genade en waarheid (Joh. 1:14) en sy Woord is die enigste tydlose standaard vir Goddelike waarheid.

Die doel met misleiding

Geestelike misleiding is ’n baie algemene kenmerk van die laaste dae in die kerkbedeling. Een van die belangrike redes vir hierdie verskynsel is dat die wêreld deur godsdienstige bedrog voorberei word om ’n valse Messias in plaas van die ware Messias te aanvaar. Sodoende onderwerp hulle hulself, sonder dat hulle dit altyd besef, aan oorheersing deur die valse teologie van die renegaatkoninkryk van “die god van hierdie wêreld” (2 Kor. 4:4). Dié soort misleiding vind plaas onder alle nasies, en spesifiek ook onder die volk Israel. Foutiewe idees oor die persoon en identiteit van die Messias is baie populêr onder oningeligte, postmoderne samelewings waarin mense van die Woord van God vervreem geraak het. Volgens alle aanduidings sal godsdienstige misleiding uiteindelik na ’n wêreldwye beweging lei waarin feitlik alle mense verwonderd agter die Antichris sal aangaan en hom ook as die “verlosser” van die wêreld sal aanbid (Op. 13:3-4).

Die Joodse volk, by uitstek, word aan intensiewe demoniese misleiding blootgestel omdat ’n gelowige oorblyfsel van hulle volgens die Bybel bestem is om met die ware Messias versoen te word, en daarna as God se volk ’n belangrike rol in die duisendjarige vrederyk te vervul. Die sinistere doel met die veldtog van misleiding is dat die Jode steeds die ware Messias, Jesus Christus, sal verwerp en hardkoppig sal aanhou om te wag vir ’n ander Messias, wat Satan se vervalsing is.

Die ernstige implikasies daarvan om Hom as Messias en Verlosser te verwerp, is deur die Here Jesus aan Israel uitgewys, naamlik dat hulle geestelik ’n verkeerde weg sou inslaan wat sou lei tot die navolging van valse profete en valse christusse, en uiteindelik ook van die valse Messias: “Ek het gekom in die Naam van my Vader, en julle neem My nie aan nie. As ’n ander een in sy eie naam kom, hóm sal julle aanneem” (Joh. 5:43).

Die duiwel se oogmerk is om saam met Israel ook die ganse Christelike kerk van die ware Christus afvallig te maak, sodat hy die hele misleide wêreld onder die gesag van sy valse Christus kan plaas (2 Kor. 11:2-4). In hierdie artikel kyk ons egter spesifiek na die misleiding waaraan Israel onderwerp word, omdat hierdie volk volgens ’n groot aantal profetiese beloftes ’n sentrale rol in die openbaring en funksionering van God se koninkryk op aarde gaan speel. Die volgende is die vier belangrikste beloftes wat in die eindtyd in verband met Israel in vervulling sal gaan:

- Die hele oorblyfsel van Israel sal gered word wanneer Christus aan die einde van die verdrukking na Jerusalem terugkeer en sy voete op die Olyfberg sit (Sag. 14:4-5; Rom. 11:26; Sag. 12:10; 13:9; Jer. 31:31-34).
- Die geredde Israel sal almal in hulle eie land herstel word en veilig daar woon (Jes. 11:11-12; Jer. 23:6; 31:7-8; Eseg. 39:25-29).
- Israel sal die Here se spesiale getuies onder die nasies wees en die wêreld vol vrugte

maak vir God se koninkryk (Jes. 27:6; Rom. 11:12).

- Die troon van Dawid sal in Jerusalem herstel wees, die Messias sal daar regeer en al die nasies sal daarheen optrek om deur Hom geleer te word (Hand. 15:16-17; Jes. 2:2-4; Jer. 3:17; Sag. 8:22-23; 14:16).

Bogenoemde is almal belangrike kenmerke van die geopenbaarde koninkryk van God op aarde, en dit is duidelik dat Israel 'n sentrale rol daarin sal speel. Dit sal alles ten koste van die Antichris se valse koninkryk tydens die sewe jaar-lange verdrukking gebeur, en dit is die groot rede waarom die duiwel alles moontlik in werking stel om die vervulling van die beloftes oor Israel se herstel en Christus se wederkoms te voorkom. Hy besef baie goed dat as hy Israel se fisiese én geestelike herstel in hulle land kan verhoed, en ook hulle Messias kan oorwin en doodmaak wanneer Hy weer kom (Op. 19:19), hy die Bybel verkeerd sal bewys en dan die Antichris se sataniese koninkryk onbepaald sal kan voortsit. Ons nader nou 'n baie intensiewe en deurslaggewende fase in Satan se rebellie teen die koninkryk van God.

'n Tweeledige aanslag

Daar word duidelik twee verskillende strategieë in die stryd teen Israel gebruik.

Die eerste een is op hulle fisiese vernietiging ingestel, en met die oog hierop hits die duiwel Israel se vyande aan om hulleself te bewapen en Israel as volk te verdelg. Ons lees oor hierdie bose plan in Psalm 83:5: "Kom, laat ons hulle vernietig, dat hulle geen volk meer is nie, sodat aan die naam van Israel nie meer gedink word nie." Israel is onophoudelik by vyandighede en oorloë teen die volke rondom hulle gewikkel. Dit is inderdaad 'n stryd om oorlewing, en as gevolg van hierdie bedreiging het hulle 'n verhoogde verwagting op die koms van die Messias sodat Hy hulle finaal kan verlos.

Die tweede strategie is baie subtiel maar net so vernietigend vir die voortbestaan van die volk. Hierdie strategie het betrekking op geestelike misleiding en is daarop gerig dat Israel nie geestelik moet ontwaak om gered te word sodat hulle hul roeping as God se volk kan vervul nie. Op hierdie terrein benader die duiwel Israel nie as 'n wraakgierige vyand nie, maar kom soos 'n engel van die lig om 'n (valse) messias aan hulle te bied, saam met die herhalende beoefening van uitgediende godsdienstige gebruike. Op hierdie manier, hoop hy, sal hulle sy valse messias aanvaar en aanbid en sodoende totaal van die ware God vervreemd raak. 'n Omvattende program is ingestel vir die geestelike misleiding van Israel. Dit behels die volle herlewing van hulle Ou-Testamentiese, wettiese godsdiens, want dit sal verseker dat die meerderheid Jode nie Jesus Christus se evangelie van genade wat in die plek van die wet gekom het, sal aanvaar nie. Die volgende is aspekte van Israel se tradisionele geloof, waarin Christus glad nie as die vervulling van Messiaanse profesieë erken word nie:

Die tempeldiens

Israel se tradisionele godsdiens is rondom die tempeldiens gebou en kan nie tot sy reg kom sonder dat daar 'n ten volle funksionerende tempel in Jerusalem is nie. Moderne Israel is op die drumpel van die herlewing van hulle Ou-Testamentiese tempelkultuur en die terugkeer na hierdie gebruike sal verreikende gevolge hê vir die hele Joodse volk – insluitend hulle regeringsvorm. Die volgende hervormings word deur die leiers van die tempelprojek in die vooruitsig gestel:

- Die wortels van die Joodse kultuur moet volgens godsdiensleiers na die tempeldiens herlei word, daarom móét daar 'n tempel in die voorgeskrewe plek op die Tempelberg in Jerusalem wees. Die eindtydse herstel van Israel in hulle eie land word nie as volledig beskou voordat die tempel as die hoogste politieke, godsdienstige en kulturele instelling herbou en in bedryf gestel is nie. Die tempel word as die hart van Bybelse Jerusalem en die hele volk beskou. Hierdie sentiment word deur baie Jode gedeel, soos onder andere uit 'n groot aantal Joodse Facebook-inskrywings blyk.

- Volgens die ortodokse Joodse geloof kan daar geen versoening tussen God en die mens wees sonder dat daar gereelde offers in die tempel vir die vergifnis van die volk se sondes gebring word nie: “Sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie” (Heb. 9:22; Lev. 17:11). Ortodokse Jode wat nie die finale offer van die Messias as die Lam van God aanvaar nie (vgl. Joh. 1:29; Heb. 10:1-18), sien vir hulleself geen alternatief as om na die Ou-Testamentiese offerdiens terug te keer nie. Jode wat nie hierdie siening met hulle deel nie, word as afvalliges en selfs vyande van Israel beskou. Dit sluit al die Messiaanse gemeentes in waarin Jesus Christus as Messias en Verlosser verkondig word, en hulle ervaar groot teëstand van ortodokse Jode.
- ’n Nuwe vorm van internasionale verhoudings word deur die tempeldiens en sy geassosieerde teokratiese regeringsvorm in die vooruitsig gestel. Jesaja 2:2-4 word dikwels ter ondersteuning van hierdie visie aangehaal, omdat Jerusalem in dié gedeelte as ’n wêreldhoofstad beskryf word waarin ’n regering van geregtigheid vir alle nasies gevestig sal word. God sal regeer en dit sal daartoe lei dat alle vyandigheid tussen nasies gestaak word. Die bou van die sogenaamde “derde tempel” word met die koms van die Messias geassosieer en Hy sal Israel tot ’n seën vir alle nasies maak. Ortodokse Jode ontken egter dat Jesus die Messias is, daarom wag hulle noodwendig vir die valse Messias.

Voorbereidings vir die herbouing van die tempel is in ’n gevorderde stadium, en dit lei na groot verwagtings vir die spoedige koms van die Messias – dié een wat volgens ortodokse Jode die tempeldiens en die wet in ere sal herstel. Verskeie godsdienstige liggame wat tydens Israel se verstrooiing in onbruik geraak het, herleef nou om die tempelkultuur te help herstel.

Die nuwe Sanhedrin

Die Sanhedrin is ’n tradisionele Joodse raad van godsdiensleiers wat in Bybelse tye in Israel die hoogste regsplegende liggaam binne die raamwerk van die Tora was. Op 13 Oktober 2004, ná byna twee millennia, is daar weer ’n Sanhedrin in moderne Israel saamgestel. Hierdie liggaam geniet egter nie amptelike status in die land nie en word net deur ortodokse Jode erken. Die nuwe Sanhedrin bestaan uit 71 vooraanstaande rabbi’s en ander Joodse geleerdes.

Die stigters van die moderne Sanhedrin sê hulle doen net hulle plig om só ’n raad saam te stel. Gedurende die tyd van die tweede tempel (die tempel van Herodes in die eerste eeu) was daar ’n Sanhedrin wat in Joodse regspraak uit ’n godsdienstige oogpunt, met die hoogste gesag beklee was. Die 71 lede van die Raad het in ’n spesiale vertrek op die tempelterrein in die vorm van ’n halwe sirkel gesit.

Op byeenkomste van die huidige Sanhedrin word onder andere die moontlikheid van die herbouing van die tempel in Jerusalem bespreek. Rabbi Chaim Richman, een van die uitvoerende raadslede, het gesê dit is paslik dat die nuwe Sanhedrin met besinning oor die tempel begin, omdat die tempel van groot belang vir die kulturele en godsdienstige identiteit van die Joodse volk is. Hy het dit betreur dat die Joodse regering uit sekere gedeeltes van Israel se grondgebied onttrek en sodoende van Israel se droom van volle herstel afgesien het. Die Sanhedrin soek egter na maniere om die wortels van die Joodse geloof te versterk en Israel weer as die uitverkore volk rondom die tempeldiens en die Tora te verenig.

Die Sanhedrin erken glad nie die huidige demokratiese regering van Israel nie, en het dit vir hulleself ten doel gestel om vir die land ’n koning te kies. Dit plaas hierdie ortodokse leiers op ’n gevaarlike pad, omdat die valse messias homself as ’n afstammeling van koning Dawid sal voordoen en op Israel se koninklike troon aanspraak sal maak.

Hulle terugkeer na die eise van die Tora het die Raad vroeg in 2007 daartoe gelei om briewe aan alle regerings te skryf waarin hulle aandui dat die wêreld op ’n rampspoedige koers is. Hulle stel voor dat die tempel na aanleiding van Jesaja 2:2-4 in Jerusalem herbou word sodat God se teenwoordigheid weer ervaar kan word om vrede op aarde te verseker.

Om begryplike redes sal die Sanhedrin baie bly wees wanneer die valse messias op die toneel verskyn, want hy sal homself as die ware Messias voordoen en tot hulle harte spreek deur aan Israel die reg te gee om die tempel te bou. Groot ontnugtering sal egter hierop volg.

Die Tempelinstituut

Rabbi Chaim Richman van die Sanhedrin is ook hoof van die Tempelinstituut in Jerusalem. Hierdie Instituut is besig met die versameling en vervaardiging van meubelstukke, altare, en spesiale toerusting en kledingstukke vir priesters, wat vir die hervatting van die tempeldiens nodig is. Hulle het reeds ’n goue kandelaar en koperwaskom laat maak, asook ’n goue kroon vir die hoëpriester. Die kleed en mus van die hoëpriester is gereed, asook uitrustings vir 120 van die gewone priesters.

Al hierdie items moet nog gereinig word deur dit met spesiaal voorbereide reinigingswater te besprinkel (vgl. Num. 19:1-9). Hiervoor is dit nodig om eers ’n rooi vers te vind waaraan geen haar van ’n ander kleur is nie. Die vers moet dan geslag en verbrand word, sodat daar telkens ’n bietjie van die as vir die bereiding van heilige water gebruik kan word. Die probleem is egter dat die oorblyfsels van die vorige rooi vers se as eers gevind moet word en ter wille van kontinuïteit bo-op die huidige vers geplaas moet word wanneer dit ritueel verbrand word.

Argeoloë soek steeds na ’n houer met as uit die tyd van die tweede tempel, asook na die ark van die getuienis (die verbondsark) wat op ’n onbekende plek versteek is. Indien die as van die vorige rooi vers nie betyds gevind word nie, en daar ook nie in Israel ’n rooi vers gebore word wat aan die voorskrifte van die wet voldoen nie, kan die tempeltoerusting nie gereinig word nie.

Chaim Richman sê: “Die tempeltoerusting is in ’n toestand van onreinheid vervaardig, omdat almal van ons tans onrein is. Ons sal ook onrein bly totdat ons ’n rooi vers kry waarvan die as op die wyse wat deur die Tora voorgeskryf is, vir reinigingseremonies gebruik kan word. Indien geen rooi vers gevind kan word nie, beteken dit dat die hoëpriester op die Groot Versoendag die Allerheiligste in ’n toestand van onreinheid sal betree.”

Watter groot voordeel het ons nie in die Nuwe Testament nie, om deur die bloed van die Lam gereinig te word wanneer ons deur die geskeurde voorhangsel na die genadetroon van die Here toetree. Ons het nie aardse priesters as middelaars nodig nie, omdat ons ’n groot Hoëpriester het wat vir ons die weg berei het (Heb. 10:19-22). Ortodokse Jode verbeur deur hulle eie toedoen die voorreg om deur die bloed van die Lam besprinkel en van sondes gereinig te word.

Priesterskole

Verskeie Jode uit die stam van Levi word as priesters in spesiale priesterskole in Jerusalem en New York opgelei. Daar is 613 Ou-Testamentiese wette waarvan hulle kennis moet dra. In Julie 2007 is daar ’n groot konferensie vir priesters en Leviete in Jerusalem gehou. Jode met die van Cohen stam almal af van die heel eerste priester, Aäron, en mag dus as priesters opgelei word.

Nuwe brandofferaltaar

Die moderne Sanhedrin is só sterk ingestel op versoening met God deur middel van Israel se Ou-Testamentiese offerdiens, dat hulle in November 2009 volgens Bybelse voorskrifte met die oprigting van ’n brandofferaltaar begin het. Ná die voltooiing daarvan is uitnodigings aan Jode oral in die wêreld gestuur om die Paasfees van 29 en 30 Maart 2010 (’n rabbynse datum) in Jerusalem by te woon wanneer paaslammers geslag en offers op die nuwe altaar gebring sou word. Genoeg lammers sou aan Jode voorsien word om hierdie offers in ooreenstemming met Exodus 12 te bring.

Die Israelse regering het egter nie toestemming vir hierdie beplande offers verleen nie, uit

vrees dat dit kon lei na hernude onluste onder die Palestyne wat steeds beheer oor die Tempelberg het en sterk teen die herbouing van die Joodse tempel gekant is.

’n Nuwe benadering

Die opspraakwekkende nuus vanaf die Sanhedrin uit Jerusalem is dat die derde tempel ’n huis van gebed sal wees vir al die monoteïstiese gelowe, waarvan Judaïsme, die Christendom en Islam die belangrikste is. Die Here se woorde in Jesaja 56:7 word as regverdiging hiervoor aangehaal: “... want my huis sal ’n huis van gebed genoem word vir al die volke.” Hierdie stelling word verkeerdelik op ’n multigodsdienstige manier vertolk om ook erkenning aan die groot nie-Bybelse gelowe soos Islam te gee.

Daar is ’n Joodse webtuiste wat die idee van “God se heilige berg” vir alle gelowe aktief bevorder, naamlik www.godsholymountain.org/. Volgens huidige beplanning sal die tempeldiens met godsdienstige aktiwiteite in nabygeleë moskees en Rooms-Katolieke aanbiddingsplekke verenig word. Die uitvoerende direkteur van die Tempelinstituut, Jehuda Glick, sê dat daar op die koms van die Messias gewag word, want net Hy kan aan Israel toestemming verleen om die tempel te bou.

Die multigodsdienstige denke wat ten grondslag lê van die veldtog vir die herbouing van die tempel in Jerusalem, is presies in ooreenstemming met dit wat die Bybel oor die tempel van die komende verdrukking sê. Volgens Johannes sal daar in die eindtyd ’n valse messias op die toneel verskyn wat deur alle gelowe nagevolg en aanbid sal word: “En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan ... en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer? ... En aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie” (Op. 13:2-7).

Die belofte in Haggai 2:9 word ook oor die herboude tempel aangehaal: “Die toekomstige heerlikheid van hierdie huis sal groter wees as die vroeëre ... en op hierdie plek sal Ek vrede gee, spreek die Here van die leërskare.” Hierdie belofte word deur die Sanhedrin aan alle nasies voorgehou, maar sonder dat hulle van hul eie geloofsvorm afstand hoef te doen. Vooraanstaande ortodokse Jode het die multigodsdienstige idee van ’n tempel vir alle gelowe aanvaar. Dit is baie duidelik dat die valse Messias een of ander tyd sal opdaag om toestemming vir die bou van die derde tempel te verleen.

Regering van die Antichris

Die Antichris sal nie net deur Israel as hulle Messias-Koning erken word nie (vgl. Joh. 5:43), maar ook deur al die nasies van die wêreld. Hierdie valse vredevors sal internasionaal aanvaar en deur middel van formele verbonde as godsdienstige en politieke wêreldleier erken word. Die verbond met hom sal geldig wees vir ’n tydperk van sewe jaar, wat in Israel as ’n jaarweek bekend is. “Hy sal een week lank met baie ’n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar ’n verwoester wees” (Dan 9:27).

Die verdrukking van sewe jaar word duidelik in twee helftes verdeel. Die eerste helfte word deur ’n valse vrede gekenmerk, wanneer al die misleide gelowe die Antichris as hulle gemeenskaplike Messias sal erken. Die tweede helfte van die verdrukking word deur ’n militêre diktatuur gekenmerk, asook die gedwonge aanbidding van die Antichris as die God van hierdie wêreld. Alle nasies sal aan die begin van die jaarweek toegelaat word om met hulle eie godsdiens voort te gaan, op voorwaarde dat almal van hulle die nuwe wêreldleier as hulle gemeenskaplike messias erken, aanbid en navolg. Die Antichris sal dus die Messias vir die Jode wees, Christus vir die misleide Christene, Krisjna vir die Hindoes, die vyfde Boeddha vir die Boeddhiste en die Imam Mahdi vir die Moslems.

Al die groot godsdienste sal hulle agter hierdie selfverklaarde God-mens skaar – insluitend die vervalste Christelike kerke wat ná die wegraping nog feitlik teen volle sterkte sal funksioneer. Dit is dié kerke wat voor die tyd reeds die maagdelike geboorte, Godheid en opstanding van die ware Christus ontken en saam met baie ander fundamentele Christelike leerstellings verwerp het. As gevolg van hulle geestelike verraad teen die

evangeliese Christendom sal hulle ywerige navolgers van die valse Christus van alle gelowe wees en hulleself ten volle in sy wêreldwye sondekultuur uitleef. Die Bybel beskryf hierdie valse Christus in terme van sy werklike karakter as “die Antichris” (1 Joh. 2: 18) en “die mens van sonde” (2 Thess. 2:3).

Die bou van die derde tempel in Jerusalem sal 100% by die valse Messias se plan van aksie inskakel, omdat hy daardeur twee van sy doelwitte sal bereik: Eerstens sal hy verseker dat ortodokse Jode deur die herinstelling van diere-offers daarvan weerhou sal word om hulle toevlug na Christus en reiniging deur die bloed van die Lam te neem. Tweedens sal hy die Allerheiligste in die tempel gebruik om homself in die middel van die verdrukking tot God te verklaar en sodoende die finale stadium van sy rebellie teen God te bereik.

Só sterk sal die Antichris aangevuur word deur sy neiging tot selfvergoddeliking, dat hy homself uiteindelik as die onbetwiste God van alle mense sal verklaar. Hy sal homself dus bokant alle godsdienste verhef om nie net ’n messias vir hulle te wees nie, maar God self. Paulus beskryf hom as “die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is” (2 Thess. 2:4).

By hierdie geleentheid, ná 3½ jaar van verdrukking, sal die Antichris nie net Israel se daaglikse slagoffers en spysoffers in die herboude tempel verbied nie, maar ook alle ander godsdienste afskaf en selfs hulle aanbiddingsplekke laat afbreek of verbrand. Die dier en die konings wat saam met hom oor die wêreld regeer, “sal die hoer haat en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en haar met vuur verbrand” (Op. 17:16).

Die herlewing van Israel se ortodokse geloof tydens die bou van die derde tempel sal dus net 3½ jaar lank voortduur en in ’n groot tragedie vir hulle eindig. Die Here Jesus het duidelike raad aan Israel gegee oor wat om te doen op daardie onheilspellende dag wanneer die Antichris homself tot God verklaar en ’n afgodsbeeld van homself in die Allerheiligste van die tempel laat plaas. Israel sal onmiddellik besef dat hy ’n valse messias is en hulle verbond met hom verbreek. Hulle sal dan baie haastig uit Jerusalem en omstreke moet vlug, want die Antichris sal almal wat hom as God en Messias verwerp, met die banvloek probeer tref. Die ware Messias het hierdie vlug só beskryf:

“Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting [dit is die afgodsbeeld van die Antichris], waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom – laat hy wat lees, oplet – dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug; wie op die dak is, moet nie afkom om iets uit sy huis weg te neem nie; en wie op die land is, moet nie omdraai om sy klere weg te neem nie. Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog, in daardie dae. En bid dat julle vlug nie in die winter of op die Sabbat mag plaasvind nie. Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie” (Matt. 24:15-22).

Daniël het lank gelede reeds na hierdie eindtydse diktator verwys en gesê: “Deur hom sal leërs op die been gebring word en die heiligdom, die vesting, ontheilig, en hulle sal die voortdurende offer afskaf en die ontsettende gruwel (die afgodsbeeld van die dier) opstel. ... En dié koning sal doen net wat hy wil en homself verhef en groot hou bo enige god. ... [Hy sal] met groot woede uittrek om baie mense te verdelg en met die banvloek te tref” (Dan. 11:31, 36, 44).

Israel se voortgesette nasionale verwerping van Jesus se Godheid en Messiasskap baan die weg vir die sluiting van ’n verbond met die Antichris. Hulle sal eers in ’n laat stadium agterkom dat hulle weens hul eie leiers se verkeerde raad en keuse ’n baie duur fout gemaak het. Foutiewe godsdienstige persepsies kom natuurlik in die eerste plek van die vader van die leuen af (Joh. 8:44), maar mense wat hierdie leuens onnadenkend aanvaar, sal self die gevolge daarvan moet dra. Vir misleides in Israel wag daar die tyd van benoudheid van Jakob (Jer. 30:7) wanneer hulle selfaangestelde Messias hulle met die

onmoontlike eis sal konfronteer om hom as God te aanbid.

Die ware Messias sal eers aan die einde van hierdie tyd van groot benoudheid kom en sy voete op die Olyfberg sit (Sag. 14:4-5). Op daardie dramatiese dag sal Israel opsien na Hom vir wie hulle deurboor het en bitterlik ween oor hulle sondes wat geslagte lank gepleeg is deur Jesus te verwerp (Sag. 12:10). Hy het hulle gewaarsku dat hulle huis (Jerusalem) woes gelaat sou word totdat hulle tydens sy wederkoms vir Hom sal sê: “Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!” (Matt. 23:39; vgl. Ps. 118:26). Eers dan sal die name van al die afgode en valse profete uit hulle land uitgeroei en slegs die ware Messias gedien word (Sag. 13:2).

6. Opstande en Magsverskuiwings Onder Israel se Vyande

In Moslemlande van die Midde-Ooste kom daar opstande en groot magsverskuiwings voor waarteen nie eers die sterkste regerings bestand is nie. Botsende doelstellings word deur ontevrede skares mense nagestreef, wat dikwels daartoe lei dat hulle self slagoffers van hulle eie revolusie word. Enersyds eis hulle meer regte en ’n groter aandeel in hulle lande se rykdom, maar andersyds betoog hulle vir ’n terugkeer na fundamentele Islamitiese beginsels waardeur menseregte aansienlik ingekort gaan word. Hulle einddoelwit is die vestiging van ’n Islamitiese wêreldorde wat oor al sy vyande sal heers.

Daar is egter diepgaande Islamitiese faksieverskille in hierdie lande, veral tussen die Sjiïete en Soenniete. Hierdie verskille, saam met wydverspreide ontevredenheid oor onderdrukkende regerings, lei in baie gevalle na bloedige burgeroorloë. Sirië is die jongste slagoffer van so ’n burgeroorlog en dit het reeds na die dood van omtrent 60 000 mense gelei, terwyl groot getalle Siriese vlugtelinge in buurlande is.

Daar is ook saambindende faktore in hierdie onderling verdeelde Moslemlande, wat egter deur die res van die wêreld ervaar word as negatiewe faktore wat betrekking het op die beplande ondergang van Judaïsme en die Christelike beskawing asook die opkoms van Islam as die onbetwiste wêreldleier. Die groot vraag is: hoe gaan hierdie stryd verder verloop, watter metodes gaan Islam gebruik om hulle doelwitte te bereik, en wat gaan hulle doen om hulle onderlinge verskille te oorbrug? Die volgende is die belangrikste kenmerke van die huidige stryd, asook die finale mikpunte van die Islamitiese revolusie:

Fundamentalistiese Islamisering

Arabiese Moslemlande in die Midde-Ooste, asook aangrensende Moslemlande soos Turkye en Iran, is sterk onder druk van radikaalfundamentalistiese groepe wat die hele samelewing met al sy instellings onder die gesag en riglyne van Islam se sharia-wette wil bring. In 1979 het radikale Islam in ’n bloedige revolusie onder die leiding van Ajatollah Khomeini beheer oor Iran verkry.

Sedertdien beywer Iran hom vir die fundamentele Islamisering van Arabiese state, en maak ruim gebruik van heilige oorloë (jihads) soos deur Mohammed en die Koran voorgeskryf. Radikale groepe wat rojaal deur Iran ondersteun en aangepor word, is Hizboellah in Libanon, asook Hamas en Islamitiese Jihad in Gaza. Al Qaeda is ’n bekende radikale groep wat onafhanklik van Iran funksioneer.

Jihadiste word buite die Moslemwêreld as terroristegroepe beskryf, en hulle voer hulle stryd, of heilige oorlog, op die volgende twee fronte: Eerstens veg hulle binnelands ten einde die regering, die regstelsel en alle ander instellings in die samelewing onder die beheer van radikale Islamitiese leiers en die sharia-wet te bring. Tweedens voer hulle stryd teen al Islam se eksterne vyande en hulle nie-Islamitiese ideologieë. In die Midde-Ooste is dit veral Israel wat dit moet ontgeld, maar die jihadiste val ook oral in die wêreld teikens aan in lande wat as vyande van Islam beskou word.

Wat getalsterkte betref, is die grootste radikale Islamitiese beweging in die Midde-Ooste die Moslem Broederskap wat in 1928 in Egipte gestig is. Hulle is grootliks vir die val van Egipte se vorige regering onder Hosni Mubarak verantwoordelik, en is ook die grootste opposisiegroep in verskeie ander Arabiese lande. In ’n artikel sê Wikipedia: “Die Broederskap se credo is: *Allah is ons doelwit, die Koran ons wet, die Profeet ons leier, Jihad ons lewenswyse, en die dood ter wille van Allah ons hoogste ideaal.* Hulle bekendste slagspreuk wêreldwyd is: *Islam is die oplossing.* ... Die groep glo dat die Koran en Soenna die volmaakte sosiale en politieke organisasie bevat wat God vir die mensdom voorgeskryf het. Islamitiese regerings moet op hierdie stelsel gebaseer wees en uiteindelik verenig word in ’n Kalifaat (’n Islamitiese wêreldstaat onder die leiding van ’n afstammeling van Mohammed). ... Die Broederskap is sterk gekant teen Westerse kolonialisme en het gehelp om pro-Westerse monargieë in Egipte en ander Moslemlande omver te werp” (http://en.wikipedia.org/wiki/Muslim_Brotherhood).

Die Sjiïtiese en Soennitiese magstryd

Die twee belangrikste godsdienstige faksies in Islam is die Sjiïete en die Soenniete. Die groot meerderheid van alle Moslems is Soenniete. *Sunnah* beteken *Tradisie* en verwys na die feit dat hierdie groep ’n versameling tradisies (die *hadiths*) het wat volle erkenning op dieselfde vlak as die Koran geniet. Hulle erken al die kalifs wat as opvolgers van Mohammed heersers in die Moslemwêreld was, terwyl die Sjiïete hierdie linie van Soennitiese kalifs as indringers beskou wat wederregtelik hulle posisies verkry het, en wie se leerstellings ook verwerp word.

Ná Mohammed se dood is sy leierskapsposisie op Abu Bakr as-Siddiq oorgedra, een van sy intieme medewerkers, maar ’n groep van sy volgelinge was van mening dat Ali ibn Abi Talib die wettige opvolger was wat op die titel van kalif aanspraak kon maak. Beide groepe beweer dat Mohammed hulle leier as opvolger aangewys het: die ondersteuners van Abu het die Soenniete geword en dié van Ali die Sjiïete.

Onder die Soenniete was daar verskeie opvolgers van Mohammed wat as kalifs bekend gestaan het. Onder die Sjiïete het Ali se opvolgers as imams bekend gestaan. Hierdie dinastie van godsdiensleiers het by die twaalfde *imam* geëindig wat na bewering in 940 n.C. by die put Jamkaran in die huidige Iran verdwyn het. Die Sjiïete glo dat hy in die eindtyd ’n herverskyning sal maak as die *Imam Mahdi,* wat saam met Isa (Jesus Christus) sal optree om hulle missie te vervul om vrede en geregtigheid in die wêreld te bring. In die tussentyd word ajatollahs gekies om as beskermhere van die geloof op te tree. Daar heers ’n bitter stryd tussen die Soenniete en Sjiïete oor die kwessie van geestelike leierskap in die Moslemwêreld en hulle roei mekaar by die duisende uit in lande soos Irak en Sirië.

In Iran en Irak is daar groot groepe Sjiïtiese Moslems, met Iran as die belangrikste vesting van hierdie groep. Daar is ook sterk verteenwoordiging van hierdie faksie (hoewel steeds ’n minderheidsgroep) in Sirië, asook Gasa in Palestina (veral die Hamas-beweging). Die ander belangrike Arabiese state is algeheel Soennie-oorheersd – veral Katar, Saoedi-Arabië, die Verenigde Arabiese Emirate en Egipte. Daar is ook groot groepe Soenniete in Sirië en Irak, en dit het die potensiaal vir burgeroorlog in dié lande aansienlik verhoog.

Volgens Daniël 11:31-45 gaan daar in die eindtyd ’n baie groot magstryd onder Israel se vyande in die Midde-Ooste ontstaan. Daniël noem die een faksie die koning van die Noorde en die ander een die koning van die Suide. In antieke tye was Assirië en Babilonië die noordelike koninkryk en Egipte die suidelike een. Die huidige lande ten noorde en noordooste van Israel is Iran, Irak en Sirië, en saam is hulle ’n sterk magsbasis vir die Sjiïtiese Moslems. Die eindtydse koning van die Suide verwys nie net na Egipte nie, maar ook na ander Soennie-georiënteerde lande. Hierdie stryd gaan uiteindelik deur die eindtydse koning van die Noorde gewen word, en dit dui daarop dat die Antichris uit hierdie streek sal kom (Jesaja 10:12-14 verwys ook na die Antichris as die Assiriër).

Die huidige oorlog in Sirië kan ’n belangrike voorspel wees tot die eindstryd tussen die twee groot magsblokke in Islam. Die stryd tussen hulle is ook reeds ten volle geïnternasionaliseer, want die Sjiïtiese alliansie wat gevorm is tussen die Siriese regering, Irak en Iran geniet die ondersteuning van Rusland en Sjina. Die Soennitiese opposisie in Sirië geniet nie net die steun van die meeste Arabiese lande nie, maar ook van die grootste deel van die Westerse wêreld. Desnieteenstaande stuur hulle af op ’n neerlaag teen die noordelike alliansie. Die opposisiemagte in Sirië word grootliks beheer deur die Moslem Broederskap, wat Egipties in oorsprong is. Daar kan dus verwag word dat Egipte (die koning van die Suide) ’n baie sterk rol in die uitbreiding van fundamentele, Sunnitiesgeoriënteerde Islamisme gaan speel, maar dat hulle uiteindelik die knie voor die noordelik alliansie sal buig.

Israel het alle rede om bekommerd te voel oor die polarisasie tussen Sjiïtiese en Soennitiese magte in Islam, want beide van hulle is hoogs vyandig teenoor Sionisme. Israel lê tussen hierdie twee “konings” en sal dit dikwels in oorloë tussen die noordelike en suidelike magsblokke ontgeld. Volgens Daniël 11:41 sal baie Jode na Jordanië vlug (wat in antieke tye Edom, Moab en Ammon was) omdat die koning van die Noorde se aggressie

nie teen dié land gerig sal wees nie. In Israel self sal sommige van die misleide en kompromiemakende Jode die valse messias uit die noorde erken en met hom saamwerk, maar die res sal moet vlug (Dan. 11:32-33).

Die vestiging van ’n Moslem Kalifaat in Jerusalem

Jerusalem, en spesifiek die Tempelberg, is vir Islam die derde-heiligste plek op aarde ná Mekka en Medina in Saoedi-Arabië. Daar is ’n algemene gevoel onder hulle dat Jerusalem die hoofstad van ’n Moslem Kalifaat moet wees, waaroor ’n afstammeling van Mohammed moet regeer. Hierdie staat moet ’n saambindende rol speel om alle Moslem faksies in ’n onverdeelde liggaam te verenig.

’n Geestelike leier van die Moslem Broederskap in Egipte het tydens hulle land se algemene verkiesing gesê: “Ons hoofstad sal nie Kaïro, Mekka of Medina wees nie maar, as dit Allah behaag, Jerusalem.” Volgens hulle moet Jerusalem die hoofstad van die verenigde Arabiese state wees. Dit is die rede waarom die Palestynse kwessie, en veral hulle aanspraak op Jerusalem as hoofstad, soveel prominensie geniet. Dit gaan nie net om ’n onafhanklike Palestina nie, maar om die totale uitwissing van Israel en die skep van ’n hoofsetel vir Islam se verwagte wêreldmessias.

Daar is ook onder Moslem Palestyne in Israel self ’n sterk beweging aan die gang gesit om die Israeliete uit hulle land en hoofstad te verdryf en dit dan ten volle by Palestina in te lyf. Sjeik Riyad Salah, die hoof van die Islamitiese Beweging in Israel, propageer aktief die beginsels van ’n Islamitiese revolusie. “Ons is voor die poorte van ’n Islamitiese revolusie,” sê hy aan die Arabiere van Israel. “Die wêreldwye magte van boosheid sal in ’n Islamitiese revolusie uitgeskakel en deur ’n Islamitiese wêreldstaat vervang word, met Jerusalem as hoofstad.” Salah se organisasie het bygedra tot pogings om Arabiese moskees op die Tempelberg te restoureer, en ook om Joodse oudhede op die Tempelberg te vernietig. Duisende van die jong Arabiere neem onder die opruiende slagspreuk van *Byeenkomste om Revolusie te Verkondig* aan die party se jeugbeweging deel. Hierdie beweging het onlangs naby die Rotskoepel op die Tempelberg ’n banier gespan met die volgende woorde: *Revolusie is ’n opdrag van Allah*. Die jeuggroep is deur ander partylede begroet met die woorde: *Volgende jaar in Jerusalem, onder die beheer van die Islamitiese Revolusie*.

Die beplande vernietiging van Israel

Israel se Arabiese bure (die gematigdes én radikales) vorm ’n verenigde front teen hulle en is op die totale vernietiging van die Joodse staat ingestel. Verskeie oorloë is sedert Israel se onafhanklikheid in 1948 teen sy Moslemgeïnspireerde Arabiese bure gevoer. Dié nasies het nog nie hulle sinistere doel bereik nie, want die Here het Israel in sy oorlewingstryd gehelp. Hierdie vyande se herhaalde neerlae het hulle net nog meer fanaties gemaak, en hulle haat vir die Jode sal voortgaan tot op die stadium dat hulle eendragtig sal saamsweer om Israel van die aardbodem af te verdelg:

“o God, hou U nie stil nie, swyg nie en rus nie, o God! Want kyk, u vyande maak rumoer, en u haters steek die hoof op. Teen u volk smee hulle listig ’n plan en hou onder mekaar raad teen u verborgenes. Hulle sê: Kom, laat ons hulle vernietig, dat hulle geen volk meer is nie, sodat aan die naam van Israel nie meer gedink word nie. Want hulle het van harte saam raad gehou; teen U sluit hulle ’n verbond: die tente van Edom en die Ismaeliete, Moab en die Hagareners, Gebal en Ammon, en Ámalek, Filistéa saam met die inwoners van Tirus. Ook het Assur by hulle aangesluit; hulle is ’n arm vir die kinders van Lot” (Ps. 83:2-9).

In hierdie gedeelte word die antieke volke genoem waaruit die moderne Arabiese volke afgestam het. Die noordelike Arabiere, waaronder ook Mohammed en sy volgelinge, stam van Ismael af en beskou hulleself as Ismaeliete. Volgens hulle vererf die beloftes aan Abraham deur sy oudste seun, Ismael, na Mohammed en sy opvolgers. Die suidelike Arabiere (Egipte en naburige volke) beweer dat hulle van Kagtan afstam, wat waarskynlik op Joktan dui (Gen. 10:25-30). Al die Arabiere, soos die Jode, stam van Sem af en is dus

Semitiese volke.

Grootskaalse Arabirisering het in die 7de en 8ste eeue plaasgevind tydens die veroweringstogte van Islamitiese Arabiere. Taalkundige en kulturele assimilasie het plaasgevind, met die gevolg dat baie mense van ander volke hulleself daarna ook as Arabiere beskou het. Daar is tans sowat 286 miljoen Arabiere in die Midde-Ooste en Noord-Afrika en nog 14 miljoen wat verstrooid in ander lande van die wêreld woon – saam is hulle 300 miljoen.

Wegbereiding vir die Imam Mahdi

President Ahmadinejad van Iran, in samewerking met sy land se godsdienstige leiers, sê dat dit die hoofdoel van hulle Islamitiese revolusie is om die weg vir die 12de Imam, die Mahdi, se herverskyning voor te berei. Iran se regering het selfs ’n kabinetsvergadering gehou waarin daar besluit is om ’n verbond met die 12de Imam te sluit wanneer hy opdaag. ’n Groot aantal van Ahmadinejad se intieme vriende en politieke bondgenote praat openlik oor voorbereidings vir die herverskyning van die verborge Imam, en verbind hierdie voorbereidings uitdruklik aan Iran se kernprogram. Hulle argument is dat hulle boosheid, tirannie en onderdrukking moet bevorder ten einde die koms van die 12de Imam te bespoedig.

Iran voer uiters bose planne in die mou om sy doel te bevorder om Israel, Amerika en ander Westerse lande te beveg, en hiervoor is dié land met ’n hoëprioriteit kernontwikkelingsprogram besig. Dit sal hulle in staat stel om langafstand missiele met kernplofkoppe oor enige land af te vuur. Hulle word ook nie deur sanksies en selfs ’n militêre aanval op Iran afgeskrik nie, maar dreig om hard terug te slaan en ook die Straat van Hormoes in die Persiese Golf vir deurgang deur olietenkskepe te blokkeer. 35% van die wêreld se petroleum word deur hierdie strategies belangrike seestraat vervoer.

Op hierdie manier, meen Iran se radikale Moslemleiers, sal die chaos geskep word wat ’n vereiste vir die verskyning van die Imam Mahdi is. Hulle is selfs bereid om Iran te laat ondergaan, net solank Israel en die Weste geknak kan word sodat Islam hulle kan oorwin.

Volgens Bybelse profesieë in Eségiël 38 en 39 gaan daar inderdaad in die eindtyd ’n gepoogde uitwissingsoorlog teen Israel gevoer word, waarin Rusland (Gog, in die agterhoeke van die Noorde) en Persië (die moderne Iran) ’n groot rol sal speel. Dit mag net wees dat die Antichris (Islam se valse messias) na vore sal kom uit die wêreldwye wanorde en onstabiliteit wat deur ’n multinasionale invalsmag in Israel veroorsaak sal word. Op grond van die Antichris se buitengewone vermoë om te kan mislei, sal hy homself as die universele messias van alle gelowe aanbied en beloof om eenheid en vrede te bring in ’n hoogs verdeelde wêreld wat op die randjie van ’n derde wêreldoorlog sal wees.

Oorheersing van die wêreldhandel

In Openbaring 18 word daar van die antieke stad, Babilon, gepraat wat in die eindtyd weer opgebou sal word tot ’n internasionale ekonomiese sentrum wat die Mekka van

wêreldhandel sal wees. Babilon was die hoofstad van die eens magtige Babiloniese Ryk wat in die Midde-Ooste geleë was, tussen die Middellandse See en die Persiese Golf. Hierdie stad is teenaan die Eufraatrivier in die huidige Irak geleë en word tans weer herbou nadat dit ’n paar keer in historiese tye verwoes is.

Dit is opvallend dat die gebied van die ou Babiloniese Ryk juis dié gebied is waarin die moderne, olieproduserende state van die Midde-Ooste geleë is, en dat groot rykdomme tans hier opgebou word. Die sewe Persiese Golfstate, naamlik Saoedi-Arabië, die Verenigde Arabiese Emirate, Bahrein, Katar, Koeweit, Irak en Iran beskik oor 60% van die wêreld se oliereserwes en hulle produseer tans 30% van die wêreld se olie wat daagliks verbruik word. Hulle het dus ’n geweldige potensiaal om meer olie te produseer en nog ’n groter aandeel in die oliemark te verkry. Die rykdomme wat in ’n kort tyd deur die handel in olie verkry is, het tot die bou van skouspelagtige nuwe wêreldstede gelei – veral Dubai, Abu Dhabi, Riyad, Koeweitstad en Doha.

Hierdie verwikkelings is besig om die Midde-Ooste in ’n belangrike handelsentrum te omskep. Dit is ook nie onmoontlik dat Babilon self ook herbou kan word om ’n leidende rol in die eindtyd te speel nie. Ekonomiese beheerliggame soos effektebeurse, die IMF en die Wêreldbank kan maklik daarheen verskuif word. Daar word deur kenners beraam dat Irak ’n geweldige groeipotensiaal het en selfs oor groter onontginde oliereserwes as Saoedi-Arabië beskik. Wat ook al gebeur, die Golfstate, wat ’n moderne herlewing van die ou Babiloniese Ryk is, is besig om ’n uiters belangrike plek in die wêreldekonomie in te neem.

Wat veral verontrustend is, is die feit dat die olieryk Moslemstate ’n obsessie het om hulle rykdom, prag en praal te gebruik om internasionale aansien aan die Islamitiese kultuur en godsdiens te verleen en dit uiteindelik, in ’n wêreldryk, heerskappy oor al die ander nasies te laat verkry. In die verwesenliking van hierdie ideaal sien hulle ’n noue verband tussen die godsdienstige, politieke en ekonomiese beheer van die wêreld – alles moet in ooreenstemming wees met die voorskrifte van die Koran en uiteindelik onder die beheer wees van Islam se verwagte wêreldmessias.

Die groot misleiding

Daar is op verskeie terreine groot misleiding in die wêreld aan die gang wat daarop gerig is om ’n Midde-Oostersbeheerde nuwe wêreldorde tot stand te bring waarin Islam ’n groot en selfs oorheersende rol sal speel. Die stroom van misleiding loop egter net so sterk onder ander gelowe as onder Islam:

Die **Sjiïete** verwag die Imam Mahdi wat volgens hulle die ander gelowe sal verbied en die hele wêreld onder die gesag van Allah en die Koran sal plaas. Volgens hulle sal die Soenniete ook die Sjiïtiese Imam as die afstammeling en wettige opvolger van Mohammed aanvaar. Een van die Imam se medewerkers sal ’n Islamitiese Jesus (Isa) wees wat hom sal help om die wêreld te Islamiseer.

Die **Soenniete** verwag ook ’n eindtydse afstammeling van Mohammed in die linie van die kalifs. Saam met sy verskyning verwag hulle die wederkoms van ’n Jesus (Isa in die Koran) wat nie God is nie maar net ’n menslike profeet wat die enkelvoudige God (Allah) dien. Isa was na bewering ’n wegbereider vir Mohammed, wat gesien word as God se finale openbaring aan die mensdom.

Baie van die **Jode** is oop vir die idee dat hulle Messias ook bande met die ander gelowe sal hê, en dat die herboude tempel op die Tempelberg naas Islamitiese en Christelike heiligdomme moet funksioneer as ’n aanbiddingsplek vir alle gelowe (www.godsholymountain.org/).

Misleide **Christene** onderskryf ook die multigodsdienstige idee dat daar ’n universele Christus vir alle gelowe op die toneel sal verskyn, wat mense sal leer dat alle gelowe ’n Godgegewe bestaansreg het en almal maar net verskillende paaie is na dieselfde Skeppergod van alle gelowe. Sulke gelowiges sal dus die Islamitiese Isa met ope arms aanvaar.

In die **Boeddhistiese** wêreld is daar ook intergeloofsieninge wat ruimte skep vir die verskyning van die sogenaamde “Vyfde Boeddha” wat terselfdertyd titels uit ander gelowe op homself sal verenig. Hy sal ’n tydperk van vrede en harmonie vir die hele wêreld inlui.

Die **Hindoes** staan nie agter wat hierdie nuwe verwagting betref nie, want volgens hulle gaan daar ’n nuwe Avatar op die toneel verskyn wat terselfdertyd ’n nuwe inkarnasie van Krisjna en Jesus sal wees. Almal sal met hom kan identifiseer en hom ook aanbid.

Groeipyne

Die ontwrigtende omstandighede wat tans in die Midde-Ooste en ook in ’n mindere of meerdere mate in die res van die wêreld bestaan, is die groeipyne van ’n ontluikende nuwe wêreldorde wat heeltemal vyandig teenoor die koninkryk van God is. Omdat daar so baie antichristelike magte aan die werk is, gaan daar geen ooreenkoms deur hulle bereik word waardeur bestendige vrede gewaarborg sal kan word nie. Wat hulle besig is om te doen, is eerder ’n resep vir groter vyandigheid en oorloë. Hulle sal sê: “Vrede en veiligheid, dan oorval ’n skielike verderf hulle” (1 Thess. 5:3).

Die verwagte Islamitiese messias in sy rol as Antichris, “sal een week lank [van sewe jaar] met baie ’n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van dié week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar ’n verwoester wees” (Dan. 9:27). Daar sal tydens sy bewind net vir 3½ jaar lank ’n valse vrede wees, dan sal hy godsdiensvryheid verbied en almal dwing om hom as God te aanbid (2 Thess. 2:4; Op. 13:15). Die alliansie van valse wêreldgodsdienste sal dan alle regte verloor om hulle eie vorm van godsdiens te beoefen en hulle aanbiddingsplekke sal verwoes word (Op. 17:16).

Islam is reeds besig om hierdie gees van godsdienstige onverdraagsaamheid te propageer, en daardeur kan ons ’n idee kry van wat onder ’n toekomstige Moslemdiktator se bewind gaan gebeur. Die volgende berig is vroeg in 2012 wyd gepubliseer deur nuusagentskappe, onder meer deur die televisiediens, Russia Today op 16 Maart 2012: “Die Groot Moefti van Saoedi-Arabië het gesê dat alle kerke in die Arabiese Skiereiland vernietig moet word. Hierdie uitspraak het ontsteltenis en teleurstelling van Christene oral in die Midde-Ooste uitgelok. ... Die Groot Moefti, Sjeik Abdul Aziz bin Abdullah, is die hoogste amptenaar vir godsdienstige wette in Saoedi-Arabië en ook hoof van die Opperraad vir Islamitiese Geleerdes. Hy het die profeet Mohammed aangehaal, wat gesê het dat die Arabiese Skiereiland onder net een godsdiens mag wees” (http://rt.com/news/peninsula-saudi-grand-mufti-701/). Geen kerke of aanbiddingsplekke vir enige ander gelowe mag in die grondgebied van Saoedi-Arabië opgerig word nie.

Christenvervolging sal ’n kenmerk van die Antichris se regering wees, en hy sal vir ’n tyd lank as wêreldleier welslae daarmee behaal: “En hy het sy mond oopgemaak om te laster teen God. ... Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie” (Op. 13:6-7). Daar gaan dus ’n kortstondige tyd wees wanneer Islam se droom van wêreldheerskappy vervul gaan word, maar dit is slegte nuus vir alle mense op aarde – ook vir die Moslems self. Kyk maar hoe sleg hulle mekaar nou reeds behandel in lande soos Egipte, Libië, Irak, Iran en Sirië.

Volgens die Bybel sal vrede eers op aarde neerdaal wanneer die ware Christus kom en die magte van die Antichris totaal verdelg (Op. 19:19-21). Wanneer dit gebeur, sal nie net die oorblyfsel van Israel met Hom versoen word nie (Sag. 12:10–13:1), maar ook lede van alle ander nasies wat die Here se oordele in die groot verdrukking oorleef het (Matt. 24:29-30). Eers dan sal daar ware vrede op aarde heers, ook in die Arabiese wêreld:

“En die HERE sal die Egiptenaars slaan, slaan en genees; en hulle sal hul tot die HERE bekeer, en Hy sal hulle verhoor en hulle genees. In dié dag sal daar ’n grootpad wees van Egipte na Assirië, en Assiriërs sal in Egipte kom en Egiptenaars in Assirië; en Egipte sal saam met Assirië die HERE dien. In dié dag sal Israel die derde wees naas Egipte en Assirië, ’n seën in die midde van die aarde, omdat die HERE van die leërskare hom geseën het, met die woorde: Geseënd is my volk Egipte en my maaksel Assirië en my erfdeel Israel!” (Jes. 19:22-25).

Daar is net een oplossing vir wêreldvrede, ook vir die misleide en militante Moslems, en dit is om met die enigste ware Vredevors, Jesus Christus, versoen te word. Hy is die Seun van God wat ook een met die Vader is (Joh. 10:30), en kan daarom nie gelykgestel word met Isa van die Koran nie, wat bloot as die seun van Maria beskryf word. Die Here Jesus, die gekruisigde en opgestane Verlosser, is ook veel meer as net die Heilige van Israel – Hy is die Koning en Verlosser van die hele wêreld.

7. Die Rots wat die Nasies se Koninkryke sal Vernietig

Die Here het in ’n droom aan Nebukadnésar die aard en opeenvolging van heidense koninkryke geopenbaar, vanaf die vernietiging van Israel se koninkryk deur die Babiloniese Ryk, tot aan die einde van die tye van die nasies wanneer die Antichris se wêreldregering deur Christus vernietig sal word (Op. 19:19-21). Direk hierna sal die troon van Dawid deur die Messias self in Jerusalem herstel word (Hand. 15:16-17). Hierdie profetiese scenario is ononderbroke en strek regdeur die kerkdispensasie, insluitend die tyd wanneer Jerusalem steeds deur nie-Joodse heersers vertrap word: “...en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is” (Luk. 21:24). Die skielike beëindiging en vernietiging van heidense regerings in die wêreld sal tydens die wederkoms van Christus plaasvind (Op. 11:15). Hy is die klip (rots) wat die beeld sal vernietig (sien Dan. 2:34-35).

Nebukadnésar het nie sy profetiese droom verstaan nie, maar Daniël het oor goddelike insig beskik en was in staat om die droom aan hom te beskryf en te verklaar:

“U, o koning, het ’n gesig gehad – kyk, daar was ’n groot beeld; hierdie beeld was hoog, en sy glans was buitengewoon; dit het voor u gestaan en sy voorkoms was vreeslik. Wat die beeld betref, sy hoof was van goeie goud, sy bors en sy arms van silwer, sy buik en sy lendene van koper, sy bene van yster, en sy voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei. U het gekyk totdat daar sonder toedoen van mensehande ’n klip losraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het. Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud fyngestamp, en dit het soos kaf geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie; maar die klip wat die beeld getref het, het ’n groot rots geword wat die hele aarde gevul het” (Dan. 2:31-35).



Die volgende verklaring van die droom deur Daniël is akkuraat vervul in die daaropvolgende verloop van die wêreldgeskiedenis. Ons is nou op die drumpel van die finale vervulling daarvan:

“U, o koning, koning van die konings ... is die hoof van goud. En ná u sal daar ’n ander koninkryk opstaan, geringer as dié van u; daarna ’n ander, ’n derde koninkryk, van koper, wat oor die hele aarde sal heers; en die vierde koninkryk sal hard wees soos yster, juis omdat yster alles fynstamp en verpletter; en soos die yster wat vergruis, sal hy dit alles fynstamp en vergruis. En dat die voete en tone, soos u gesien het, deels van pottebakkersklei en deels van yster was – dit sal ’n verdeelde koninkryk wees, en van die hardheid van die yster sal daarin wees, omdat u die yster met kleigrond gemeng gesien het. En dat die tone van die voete deels van yster en deels van klei is – ’n gedeelte van die koninkryk sal hard en ’n gedeelte sal bros wees. ... Maar in die dae van dié konings sal die

God van die hemel ’n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar ’n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan – net soos u gesien het dat sonder toedoen van mensehande ’n klip van die berg af losgeraak het wat die yster, die koper, die klei, die silwer en die goud verbrysel het. Die grote God het aan die koning bekend gemaak wat hierna sal gebeur; en die droom is waar en sy uitlegging betroubaar” (Dan. 2:37-45).

Daniël se uitleg het ’n opeenvolging van heidense ryke aangedui wat as magtige koninkryke oor die destyds bekende wêreld, en dus ook oor Israel, sou regeer. Die Babiloniese Ryk was die kop van goud. Die Here het Nebukadnésar aangestel sodat uitvoering aan God se raadsplan vir die nasies deur hom gegee kon word. Alle mense is aan sy gesag onderwerp, selfs ook die diere en die voëls. Die Babiloniese Ryk het van 626 tot 539 v.C. regeer.

Die tweede deel van die beeld was die bors en arms van silwer. Dit het gedui op die ryk van die Meders en die Perse (die twee arms van die beeld) wat die Babiloniërs in 539 v.C. oorwin en onderwerp het. Hoewel die Medo-Persiese Ryk meer as 200 jaar lank regeer het, van 539 tot 330 v.C., wat veel langer was as die Babiloniese Ryk se 87 jaar, was dit minderwaardig teenoor die Babiloniese Ryk, soos wat silwer minder werd is as goud.

Die buik en lendene van koper stel die derde koninkryk voor, naamlik die Griekse Ryk. Alexander die Grote het die Medo-Persiese Ryk in 330 v.C. verslaan en daarna hulle hele gebied beheer. Hy het die Griekse Ryk verder oos tot in Indië uitgebrei.

Die bene van yster stel die Romeinse Ryk voor. Hulle het die Griekse Ryk in 63 v.C. verower. Hoewel die Romeinse Ryk in twee dele verdeel is, soos die twee bene van die beeld, en uiteindelik in ’n mengsel van yster en klei sal eindig, was dit nogtans een ryk. Hierdie ryk is deur sy groot krag gekenmerk, soos wat yster sterker is as brons, silwer en goud. Die Romeinse Ryk het hard en genadeloos toegeslaan en al die lande wat deel van die vorige drie ryke was, by hulle eie ryk ingelyf. Met verloop van tyd het die Romeinse Ryk sy solidariteit verloor en in 476 n.C. as ’n gesentraliseerde politieke eenheid verbrokkel en van die toneel verdwyn.

Daarna het verskeie lande van die voormalige Romeinse Ryk egter in hulle eie reg magtig geword en voortgegaan om uit Europa ’n baie sterk invloed op die politieke, ekonomiese en kulturele landskap van die res van die wêreld uit te oefen. ’n Europese taal, Engels, is ook mettertyd as ’n wêreldtaal gevestig.

Voortbestaan van die twee bene

Die Romeinse Ryk is nooit deur ’n ander wêreldryk oorwin en vervang nie, en in ’n verborge vorm het dit voortgegaan om sy invloed op verskeie lewensterreine oor die aarde te laat uitgaan. Ten spyte van sy politieke verbrokkeling as ’n enkele wêreldryk, het lande in dié gebied voortgegaan om nuwe kennis op die terreine van geletterdheid, wetenskap, tegnologie, medisyne, godsdiens, filosofie en politiek te ontwikkel. Twee belangrike groeipunte is gevestig met die oog op die verkenning en ontwikkeling van die buitewêreld – die een in die weste en die ander een in die ooste van Europa. Op hierdie manier het die twee bene van die beeld deur die eeue heen voortgegaan om hulle invloed in die res van die wêreld te laat geld. Die dinamika van Europese kultuur was die stukrag en motivering vir ’n nuwe beskawing in die wêreld.

Die westelike deel van die Romeinse Ryk wat uit Rome beheer is, was ’n belangrike groeipunt vir die Westerse beskawing en sy kapitalistiese vryemarkstelsel wat kenmerkend van die eerste wêreld is. Wes-Europese kulture, die Romeinse reg en die Christelike geloof (Katolisisme én Protestantisme) het hiervandaan verder versprei – ook na ander wêrelddele wat weens kolonisasie deur Wes-Europese lande onder hulle beheer gekom het. Die invloed van Europese kultuur was fenomenaal, en in ’n stadium het die Britse Ryk kolonies rondom die wêreld gehad – vanaf Amerika in die weste tot anderkant Indië in die ooste. Dit het tot die uitdrukking gelei: “The sun never sets over the British Empire.”

Die oostelike deel van die Romeinse Ryk wat uit Konstantinopel beheer is, het ook verder uitgebrei tot in Rusland en dele van Asië. Hiermee saam het die invloed van die Grieks-Ortodokse Kerk gegaan, wat gelei het tot die vestiging van die Russies-Ortodokse Kerk. Sodoende het Oos-Europa ’n groeipunt vir die tweede wêreld geword, wat later deur kommunisme oorheers is. Die revolusionêre ideologie van kommunisme is ook ’n uitvoerproduk van Europa. Karl Marx (1818-1883) was ’n Duitse filosoof wat later ook in Parys, Brussel en Londen gewoon het. Hy en sy vriend Engels het in 1847 die Kommunistiese Manifes gepubliseer, met die volgende openingsreël: “’n Gedaante spook in Europa – die gedaante van kommunisme.” Kommunisme is egter nie in Europa aanvaar en geïmplementeer nie. Die later aanvaarding van kommunisme deur Rusland, Sjina en verskeie ander lande, het daartoe gelei dat ’n derde van die wêreldbevolking in ’n stadium onder kommunistiese beheer was.

Die ideologiese, ekonomiese en godsdienstige verdeling van die wêreld tussen ’n eerste en tweede wêreld, het veral sterk gemanifesteer as ’n ideologiese verdeling tussen kapitalistiese en kommunistiese state. Dit het Europa ook ná die Tweede Wêreldoorlog op ’n ooglopende wyse deur middel van die ystergordyn verdeel (’n verdere manifestasie van die twee bene van die beeld). Vir baie lank is daar verwys na die rigiede onderskeid tussen die weste en die ooste, wat gemanifesteer het as die twee wêrelde van kapitalistiese vryheid enersyds, en beperkende, ateïstiese kommunisme andersyds. Beide het gestreef om in eie reg die hele wêreld te oorheers, maar nie een van die twee kon heeltemal daarin slaag nie. Die twee bene van Daniël se beeld het voortgegaan om in die wêreld gesien te word, terwyl elkeen van hulle se invloed steeds verder uitgekring het – kapitalisme in ’n veel groter mate as kommunisme.

Met die verloop van tyd is daar ’n sogenaamde derde wêreld tot die internasionale gemeenskap toegevoeg, wat ontstaan het uit die ontdekking en kolonisering van onbekende gebiede ver van Europa af. Die derde wêreld het egter nie ’n duidelike ideologiese identiteit van sy eie nie, aangesien dit veral onder die beheer van die eerste wêreld gekom het. Koloniale moondhede soos Brittanje, Duitsland, Spanje, Portugal, België en Nederland het hulle beskouings, gebruike en instellings baie sterk op hierdie lande afgedruk deur selfs hulle grense en name te bepaal. Sodoende het hulle nog ’n wyer toepassing aan die twee bene van die Romeinse Ryk verleen.

Mettertyd het kommunisme, behalwe in Sjina, voor ekonomiese werklikhede geswig en tot ’n val gekom in Rusland, die groot kampvegter van hierdie radikale ideologie. Daarmee saam het die hele Unie van Sosialistiese Sowjet Republieke (USSR) ontbind toe die betrokke lande oorgeskakel het na die Westerse kapitalistiese vryemarkstelsel, demokratiese verkiesings, asook die erkenning van groter vryhede in die algemeen. Selfs in Sjina is na die kapitalistiese ekonomie oorgeskakel, maar sonder om van die politieke diktatuur van kommunisme af te sien.

Kapitalisme, saam met die vryhede wat dit in die samelewing meebring, het mettertyd die dominante mag in die wêreld geword, en dit het daartoe gelei dat ekonomiese mag ook die aansien van politieke mag en militêre vermoëns bepaal het. Die geldgod, Mammon, het sy greep stewig in alle samelewings ingeslaan, en dit het die einde van die Romeinse Ryk se twee bene van ’n oos-wes-verdeling in die wêreld meegebring. Die nuwe ontwikkeling was die vestiging van onafhanklike ekonomiese en geo-politieke magsblokke in die wêreld.

Die tien tone van die beeld

Dit is hoogs betekenisvol dat die twee bene van die beeld wat Nebukadnésar gesien het, in sy finale stadium verdeel en op tien tone uitloop. Hulle is soos yster en klei wat nie tot ’n hegte eenheid saamgevoeg kan word nie, en dit impliseer dat daar onderling ’n groot mate van ideologiese, kulturele en godsdienstige diversiteit is. Hulle is ook nie ewe sterk en ewe ver ontwikkel nie, want sommige van hulle is bros soos klei en ander sterk soos yster (Dan. 2:42).

Die tien tone is profeties beslis eindtyds omdat die vernietiging van die beeld in die laaste

dae met die vernietiging van die tien tone in verband staan. Daniël sê: "'n klip [het] losgeraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het" (Dan. 2:34). Hierdie tien tone verwys dus nie na tien historiese provinsies van die antieke Romeinse Ryk nie, maar na tien eindtydse gebiede in die hele wêreld wat tot 'n groot mate hulle ekonomiese en politieke karakter uit Europa verkry het.

Die nuwe wêreldorde wat nou aan die ontstaan is, is 'n poging tot die vereniging van die eerste en tweede wêrelde wat uit die twee bene van die Romeinse Ryk voortgevloei het, asook al die verdere verdelinge wat sedertdien plaasgevind het. Die doel hiermee is dat die struktuur van nie-Joodse (heidense of humanistiese) heerskappy weer, soos in antieke tye, polities en militêr sal manifesteer as 'n enkele wêreldregering wat die mag het om 'n eenvormige politieke, ekonomiese en godsdienstige beleid op al sy onderdane af te dwing.

In moderne tye het die wêreld in 'n groot aantal onafhanklike lande verdeel geraak. Ernstige ekonomiese probleme weens oorbesteding deur regerings sowel as individue het egter daartoe gelei dat lande op 'n streeksbasis, soos bv. in Europa, besig is om ter wille van ontwikkeling en oorlewing groter ekonomiese eenhede te vorm. Daar is ook ander oorwegings vir sulke alliansies, bv. beveiliging teen moontlike oorloë en terroriste-aanvalle. Gaandeweg ontwikkel elke streek 'n sterker identiteit en politieke samehorigheid, soos gesien kan word in Europa, die Arabiese lande in die Midde-Ooste, Noord-Amerika, ens.

Dit is interessant dat die hele wêreld tans in tien ekonomiese magsblokke of groeipunte verdeel raak. Weens onderlinge wedywering, asook ideologiese en godsdienstige verskille tussen lande, word die begrensing van sekere van hierdie streke tans nog betwis, maar die proses is onomkeerbaar. Wanneer daar op Google gesoek word na "Ten economic regions of the world", word verskeie bronne genoem waarin daar na hierdie tien gebiede verwys word. Nie almal is dit eens oor presies hoe hulle afgebaken moet word nie, maar erken nogtans die feit dat daar tien sulke streke is. Die volgende is die mees waarskynlike afbakening:

1. Die Europese Unie; **2.** Noord-Amerika (VSA, Kanada en Alaska); **3.** Suid-Amerika; **4.** Australië saam met eilandstate in die suidelike Stille Oseaan; **5.** Rusland en verskeie lande in sy invloedsfeer; **6.** Sjina en omliggende lande; **7.** Indië en state in sy omgewing; **8.** 'n Suidoos-Asiatiese ekonomiese blok met Japan as leidende land; **9.** die Midde-Ooste; en **10.** Afrika soos verteenwoordig deur die Afrika-Unie.

Dit is om ander redes ook duidelik dat die tien tone van die beeld nie na die tien provinsies in die antieke Romeinse Ryk verwys nie. Die herstelde Romeinse Ryk soos deur die Europese Unie verteenwoordig, het reeds 27 lidlande en dit is baie onwaarskynlik dat hulle tot tien verminder sal word. Daar is ook geen konkrete aanduidings dat die eindtydse groep van tien uit Rome beheer sal word nie.

Die tien tone is ekonomiese en geo-politieke streke in die wêreld wat óf in 'n stadium onder die direkte beheer van 'n Europese land was, óf op een of ander wyse hulle ekonomiese ontwikkeling aan die Westerse beskawing te danke het. Die VSA en Kanada was bv. in 'n

stadium ook Britse kolonies en is dus ’n wesenlike deel van die Wes-Europese been van die antieke Romeinse Ryk. Die tien tone is inderdaad verteenwoordigend van die hele wêreld, daarom is dit onnodig om vrae te vra soos: “Waarom word Amerika nie in Bybelse profesieë genoem nie?” Amerika is ’n belangrike deel van die eindtydse wêreld wat na aanleiding van Europese uitbreiding geskep is, en sal voortgaan om ’n belangrike rol te speel.

In die ontluikende nuwe wêreldorde is die tien ekonomiese streke in die wêreld besig om ook nouer politieke bande met hulle bondgenote te smee, sodat hulle in ’n toekomstige wêreldregering die belange van hulle streek beter sal kan behartig. Soos wat die Europese Unie, die Arabiese Bond in die Midde-Ooste, en die Afrika-Unie elk ’n leier het, sal ander streke ook onder gepaste politieke leierskap verenig word. In sommige gevalle sal die staatshoof van die leidende land in die streek die leiding neem, soos, bv. in die gevalle van Rusland, Sjina en Indië.

Dit is interessant dat die kwessie van leierskap in die tien streke eers finaal bepaal sal word wanneer die Antichris op die toneel verskyn. Dit is ’n aanduiding dat hy leiers van sy eie keuse sal aanstel. In Openbaring 13 en 17 word die tien tone van die beeld voorgestel as tien horings op die kop van die dier (die Antichris). Johannes sê: “En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier” (Op. 17:12-13).

Hierdie tien konings (hoofde van die tien streke) sal saam met die res van die wêreldbevolking verwonderd agter die dier aangaan, en sal só in vervoering wees oor hom dat hulle hom self as ’n wêreldmessias sal aanbid (Op. 13:3-4). Johannes sê: “...aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie” (Op. 13:7). Moet dus nie dink dat hy net ’n Midde-Oosterse of Europese leier sal wees nie – hy sal ’n volwaardige wêreldleier wees. In sy opgang na wêreldheerskappy sal hy sy eie magsbasis verder uitbrei, en dit sal daartoe lei dat die tien tone (of streke) na agt sal verminder.

Regering van die Antichris

Later in die boek Daniël word daar weer na hierdie tien uitlopers van die Romeinse Ryk verwys, maar dan as tien horings op die kop van ’n wreedaardige dier (Dan. 7:7-8, 20-28). Dit is dieselfde dier met die tien horings waarna Johannes ook verwys (Op. 13:1; 17:3, 12, 16). In ’n historiese toepassing kan die horings verwys na provinsies in die antieke Romeinse Ryk, maar in die eindtydse toepassings daarvan, wanneer die Antichris verskyn, verwys dit beslis in ’n breër verband na tien ekonomiese streke wat onder die nasies sal bestaan. Drie van die tien horings sal deur hierdie eindtydse leier (die Antichris) ontwortel en onder sy persoonlike leierskap verenig word.

Volgens Daniël 11:31-45 sal een van die Antichris se titels “die koning van die Noorde” wees (noord, soos gesien vanuit Israel). In verskillende stadiums het “die Noorde” verwys na Sirië, Assirië of Babilonië (vgl. ook Jes. 10:12-14). Dit impliseer dat die Antichris uit die Midde-Ooste sal verrys. Sirië was een van die tien provinsies van die antieke Romeinse Ryk, en is bestem om in die eindtyd weer ’n belangrike rol te vervul.

Binne die groter scenario van tien ekonomiese magsblokke in die wêreld sal die Antichris dus uit die Midde-Ooste verrys en dan hierdie streek met twee ander verenig om ’n baie sterk magsblok in ’n verminderde groep van agt te vorm. Die Bybel gee nie vir ons ’n aanduiding van watter drie streke verenig sal word nie, maar dit sal mettertyd deur die verdere vervulling van Bybelse profesieë duidelik word. Dit mag bv. wees dat hy die Midde-Ooste, Europa en Noord-Amerika sal verenig. Die VSA is reeds d.m.v. NAVO by Europese en Midde-Oosterse sake betrokke, en hulle is die sterkste en grootste verteenwoordiger van die Westerse, Europese kultuur buite Europa.

Daar gaan gewis ’n nuwe wêreldorde tot stand kom, wat sal lei tot die skepping van ’n wêreldregering met uitvoerende magte. Die Antichris sal beheer hieroor verkry, en die leiers van die tien streke sal vrywilliglik hulle gesag aan hom oordra. In navolging van die

Antichris (Op. 13:5-7) sal hierdie ryk fanaties teen die koninkryk van God en die ware Christus gekant wees. “Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings” (Op. 17:14).

Die Antichris se wêreldregering sal die hervatting en voortsetting wees van ’n lang tradisie van wêreldregerings wat in assosiasie met valse godsdienste opgetree het – net baie erger as ooit in die verlede. Hierdie regering gaan alles in die stryd werp om teen Christus en sy hemelse leër te veg wanneer Hy weer kom. Daar sal selfs van demoniese misleiding gebruik gemaak word om militêre magte rondom die wêreld te mobiliseer om aan hierdie oorlog deel te neem (Op. 16:13-16).

Huidige verwikkelings in die Midde-Ooste is baie belangrik met die oog op die vestiging van ’n toekomstige wêreldregering wat beheer sal verkry oor alle lande se politieke mag en ekonomiese belange. Olieryk Arabiese state sal ’n sleutelrol in die ontluikende nuwe wêreldorde speel, omdat die ekonomiese toekoms van die wêreld tot ’n groot mate afhang van die ononderbroke beskikbaarheid van olie wat hier ontgin word. Die betrokkenheid van verskeie wêreldmoondhede by die stryd in Sirië is ook ’n aanduiding dat die knoop vir wêreldvrede hier deurgehaak sal moet word. Rusland, Sjina en Iran steun die bewind van Bashar al-Assad, terwyl omtrent die hele res van die wêreld die opposisiemagte steun. Dit is ’n gevaarlike brandpunt wat na groter konflik en selfs ’n wêreldoorlog kan lei. Indien proaktiewe stappe egter gedoen word, kan doeltreffende wêreldstrukture geskep word om eenheid en vrede in die hand te werk en ’n volskaalse oorlog af te weer.

Die vrede wat die Antichris en sy wêreldregering sal bring, sal egter van korte duur wees omdat hy die spesiale verteenwoordiger van die koninkryk van die duisternis sal wees. Hy sal vrede en eenheid net as ’n rookskerm gebruik om sy bose motiewe te verbloem. Johannes sê: “Die draak [Satan] het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag” (Op. 13:2). Die Antichris sal in samehang met ’n alliansie van valse godsdienste regeer en alles in sy vermoë doen om die aanbidding van die ware Christus van die aarde af uit te roei (Op. 13:7; 17:3-6). Goddelike oordele sal oor hierdie ryk uitgestort word, en dit sal die skielike einde daarvan meebring.

Vernietiging van die beeld

’n Duidelike beskrywing word gegee oor die vernietiging van die beeld van die nasies se heerskappy op aarde. ’n Klip raak sonder toedoen van mensehande los, tref die beeld aan sy tone en vergruis die hele beeld. Wanneer die koninkryke van die nasies finaal vernietig word, sal dit nie deur menslike toedoen geskied nie. Die klip (rots) wat neerdaal en dit tref, dui op die wederkoms van Christus, wat ook Israel se Messias is. Hy word dikwels in die Bybel met ’n rots vergelyk (Ps. 118:22; Jes. 8:14; 1 Pet. 2:6-8). Hierdie rots sal groot word en die hele aarde vul. Die koms van Christus, en sy verdelging van die aardse magte wat onder die leiding van die Antichris in Israel sal saamtrek, word só beskryf:

“Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was ’n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. En sy oë was soos ’n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het ’n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self. En Hy was bekleed met ’n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God. En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit sy mond gaan daar ’n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met ’n ysterstaf regeer. ... En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër. En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy húlle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand” (Op. 19:11-15, 19-20; vgl. Sag. 14:12-13).

Dit is ’n kort en dramatiese beskrywing van die slag van Armagéddon, wat deel is van die oordele van die dag van die Here. Jesaja sê: “Kyk, die dag van die HERE kom, verskriklik,

met grimmigheid en toorngloed, om die aarde ’n woesteny te maak en sy sondaars daaruit te verdelg. ... En Ek sal aan die wêreld sy boosheid besoek, en aan die goddelose hulle ongeregtigheid; en Ek sal die trots van die vermeteles laat ophou en die hoogmoed van tiranne verneder. ... En soos ’n gemsbok wat gejaag word, en soos kleinvee wat niemand bymekaar maak nie, sal hulle elkeen draai na sy volk toe en elkeen vlug na sy land toe” (Jes. 13:9-14). Die oordele van die Here sal nie net ’n einde aan sondige, menslike regerings bring nie, maar ook die wanorde en verlies aan kulturele identiteit beëindig wat deur die grootskaalse vermenging van volke teweeggebring is weens onbeheerde immigrasie.

Nadat Christus die aardse koninkryke verbrysel het, sal Hy sy ewige koninkryk in hulle plek vestig. Dit sal die vervulling wees van Openbaring 11:15: “Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.” Hieruit is dit duidelik dat Jesus Christus tydens sy wederkoms al die aardse koninkryke sal vernietig om in hulle plek te regeer – dit sal nie net Europese regerings in die gebied van die antieke Romeinse Ryk wees nie. Daniël sê: “Die klip wat die beeld getref het, het ’n groot rots geword wat die hele aarde gevul het” (Dan. 2:35). Daar sal dus ’n Christelike nuwe wêreldorde op aarde gevestig word, en dit sal blywende vrede op aarde verseker:

“En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie” (Jes. 2:2-4).

Jeremia bevestig ook hierdie profesie: “In dié tyd sal hulle Jerusalem noem die troon van die HERE; en al die nasies sal daarheen saamkom vanweë die Naam van die HERE in Jerusalem; en hulle sal nie meer wandel na die verharding van hul bose hart nie” (Jer. 3:17).

Die troon van die Messias sal in Jerusalem wees waar Hy die Dawidiese koningskap sal herstel. Dit sal die vervulling wees van ’n profesie wat die engel Gabriël tweeduisend jaar gelede aan Maria gegee het: “Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee” (Luk. 1:32). Wanneer Christus van hierdie troon af regeer, sal die bedeling van magshonger heidense regerings wat deurtrek is van selfsugtige motiewe en bose instellings wat hulle vyandig gemaak het teenoor Israel en die koninkryk van God, iets van die verlede wees.

Elkeen van ons het die verantwoordelikheid om ’n persoonlike keuse ten opsigte van Jesus Christus te maak. As Hy die rots en fondament is waarop ons lewens gebou is, sal ons nie in die storms van die lewe tot ’n val kom nie (Matt. 7:24-27). As ons egter die Here Jesus as Verlosser verwerp, dan bou ons ons lewens op die sand van selfmisleiding en sal onsself onder die vyande van Christus bevind vir wie Hy in die finale oordeel ’n rots van struikeling sal wees (1 Pet. 2:4-8).

8. Ons Plig ten Opsigte van Jerusalem

“Bid om die vrede van Jerusalem; mag hulle wat jou liefhet, rustig lewe” (Ps. 122:6).

“O Jerusalem, Ek het wagte op jou mure uitgesit wat gedurigdeur die hele dag en die hele nag nie sal swyg nie. O Julle wat die Here herinner aan sy beloftes – moenie rus nie en laat Hom nie met rus nie, totdat Hy Jerusalem bevestig en maak tot ’n lof op aarde! (Jes. 62:6-7).

Waarom word daar net een stad in die hele wêreld uitgesonder waarvoor Christene van alle tye ernstig moet bid, totdat die heerlikheid van die Here op dié stad neerdaal sodat almal, van alle eindes van die aarde af, dit sal kan sien en in die vreugde van Jerusalem kan deel?

Die feit dat Jerusalem vir hierdie eer uitgesonder word, vereis van alle Christene om ten volle bewus te wees van die diep geestelike betekenis van hierdie stad, want dit alleen verklaar die feit waarom Jerusalem veral in die eindtyd op die voorpunt staan van die stryd tussen lig en duisternis. Sonder hierdie kennis kan ons nie sinvol vir Jerusalem bid nie, kan ons nie Jerusalem se vyande duidelik genoeg waarsku nie, en sal ons ook nie genoegsame profetiese insig hê in die wonderlike toekoms van die stad van die Groot Koning nie!

Volgens die Bybel gaan Jerusalem deur die volgende tien stadiums totdat die Here se finale doel daarmee bereik sal wees. Ons is tans in die vyfde stadium van hierdie merkwaardige stad se heilsgeskiedenis, en die Here verwag van ons om waardige ondersteuners van Jerusalem te wees en die geestelike belange van hierdie stad en sy inwoners altyd op die hart te dra.

1. Die stad wat God gekies het om Homself daarin te openbaar

Jerusalem se heilsgeskiedenis het begin toe die Here ’n besluit geneem het om sy Naam vir altyd aan hierdie stad te verbind. Nadat Salomo die eerste tempel in Jerusalem gebou het, het die Here gesê: “Ek het hierdie huis wat jy gebou het, geheilig deur my Naam daar te vestig tot in ewigheid” (1 Kon. 9:3). Jerusalem is deur God genoem: “Die stad wat Ek vir My verkies het om my Naam daar te vestig” (1 Kon. 11:36).

God se Naam is vir ewig aan Jerusalem verbonde. Min het Israel besef watter groot en wonderlike openbarings die Here in toekomstige eeue in Jerusalem sou doen. Die verskeie lang onderbrekings in die uitvoering van hierdie plan was te wyte aan Israel se ongeloof, maar nooit het die Here van sy aanvanklike voorneme met betrekking tot Jerusalem afgesien nie, en Hy sal dit ook nooit doen nie. In die Ou Testament het Hy Homself dikwels deur middel van die tempeldiens in Jerusalem aan die volk geopenbaar, maar dit het nie tot ’n blywende hartsverandering by hulle gelei nie.

2. Die stad van Christus se openbarings aan die mensdom

Die grootste openbaring van God aan Israel én die hele mensdom het plaasgevind tydens die koms van sy Seun, Jesus, na die aarde. In ’n Messiaanse profesie in Jesaja 49 het God van Jesus gesê: “Dit is te gering dat U my Kneg sou wees om op te rig die stamme van Jakob en terug te bring die gespaardes in Israel: Ek het U gemaak tot ’n lig van die nasies, om my heil te wees tot aan die einde van die aarde” (Jes. 49:6). Johannes die Doper het na Hom gewys en gesê: “Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!” (Joh. 1:29).

God het Homself deur sy Seun aan Jerusalem se inwoners openbaar, maar hulle het dit ten spyte van talle duidelike Messiaanse profesieë nie raakgesien nie, en Hom verwerp. Jesus is in ’n proses van beplande verraad gevange geneem, in die stad verhoor en onskuldig veroordeel. Die Here Jesus is net buite Jerusalem by Gólgota, in die steengroewe van Salomo, gekruisig. Hier is die groot soenoffer vir die sondes van ’n verlore mensdom aan God betaal. Vir ewig sal Gólgota uitstaan as die uitdrukking van God se neerbuigende liefde en vergewensgesindheid, en as die enigste poort tot die ewige

lewe. Daar is geen ander naam onder die hemel gegee waardeur mense gered kan word nie – net Jesus Christus en Hom as die gekruisigde.

Jesus is net buite die stadsgebied van Jerusalem begrawe en het drie dae later uit die dood opgestaan. Op die Sondag van sy opstanding het Hy die eerste preek van die Christelike bedeling in Jerusalem aan sy dissipels gelewer, en ’n week later die tweede een (Joh. 20:19-29). Veertig dae ná sy opstanding het Jesus van die Olyfberg af na die hemel opgevaar. Nét voor dit het Hy die opdrag van wêreldevangelisasie aan sy dissipels gegee. Dit sou egter eers gebeur nadat nóg ’n belangrike heilsgebeurtenis in Jerusalem plaasgevind het.

3. Die stad waar die Heilige Gees se wêreldwye werk begin het

Die Christelike kerk het sy ontstaan in Jerusalem gehad, waar die Heilige Gees op Pinksterdag oor 120 getroue dissipels uitgestort is. Hulle het ’n duidelike opdrag gekry om hiervoor te wag, want sonder die krag van die Heilige Gees sou hulle nie in ’n vyandige wêreld getuies vir die verwerpte Christus kon wees nie:

“En Hy sê vir hulle: So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan, en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder. En julle is getuies van hierdie dinge. En kyk, Ek stuur die belofte van my Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte” (Luk. 24:46-49).

Dit was die belofte van die Heilige Gees: “Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde” (Hand. 1:8). Op Pinksterdag, toe die Heilige Gees oor die dissipels uitgestort is, het die proses van wêreldevangelisasie begin. Op daardie dag is drieduisend siele gered en het die kerk van Christus sy geboorte in Jerusalem gehad. Daarvandaan sou die boodskap in die hele wêreld verkondig word, van Jerusalem af en verder.

4. Die vertrapte stad tydens Israel se ongeloof en die wêreldwye sendingopdrag

Waarom was Jerusalem regdeur die Nuwe Testamentiese bedeling ’n vertrapte stad, en in hierdie betreurenswaardige toestand baie ver daarvandaan om aan sy roeping te beantwoord as die stad van God? Omdat Israel nie hulle Messias aangeneem het nie, en dus nie hulle roeping as God se volk kon vervul om vanuit Jerusalem die boodskap van die Messias se reddende genade na die wêreld uit te dra nie. Die Here Jesus het Jerusalem en sy inwoners geoordeel weens hulle ongeloof:

“Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos ’n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie! Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat! Want Ek sê vir julle: Julle sal My van nou af sekerlik nie sien nie totdat julle sal sê: Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!” (Matt. 23:37-39). Op ’n vraag oor hierdie profesie het die Here Jesus gesê dat daar in Jerusalem nie een klip op die ander gelaat sal word wat nie afgebreek sal word nie (Matt. 24:2).

Israel is uit hulle stad verdryf en die bedeling van wêreldevangelisasie het begin – ’n taak wat hoofsaaklik deur nie-Joodse Christene uitgevoer word. Die Here Jesus het in sy profetiese rede gesê: “Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is” (Luk. 21:24). Uit die formulering van hierdie stelling kan ons baie duidelik aflei dat die Here se plan met Israel en Jerusalem nie gekanselleer is nie, want Jerusalem sou net vertrap word *totdat* die tye van die nasies vervul is. Die tye van die nasies dui op die tyd van wêreldevangelisasie. Aan die einde van die kerkbedeling móét Israel en Jerusalem dus herstel word om hulle belangrike toekomstige rol te vervul.

Paulus sluit ook hierby aan wanneer hy sê: “Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding

ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het; en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en die goddelooshede van Jakob afwend" (Rom. 11:25-26).

Soos reeds aangedui, het Jesus vir die Jode in Jerusalem gesê dat hulle Hom nie weer sou sien nie *totdat* hulle sal sê: "Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!" Wanneer Hy weer kom, sal Israel Hom sekerlik as Messias-Koning aanvaar!

Niemand kan teen die waarheid stry dat Israel net tydelik verhard geraak en verstrooi is nie, want in die onlangse geskiedenis is daar oorvloedige bewyse van die eindtydse herstel van Israel en Jerusalem. Die volk is in 1948 in hulle land herstel na byna 2 000 jaar van verstrooiing onder die nasies. Die ou deel van Jerusalem is in 1967 van Jordanië verower en het toe weer onder Joodse beheer gekom. In 1980 is Jerusalem tot die ewige en onverdeelbare hoofstad van Israel verklaar, en was dit vir die eerste keer sedert die Babiloniese ballingskap weer die hoofstad van 'n onafhanklike Israel. Tydens die Here Jesus se eerste koms was die stad onder die beheer van die Romeine. Tans is die stad volledig onder Joodse beheer, maar sy politieke en geestelike herstel sal eers finaal wees wanneer die Messias gekom en die troon van Dawid herstel het.

5. Die stad waarin Israel te midde van groot vyandigheid herstel word

Die huidige herstelproses van Israel is nog net gedeeltelik, en die meerderheid van die volk is nog steeds geestelik dood. Die Here laat om twee redes vyandighede teen Israel en Jerusalem toe:

Die eerste rede is om sy volk in benoudheid te bring sodat hulle gelouter en 'n oorblyfsel gered kan word. In 'n profesie oor hulle eindtydse loutering sê Hy: "Daarom, so sê die Here HERE: Omdat julle almal skuim geword het, kyk, daarom sal Ek julle binne-in Jerusalem bymekaarmaak. Soos silwer en koper en yster en lood en tin binne-in 'n smeltoond bymekaargemaak word om daarteen 'n vuur aan te blaas en dit te smelt, so sal Ek julle bymekaarmaak in my toorn en in my grimmigheid en julle ingooi en smelt" (Eseg. 22:19-20). Israel se huidige probleme gaan nog veel erger word terwyl hulle afstuur op die tyd van benoudheid van Jakob, waaruit net 'n oorblyfsel gered sal word (Jer. 30:7). In Hoséa 5:15 sê die Messias: "In hulle nood sal hulle My soek."

Die tweede rede waarom vyandighede teen Jerusalem eskaleer, is omdat die Here die nasies in Israel gaan versamel om by die slag van Armagéddon met hulle in die gerig te tree weens hulle sondes wat onder andere ook met Jodehaat gepaard gaan. In Sagaria 12:3 en 14:2 sê die Here dat al die nasies teen Jerusalem vergader sal word en dat Hy daar met hulle in gerig sal tree. Volgens Sagaria 14:12-13 sal dit verskriklik wees om te val in die hande van die lewende God. Joël 3:2 bevestig ook die feit dat die Here die nasies sal oordeel omdat hulle die volk Israel verstrooi en hulle land verdeel het.

6. Die stad van die Antichris se sewe jaar-lange regering

Daar wag in die nabye toekoms 'n baie donker tydperk van sewe jaar vir Jerusalem en die hele wêreld. Volgens Johannes 5:43 gaan Israel die Antichris as Messias aanvaar, en volgens Daniël 9:27 gaan al die nasies ook dieselfde fout maak. Dit gaan daartoe lei dat die Antichris gedurende die sewe jaar van die verdrukking vir Jerusalem een van die hoofkwartiere van sy goddelose wêreldregering gaan maak.

Met sy toestemming sal die tempel hier herbou word, maar hy gaan self die tempel ontheilig deur homself daarin tot God te verklaar. Paulus verwys na die Antichris as "die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word, ... sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is" (2 Thess. 2:4). Eers dan sal die Jode besef dat hulle die verkeerde persoon as Messias aanvaar het, en hulle verbond met hom verbreek. Die Antichris sal daarop 'n Joodse volksmoord gelas en hulle sal so vinnig as moontlik uit Jerusalem moet vlug na 'n skuilplek iewers in die berge. Die Here Jesus het hulle op die komende krisis voorberei:

"Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet

Daniël, sien staan in die heiligdom … dan moet dié wat in Judéa is na die berge vlug; … Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word" (Matt. 24:15-16, 21-22).

'n Messiaanse Jood, Arthur Katz, waarsku ook sy volksgenote oor die groot aanslag wat die valse messias en sy wêreldmagte op hulle gaan maak. Hy sê: "Ek sou liewer verkeerd bewys wou word, maar ek glo dat die huidige geslag Jode vernietiging op 'n wêreldwye skaal gaan ervaar wat veel erger as die Nazi-era sal wees. Ons gaan geweldig gehaat, vervolg en skielik verdryf word sodat ons sal moet vlug met net die klere aan ons lyf – sonder om te weet waarheen ons gaan. Die Here het gesê Hy sal met ons in die gerig tree, maar Hy sal ook herstel" (*The Holocaust – Where was God?*) Aan die einde van hierdie donker tonnel van die groot verdrukking sal die lig van die Messias se koms op die oorblyfsel van Israel skyn.

7. Die stad waar Christus Homself in heerlikheid gaan openbaar

Jerusalem is onteenseglik die toneel vir Christus se wederkoms: "En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal… En julle sal vlug in die dal van my berge. Dan sal die HERE my God kom, al die heiliges met U!" (Sag. 14:4-5). By hierdie geleentheid sal die Messias die oorblyfsel van Israel red, maar hulle vyande veroordeel. Die Here sê die volgende oor die nasionale redding van Israel:

"Oor die huis van Dawid en die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van genade en smekinge; en hulle sal opsien na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n mens rouklaag oor 'n enigste seun en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n eersgebore kind. … In dié dag sal daar 'n geopende fontein wees vir die huis van Dawid en vir die inwoners van Jerusalem teen sonde en onreinheid. … Hulle sal my Naam aanroep, en Ek sal hulle verhoor. Ek sê: Dit is my volk! En hulle sal sê: Die HERE, my God!" (Sag. 12:10; 13:1,9).

Nadat die volk met die Here Jesus versoen is, sal Hy ook die troon van Dawid in Jerusalem herstel. Dan sal 'n belofte vervul word wat die engel van die Here reeds voor Jesus se geboorte aan Maria gemaak het: "Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee" (Luk. 1:32). Jesus het nog nooit van die troon van Dawid af regeer nie, maar ná sy wederkoms sal Hy dit wel doen: "Daarna sal Ek terugkom en die vervalle hut van Dawid weer oprig, en wat daarvan verwoes is, sal Ek weer oprig en dit herstel, sodat die oorblyfsel van die mense die Here kan soek, en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, spreek die Here wat al hierdie dinge doen" (Hand. 15:16-17).

8. Die stad van die groot Koning tydens die vrederyk

'n Wonderlike toekoms wag op Jerusalem wanneer die stad in die duisendjarige vrederyk die hoofstad van die wêreld sal wees vanwaar die Messias sal regeer: "Skoon deur sy verhewenheid, die vreugde van die hele aarde is die berg Sion, aan die noordekant, die stad van die groot Koning" (Ps. 48:3). Almal sal hulle in Jerusalem en Sion verbly:

"Baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie" (Jes. 2:3-4).

"In dié tyd sal hulle Jerusalem noem die troon van die HERE; en al die nasies sal daarheen saamkom vanweë die Naam van die HERE in Jerusalem; en hulle sal nie meer wandel na die verharding van hul bose hart nie" (Jer. 3:17). Die duiwel sal in 'n put gebind wees sodat

hy nasies nie sal kan verlei nie.

Israel sal in hierdie tyd hoog in aansien wees: “So sal dan baie volke en magtige nasies kom om die HERE van die leërskare in Jerusalem te soek en die aangesig van die HERE om genade te smeek. So sê die HERE van die leërskare: In dié dae sal tien man uit al die tale van die nasies die slip van ’n Joodse man gryp en dit vashou en sê: Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor dat God met julle is” (Sag. 8:22-23).

9. Die stad waarop Satan se laaste rebellie gerig sal wees

Ná die Messiasryk gaan daar nog een groot, finale aanslag teen Jerusalem wees wanneer die duiwel uit sy gevangenis losgelaat word. Sy hernude geestelike teenwoordigheid op aarde sal duidelik aan die lig bring wie in daardie stadium waarlik gered is en wie nie. Klaarblyklik gaan daar aan die einde van die vrederyk ten spyte van die positiewe omstandighede op aarde ’n baie groot aantal vormgodsdienstiges wees wat net ’n gedaante van godsaligheid het. Hulle sal maklik deur die duiwel mislei kan word om aan sy laaste groot rebellie deel te neem:

“En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid” (Op. 20:7-10).

Dit sal die einde van Satanies-geïnspireerde aanslae teen Jerusalem en die koninkryk van God wees. Die duiwel en al sy meelopers sal daarna in die poel van vuur wees.

10. Die stad wat die enigste poort na die nuwe Jerusalem is

Die heilswerk wat die Here Jesus in aardse Jerusalem gedoen het, is die enigste poort na die hemelse Jerusalem, daardie wonderstad wat die Here Jesus as ’n ewige tuiste vir ons gaan berei het (Joh. 14:2-3). Wanneer die nuwe aarde geskape is, sal die nuwe Jerusalem uit die hemel neerdaal en op die aarde rus. Johannes sê:

“En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos ’n bruid wat vir haar man versier is. En ek het ’n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut” (Op. 21:2-5).

Voordat die heerlikheid van die ewigheid in die nuwe Jerusalem aanbreek, is daar op hierdie donker wêreld egter nog ’n stryd om te stry en oorwinning te verkry. Daar is belangrike aspekte van aardse Jerusalem se wêreldhervormende rol wat nog nie vervul is nie.

Hoedanig is jy en ek ingeskakel by die stryd ter ondersteuning van Jerusalem? Besef ons die intensiteit van die Satanies-gedrewe stryd teen Jerusalem en neem ons genoegsaam standpunt hierteen in? Besef ons regtig die groot en wonderlike openbarings van God wat nog in hierdie stad gaan plaasvind? Ons het nog soveel te meer as die Joodse ballinge in Babel rede om aan Jerusalem te dink, en te bid dat God se vrede opnuut sal neerdaal op hierdie stad wat so dikwels in die verlede as gevolg van sy inwoners se ongeloof en onkunde beleër, verwoes, vertrap en verlate was. Die Israelse ballinge het die volgende Sionslied gesing:

“As ek jou vergeet, o Jerusalem, laat my regterhand dan homself vergeet! Laat my tong kleef aan my verhemelte as ek aan jou nie dink nie, as ek Jerusalem nie verhef bo my hoogste vreugde nie” (Ps. 137:5-6).

Op die oomblik is Jerusalem ’n stad waarin grootskaalse ongeloof in die ware Messias heers, en ook ’n stad wat weens die vyande van Israel deur fisiese, godsdienstige en politieke verdeling bedreig word. Vir ons wat so nou by Jerusalem se verlede, hede en toekoms betrokke is, is dit ’n onaanvaarbare situasie en rede vir ernstige voorbidding totdat die Here Jerusalem bevestig en maak tot ’n lof op aarde.

9. Eise van die Eindtydse Stryd

Die einde van die kerkbedeling is ’n besonder veeleisende, wanordelike en onseker periode in die wêreldgeskiedenis. Alle mense op aarde is onderhewig aan die druk van oorskakeling na ’n nuwe wêreldorde, waarin volke hulle reg van ’n vrye en onafhanklike bestaan gaan verloor. Hierdie oorskakeling word verhaas deur wêreldwye probleme soos oorloë en opstande, terrorisme, moeilike ekonomiese omstandighede weens oorbevolking, lae produktiwiteit, oorbesteding, werkloosheid, besoedeling en die oorbenutting van natuurlike hulpbronne, asook die bandeloosheid en wetteloosheid wat kenmerkend van postmoderne samelewings is.

Hierbenewens word evangeliese Christene onderwerp aan verdere vorms van geestelike, morele en ideologiese druk wat daarop gerig is om hulle identiteit as Bybelgelowige Christene te vernietig. Dit is teen hierdie omvattende aanslag dat die Bybel ons waarsku. Ons moenie deel word van die probleem deur kompromie te maak met boosheid nie, maar, deur ons geloof in Jesus Christus, die krag van die Heilige Gees en profetiese waarskuwings teen toenemende boosheid in die eindtyd, moet ons vasberade die wedloop loop wat voor ons is. Eerbiedig jou onherroeplike toewyding aan Christus deur doelgerig op die smal pad te volhard sonder om daarvan af te wyk, of om toe te gee aan demoniese versoeking om die wedloop te laat vaar. Ons word opgeroep om teen boosheid te oorwin deur nie in die raad van die goddelose te wandel, op die weg van die sondaars te staan of in die kring van die spotters te sit nie (Ps. 1:1).

Daar is sewe opsigtelike aspekte van die stryd teen die Christendom, en ons moet die uitdaging aanvaar om op elkeen van hierdie fronte meer as oorwinnaars te wees. Daar was vir Christene nog altyd ’n stryd om te stry, maar in die eindtyd neem die aanslag in intensiteit toe. Saam met al die geleenthede om vir die Here te werk, neem die geestelike stryd ook in sy omvang toe. Die duiwel bied groter weerstand waar sy belange die meeste bedreig word. Paulus het gesê: “Want ’n groot en kragtige deur het vir my oopgegaan, en daar is baie teëstanders” (1 Kor. 16:9). Hy het daarteen gewaak om nie deur Satan bedrieg te word nie, en bygevoeg: “... want ons is met sy planne nie onbekend nie” (2 Kor. 2:10-11).

Is ons ook bekend met Satan se planne wat daarop ingestel is om ons geestelik te laat koers verloor en ons ook te ontneem van ons motivering om die Here te volg en te dien? Toets jouself op die volgende sewe terreine waar die eindtydse Christendom by ’n hewige stryd betrokke is:

1. Die invloed van globalisme en multigodsdienstige denke

’n Nuwe wêreldorde is vinnig besig om in ’n vroeë stadium van hierdie millennium gestalte aan te neem, en dit verteenwoordig een van die grootste bedreigings vir die evangeliese Christendom. Die doel van die nuwe wêreldorde is om ’n verenigde wêreld te skep waarin alle mense in harmonie kan saamleef. Die boustene daarvan is: (a) politieke globalisme wat gerig is op die vestiging van ’n wêreldregering wat almal gelyk sal behandel;
(b) ekonomiese globalisme wat ingestel is op die beoefening van sentrale beheer oor die wêreldekonomie sodat die verskil tussen ryk en arm uitgewis kan word; asook
(c) godsdienstige globalisme as die geestelike dryfkrag agter die bevordering van ’n alliansie van wêreldgodsdienste waarin alle partye as gelyke vennote kan saamwerk om harmonie en wêreldvrede te verseker.

Die idee van multigodsdienstige denke is geheel en al onaanvaarbaar vir evangeliese Christene. Dit kom neer op verraad teen die Drie-enige God van die Bybel wanneer die intergeloofsbeginsel aanvaar word dat alle gelowe dieselfde God aanbid. Evangeliese Christene glo nie aan ’n universele Skeppergod wat Homself aan sommige mense deur Jesus Christus geopenbaar het, en aan andere deur Mohammed, Krisjna, Boeddha of die voorvadergeeste nie. Jesus was nie maar net een van baie middelaars tussen God en die mens nie – Hy is die unieke Seun van God, en niemand kan na die Vader gaan behalwe deur Hom nie (Joh. 14:6).

Die evangeliese Christendom sluit alle ander gelowe uit, terwyl die nuwe wêreldorde 'n inklusiewe benadering volg waardeur alle gelowe ingesluit en aan mekaar verbind word. Hierdie nuwe benadering is reeds deur die meeste lande aanvaar, daarom is daar nie meer Christelike grondwette en Christelike onderwys wat deel van staatsbeleid is nie. Intergeloofsleerplanne word aangebied waarin daar iets goeds in alle gelowe gesien word en daar sodoende 'n grondslag vir intergeloofsdialoog en -samewerking geskep word.

Christene wat nie hierdie nuwe benadering wil aanvaar nie, en wat steeds volhou dat net hulle reg en al die ander gelowe verkeerd is, word as fundamentalisties, negatief en veroordelend beskou en derhalwe as struikelblokke in die vestiging van godsdienstige globalisme. Veral die jong geslag is baie aan breinspoeling van hierdie aard blootgestel.

Een van die gevolge van multigodsdienstige denke is dat die Bybel nie meer ernstig opgeneem word nie, en so ook nie Jesus Christus wat die vleesgeworde Woord is nie. Sulke mense steur hulleself al hoe minder aan wederkomsprediking, want dit maak deel uit van 'n Bybelse openbaring waaraan hulle geen waarde heg nie. Daar word eerder aandag gegee aan die beskouings en teorieë van ander gelowe, insluitend die byna uitgestorwe Maja Indiane van Sentraal-Amerika. Hulle teorie oor die einde van die wêreld wat op 21 Desember 2012 sou aanbreek, was selfs die onderwerp van 'n Hollywood-film en het wêreldwyd aanklank gevind. Die waarheid van die Bybel word toenemend deur multigodsdienstige leuens verdring.

Evangeliese Christene word skepties bejeën wanneer hulle daarop wys dat die aarde eers ná die duisendjarige vrederyk van Christus sal vergaan. Voor hierdie ryk, wat direk na die wederkoms van die Here Jesus ingestel sal word, sal daar wel 'n sewe jaar-lange verdrukking en groot goddelike oordele wees, maar dit sal nie die einde van alle lewe op aarde meebring nie.

2. Geestelike dwalings

Die eindtyd word veel meer as enige ander tyd in die verlede deur 'n groot toename in geestelike dwalings gekenmerk. Paulus sê: "Daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie," en as gevolg hiervan sal hulle valse leraars rondom hulleself versamel, die oor afkeer van die waarheid en hulle wend tot fabels (2 Tim. 4:3-4). Dit is in 'n toenemende mate die geval in ons tyd. Op alle denkbare maniere word pogings aangewend om die evangelie van Jesus Christus te ondermyn omdat dit in die pad staan van die nuwe wêreldorde. Die volgende basiese aspekte van ons geloofslewe word wesenlik verander sodat dit die grondslag van valse leerstellings kan vorm:

- Die beeld van die God van die Bybel word verander om Hom gelykvormig te maak aan die universele god van alle gelowe.
- Jesus Christus word van sy uniekheid en Godheid ontneem en sy beeld word so verander dat Hy gelykvormig gemaak word aan die universele en internasionaal aanvaarbare messias van alle gelowe.
- Die Heilige Gees word gereduseer tot 'n onpersoonlike bonatuurlike krag waardeur mense bemagtig word om tekens en wonder te doen en ook ekstatiese, buite-Bybelse openbarings van God se wil te ontvang, bv. deur drome, visioene, hoorbare stemme, ens.
- Die Bybel word afgeskaal tot 'n menslike geskrif wat baie foute en weersprekings bevat, en nie op alle mense van alle tye betrekking het nie. Dit is na bewering in terme van 'n primitiewe en onwetenskaplike wêreldbeeld geskryf, en word daarom nie as die tydlose en verhewe Woord van God beskou nie. As gevolg hiervan word die Bybel óf vergeestelik óf histories verklaar en verloor gevolglik sy relevansie vir die postmoderne mensdom.
- As gevolg van al hierdie faktore word die Christelike geloof afgeskaal en met die ander wêreldgodsdienste gelykgestel. Die unieke karakter daarvan verdwyn heeltemal, en as gevolg van mense se ongeloof het dit nie meer 'n saligmakende krag nie. Die evangelie

van Jesus Christus is slegs werksaam as ’n krag tot redding vir diegene wat glo (Rom. 1:16). Mense wat weier om Bybelse beloftes te glo, verhard hulle harte teen die evangelie en bly dus ongered (Heb. 4:7).

Evangeliese Christene moet teen hierdie tydgees van agnostisisme en antichristelike hervormings weerstand bied, al is die druk vir verandering ook hoe groot. As ons die Bybelse Godsbegrip verander, Jesus Christus met die afgode gelykstel, die Woord van God nie meer in ere hou nie, onsself vir vreemde geestelike manifestasies oopstel en doelbewus deel van die vervalle, eindtydse wêreldorde word, is ons deur misleiers van die waarheid af weggesleep en het ons uit ons eie vastigheid in Christus weggeval (2 Pet. 2:1-2; 3:17). Daar is ongelukkig baie Christene wat verflou in hulle ywer, wankel in hulle geloof en veragter in die genade.

3. Morele verval

Die postmoderne mens van die eindtyd aanvaar geen vaste reëls wat sy vryheid aan bande lê nie – nie op politieke, godsdienstige óf morele gebied nie. Hy wil vry wees om korrupsie te pleeg, omkoopgeskenke te betaal, mense af te pers, te dobbel en te drink, buite-egtelike verhoudings aan te knoop en ook openlik homoseksueel te leef as dit hom sou pas. Die ironie is dat kerke wat die stroom van immoraliteit behoort te stuit, dikwels self kampvegters is vir groter morele vryhede, insluitend die reg van seksuele oriëntasie.

In 2012 het daar ’n Bybel vir gays verskyn waaruit alle verwysings na homoseksualiteit weggelaat is. Op die webblad http://queenjamesbible.com/ sê die redakteurs van die nuwe Bybel: “Dit was algemeen bekend dat King James biseksueel was. Hoewel hy met ’n vrou getroud was, was hy onder sommige van sy vriende as gevolg van sy baie gay verhoudings ook as ‘Queen James’ bekend. Ons is baie aan hom verskuldig en dit is tot sy eer dat ons hierdie nuwe Bybel die ‘Queen James Bible’ noem.” Die bewering word verder gemaak dat die woord “homoseksualiteit” vir die eerste keer in 1946 in ’n Engelse Bybel genoem is, en hierdeur word geïmpliseer dat dié begrip nie in die oorspronklike tale van die Bybel voorkom nie.

Voor 1946 is ander woorde egter gebruik, bv. sodomiete, wat presies dieselfde betekenis het. Die eerste verwysing na hierdie sonde verskyn in die Tora wat in 1312 v.C. by Sinai van die Here af ontvang is. In Levítikus 20:13 staan daar: “En as ’n man met ’n manspersoon gemeenskap het soos mens met ’n vrou het, het hulle altwee iets gruweliks gedoen. Hulle moet sekerlik gedood word.” Hierdie vorm van seksperversie druis in teen die basiese natuur van mense soos wat hulle geskape is, en sal daarom altyd as ’n gruwel beskou word deur God. Paulus skryf aan die gemeente in Rome oor die bose dade wat deur sulke mense gepleeg word:

“Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang” (Rom. 1:26-27). Vir ’n verdere bespreking van wat die Bybel oor gays sê, sien http://apprising.org/2012/12/15/%D1%8F-u-ready-4-the-queen-james-bible/.

’n Immorele lewe word ook gekenmerk deur verskeie ander verwronge uitvloeisels wat tipies is van die duiwel en sy bose koninkryk. Paulus noem immorele dade “die onvrugbare werke van die duisternis” (Ef. 5:11), “die werke van die vlees” (Gal. 5:19-21) of bloot “sonde” (Heb. 12:1). Evangeliese Christene moet die getuienis hê dat die Here Jesus hulle van hul sondes verlos het. Daarna moet hulle in heiligheid toeneem, sodat die sonde nie weer ’n houvas op hulle verkry nie: “Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie” (Rom. 6:12).

Soos wat sonde en losbandigheid in die eindtyd toeneem, en die waarheid toenemend deur die leuen verdring word, moet ons op die smal weg volhard en nie daarvan afwyk nie. Ons moet vasstaan in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en onsself nie

weer plaas onder die juk van diensbaarheid aan sonde nie.

4. Materialisme

Christene word ook deur ’n groot uitdaging gekonfronteer om teen die sterk invloed van materialisme en sekulêre humanisme te stry en standvastig in hulle geloof te bly. Die prestasies van die moderne wetenskap, en veral die hoë mate van tegnologiese sofistikasie wat bereik is, plaas dit binne baie mense se bereik om suksesvol te wees, ryk te word en in hulle eie vermoëns te kan roem.

Wanneer rykdom toeneem, verminder die mens se afhanklikheid van eksterne hulp, insluitend geestelike ondersteuning, en word die suksesvolle persoon die bepaler van sy eie lotgevalle. In werklikheid word hy sy eie god. In sy selfvergenoegde posisie besef hy nie sy geestelike armoede en afhanklikheid van God nie. Die Here Jesus sê aan sulke mense: “Omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug. Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie” (Op. 3:16-17).

Wanneer ’n persoon deur rykdom of bloot net die begeerte na rykdom meegesleur word, koel hy af teenoor die Here en raak uiteindelik geestelik die pad byster. Paulus sê: “Die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang. Want die geldgierigheid is ’n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor” (1 Tim. 6:9-10).

Dit beteken nie dat die gelowige ekonomies onaktief moet wees en akademies vrygestel is van hoë prestasies nie. Paulus sê dat “as iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie” (2 Thess. 3:10). ’n Christen moet altyd hardwerkend wees, ’n persoon van onbetwiste integriteit en iemand wat ook na die belange van andere omsien. Daar moet egter perke wees: geld en die sug na rykdom moet nie ’n obsessie by hom word nie, want dan is hy ’n volgeling van die geldgod, die onregverdige Mammon. Ons kan nie God én Mammon dien nie (Matt. 6:24), daarom moet ons seker maak dat ons geestelike prioriteite altyd in orde is. Baie Christene raak egter oormatig materialisties en dit maak hulle geestelik lou, koud en nie geïnteresseerd in die dinge van die Here nie.

5. Depressie

Morele depressie is die teenoorgestelde van hoogmoed en selfvoldaanheid. Sulke persone het geen vertroue in die Here of in hulleself nie, hulle toon geen belangstelling in die lewe nie, wantrou almal en verkies gewoonlik die dood bo die lewe. Hulle geloof is so afgetakel dat hulle nie die beloftes in die Bybel kan of wil aanvaar nie, daarom is hulle selfs traag om redding wat vryelik aan hulle gebied word aan te gryp. Hulle moeilike omstandighede trek hulle af in ’n put van donker gedagtes, en hulle geloof verander in twyfel of selfs algehele wanhoop.

Ons word teen ’n verstandelike en geestelike ingesteldheid soos dié gewaarsku: “Pas op vir julleself dat julle harte nie miskien verswelg word deur ... sorge van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie” (Luk. 21:34). Gelowiges wat nie na die Here Jesus se wederkoms uitsien nie, het alle rede om bekommerd te wees oor die opregtheid van hulle verhouding met Hom. ’n Swak geloof en onvoldoende geestelike toewyding lei dikwels na morele laksheid. Vir só ’n persoon kan die dag van die Here se koms skielik aanbreek sonder dat hy daarvoor gereed is. Die Here Jesus het gesê ons moet waak en bid sodat ons waardig is om die komende verdrukking te ontvlug en voor Hom in heerlikheid te verskyn (Luk. 21:36). Ons moenie in biddeloosheid, ongeloof en selfbejammering verval nie, want dan sal ons nie waaksaam en gereed wees vir Christus se skielike koms om sy geheiligde bruid te kom haal nie.

Die moeilike tydsomstandighede van die laaste dae kan baie Christene depressief maak en hulle van hulle uitgebreide verpligtinge in die lewe laat onttrek. Dan word hulle geestelik egter nog swakker in plaas van sterker. Ons moet besef dat daar selfs nog moeiliker tye

voorlê, en onsself voorberei om dit die hoof te bied. Ons kan nie die stryd gewonne gee, neerlaag aanvaar en deur selfbejammering vasgevang raak nie. Paulus sê: “Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom” (2 Tim. 3:1). Die wêreld sal al hoe boser word en ekonomiese omstandighede al hoe moeiliker, terwyl geweld, misdaad en wetteloosheid eksponensieel sal toeneem. Ons sal geestelik sterk moet wees om ons weg deur die troebel waters van eindtydse verval te vind en te volhard tot die einde toe.

Die Bybel gee duidelike raad oor hoe om geestelik gesond te wees: “Word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte ... sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel” (Ef. 6:10-11). Dit vereis dat ons van alle sondes en sondige gedagtes gereinig sal word deur die bloed van die Lam (1 Joh. 1:7). Ons moet ook opnuut met die Heilige Gees vervul word sodat ons versterk kan word met krag uit die hoogte. Slegs dan sal ons geestelik sterk staan en ook in staat wees om twyfelaars en diegene wat gestruikel het, te kan help: “Broeders, as iemand ewenwel deur een of ander misdaad oorval word, moet julle wat geestelik is, so een reghelp met die gees van sagmoedigheid, terwyl jy op jouself let, dat jy ook nie versoek word nie. Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus” (Gal. 6:1-2).

6. Passiwiteit en onbetrokkenheid

Daar is verskeie waarskuwings in die Bybel teen eindtydse Christene wat onbetrokke raak by die werk van die Here omdat hulle nalaat om te waak, te bid en die Here te dien soos wat hulle behoort. Die gevolg hiervan is dat hulle nie net geestelik aan die slaap raak nie, maar ook verkeerde dinge doen waardeur hulle van die Here af wegdryf.

Ons lees in die gelykenis van die tien maagde dat hulle al tien aan die koninkryk van die hemel behoort het en dat almal uitgegaan het om die bruidegom te ontmoet. Net vyf van hulle was verstandig in dié sin dat hulle ekstra olie by hulle gehad het. Olie is ’n simbool van die Heilige Gees en dit dui daarop dat hulle ’n volle oorgawe gemaak het om met die Heilige Gees vervul te word. Die vyf dwase maagde het wel lampies en olie gehad, maar nie genoeg olie nie. Middernag het hulle lampe begin doodgaan. Hulle dwaasheid is daarin geleë dat hulle vleeslike Christene was wat nie met die Heilige Gees vervul was nie (vgl. 1 Kor. 3:1-3; Gal. 5:17; Ef. 5:18).

Daar was twee ernstige probleme waardeur hierdie groep van tien gekenmerk is. Die vleeslikes het nog nie die krag van die Heilige Gees ontvang nie (vgl. Hand. 1:8; Luk. 24:49), daarom kon hulle nie werke doen wat by bekering pas nie. Geen wonder dat die lig van hulle getuienis uitgedoof is toe omstandighede moeilik begin raak het nie. Hierbenewens was daar ’n probleem waaraan al tien die maagde skuldig was, naamlik die verflouing van hulle verwagting op die koms van die bruidegom toe hy langer getalm het as wat hulle gemeen het. Hulle het nie gewaak en gebid nie, maar in passiwiteit verval en geestelik aan die slaap geraak. Selfs Geesvervulde kinders van die Here kan hulle visie verloor, verflou in hulle toewyding en nalaat om ’n aktiewe wederkomsverwagting te hê. Hulle het nog die Here lief en leef vir Hom, maar alles is nie in orde in hulle geestelike lewe nie.

Die gevaar is dat sulke mense wat nie ’n aktiewe verwagting koester ten opsigte van die Bruidegom se skielike koms nie, geneig is om vir hulleself ander doelwitte te stel en te vergeet dat hulle rekenskap van hulle lewens voor Christus se regterstoel sal moet gee. As gevolg hiervan raak hulle wêreldgesind, op eiebelang ingestel, dryf van die Here af weg en maak hulleself aan sondige optrede skuldig: “Maar as daardie slegte dienskneg in sy hart sê: My heer talm om te kom – en hy sy mededienskneg te begin slaan en saam met die dronkaards begin eet en drink, dan sal die heer van dié dienskneg kom op ’n dag dat hy dit nie verwag nie en op ’n uur dat hy dit nie weet nie; en sal hom pynig en hom ’n deelgenoot van die geveinsdes maak” (Matt. 24:48-51).

Is jy ook een van die slapende maagde wat nie meer elke dag vir Jesus Christus voor oë hou en naby Hom leef nie? Dan het jy die tydgees van passiwiteit en onbetrokkenheid by die werk van die Here ten prooi geval en sal beslis skade ly wanner die Here sy

diensknegte beloon vir hulle arbeid en geloof. Ons word opgeroep om wyse maagde te wees wie se lewens van Geesgeïnspireerde werke getuig: “Wie is dan die getroue en verstandige dienskneg vir wie sy heer oor sy diensvolk aangestel het om hulle hul voedsel op tyd te gee? Gelukkig is daardie dienskneg vir wie sy heer, as hy kom, op hierdie manier besig sal vind. Voorwaar Ek sê vir julle, hy sal hom oor al sy besittings aanstel” (Matt. 24:45-47).

7. Kompromiemakers

Een van die groot gevare waarteen Christene in die eindtyd moet waak, is om nie met afvalliges of wêreldlinge kompromie te maak nie. In die postmoderne tydgees is dit aan die orde van die dag om aan alle gelowe, gebruike of ideologieë erkenning te gee en selfs openlike kompromie daarmee te maak. Dit lei na ’n groot mate van verdraagsaamheid teenoor dinge wat in stryd is met die Christelike geloof, en uiteindelik word verskillende sondes en valse geloofsopvattings goedgepraat en selfs oorgeneem. Ons word teen kompromie van hierdie aard gewaarsku:

“Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis? En watter ooreenstemming het Christus met Bélial, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige? ... Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle ’n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige” (2 Kor. 6:14-18).

Ons kan nie twee here dien nie, ons kan nie God én die wêreld liefhê nie, en ons kan ook nie ’n brug bou tussen die smal weg en die breë weg omdat ons graag die beste uit twee wêrelde wil geniet nie. Trouens, ons kan nie eers in die kleinste opsig kompromie maak met enigiets wat selfs net in die geringste mate van die waarheid van God se Woord afwyk nie. Indien daar gelowiges is wat sekere Bybelse leerstellings verloën, of wat ’n kompromie-godsdiens beoefen waarin bv. die Ou-Testamentiese wet en die Nuwe-Testamentiese genade vermeng word, dan moet ons geen deel daaraan hê nie. Onthou dat ’n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak (1 Kor. 5:6).

Waarmee kan ons ons weg suiwer hou? Deur nougeset in ooreenstemming met God se Woord te wandel. Ons moet saam met die psalmis kan sê: “Ek het U Woord in my hart gebêre dat ek teen U nie sal sondig nie” (Ps. 119:11).

Weerstaan doelgerig die neiging tot kompromie want dit is ’n wesenlike deel van die opdrag tot heiligmaking. As ons na gees, siel en liggaam onberispelik wil wees op die dag van Jesus Christus, moet ons na volkome heiligmaking streef (1 Thess. 5:23-24). Heiligmaking vereis dat ons sal afwyk van elke vorm van die kwaad en daarvan gereinig sal word deur die bloed van die Lam (1 Joh. 1:7). Ons moet ook met die Heilige Gees vervul word sodat ons die nodige krag en motivering sal hê om onder alle omstandighede voort te gaan om die Here te dien (Hand. 1:8). Dit is die geheim vir kompromielose toewyding aan die Here.

Die einddoel

Die einddoel van ons geloof moet wees om ten spyte van al die aanslae en stryd teen ons, vasberade voort te gaan om die Here selfs onder die moeilikste omstandighede te dien. ’n Voorwaarde hiervoor is dat ons altyd onsself krities sal ondersoek om seker te maak dat daar niks is wat tussen ons en die Here inkom, wat ons vordering kan skaad of belemmer nie:

“Daarom dan, terwyl ons so ’n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, ... en pas op dat niemand in die genade van God veragter nie” (Heb. 12:1-2, 15).

Heerlike dinge wag op die oorwinnaars – dit is hulle wat hulleself nie onder die dwase

maagde, die vleeslikes, moedeloses en kompromiemakers bevind nie: “Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom. En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee” (Op. 2:25-26).

Elkeen van ons moet onsself heelhartig aan die ideaal toewy om die wedloop onder die geledere van die oorwinnaars te voltooi. Dit sal tot die eer van die Here wees om voor sy troon bevind te word as ’n oorwinnaar in die groot stryd teen die koninkryk van die duisternis, en ook as ’n betroubare werker wat nie met leë hande voor Hom sal verskyn nie.

10. Twee Duidelike Fases in Petrus se Lewe

In boodskappe oor die eindtyd is dit noodsaaklik dat die hoë geestelike standaard beklemtoon word wat die Here self gestel het vir gereedheid en waardigheid vir sy wederkoms. Hoe sal ons in ’n slegter wordende, geestelik vervalle en moreel verdorwe wêreld staande kan bly as ons nie volwasse Christene is wat met die Heilige Gees vervul is nie? Daar moet ’n ondervinding in elke gelowige se lewe wees wat as heiligmaking, vervulling met die Heilige Gees of geestelike bekragtiging beskryf kan word. Dit gaan nie met ekstatiese tekens gepaard nie, maar met hartsreiniging en ’n versterking van jou geloof.

Deur heiligmaking word ons op ’n pad van geestelike ontwikkeling geplaas waarop ons kan opgroei tot die mate van ’n volwasse man of vrou in Christus, “sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van die lering nie” (Ef. 4:13-14). Indien ons nie hierdie oorgawe maak nie, gaan ons voort om as vleeslike Christene ’n sukkelbestaan te voer wat gekenmerk word deur wêreldgesindheid, jaloersheid, twis en tweedrag (1 Kor. 3:1-3; Gal. 5:17).

In hierdie boodskap kyk ons na die twee duidelike fases in Petrus se lewe, waarin hy eers ’n vleeslike en later ’n geestelike Christen was. Ons moet hieruit leer, sodat ons ook aangespoor kan word om die heiligmaking in die vrees van God te volbring (2 Kor. 7:1; vgl. 1 Thess. 4:3). Die Here Jesus het nie net vir Petrus en die ander dissipels opdrag gegee om met die Heilige Gees vervul te word nie (Hand. 1:8), maar ook vir ons almal.

Heilige manne in die Bybel behoort nie tot die vlak van rolmodelle verhef te word nie, omdat elkeen se omstandighede en roeping uniek is. Jesus Christus is ons enigste rolmodel en ons word geroep tot ’n lewe van gelykvormigheid aan Hom. Petrus sê dat Jesus vir ons ’n voorbeeld gestel het sodat ons sy voetstappe kan navolg (1 Pet. 2:21). Ons kan nogtans baie uit Petrus en ander heilige manne se lewens en ervarings leer – nie net uit dit wat hulle bereik het nie, maar ook uit hulle mislukkings. Ons moenie dieselfde foute maak as wat hulle gemaak het nie. Indien ons wel soos hulle faal, dan moet ons let op die wyse waarop hulle hul probleme oorkom en weer in die regte verhouding met die Here gekom het. Kyk egter veral na dit wat hulle positief bereik het en word daardeur geïnspireer om beter navolgers van die Here Jesus te word:

“Daarom dan, terwyl ons so ’n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof” (Heb. 12:1-2). Slaan ag op die wolk van getuies en leer uit hulle ondervindings, maar hou jou oë op die Here Jesus gevestig. Die geheim van die oorwinnende lewe is om in Christus te bly (Joh. 15:4-5) en nie ’n navolger van mense te word nie.

Daar was verskeie hoogte- en laagtepunte in Petrus se lewe, en sy geestelike oorwinnings het ’n blywende erfenis vir Christene van alle tye nagelaat. Uit ’n geheelbeeld van sy lewe is dit duidelik dat daar twee fases in hierdie dissipel se lewe was. Eers was daar die wisselvallige deel van sy lewe tussen sy bekering en vervulling met die Heilige Gees, maar ná Pinksterdag sien ons Petrus as die Geesvervulde dissipel van Jesus wat groot dinge vir die uitbreiding van die Here se koninkryk bereik het. Ten spyte van die hewigste druk op hom het hy nooit voor versoekings of aanslae geswig nie en enduit op die nou pad volhard.

Die volgende was die belangrikste stadiums in Petrus se geestelike ontwikkeling:

Sy roeping en opleiding

Petrus is as ’n visser by die See van Galiléa geroep om ’n dissipel van die Here Jesus te word: “En terwyl Jesus langs die see van Galiléa loop, sien Hy twee broers, Simon wat genoem word Petrus, en Andréas, sy broer, besig om ’n net in die see uit te gooi; want hulle was vissers. En Hy sê vir hulle: Kom agter My aan, en Ek sal julle vissers van mense maak. En hulle het dadelik die nette laat staan en Hom gevolg” (Matt. 4:18-20).

Jesus het ’n klein groepie dissipels geroep om intensief opgelei te word vir hulle toekomstige rol om Hom voltyds as evangeliste te dien. Dit beteken nie dat alle getuies van Christus hulle werk moet bedank om Hom voltyds te dien nie – elkeen moet ten volle duidelikheid oor sy eie roeping verkry. Selfs ’n toegewyde apostel soos Paulus het vir sy lewensonderhoud tente gemaak, maar dit was nooit die belangrikste fokus van sy lewe nie.

Petrus het alles verlaat om die Here Jesus te volg – sy werk én sy familie – en hy het later slegs vir een nag na sy vroeëre beroep as visserman teruggekeer toe hy gedink het dat dit te moeilik en ook te gevaarlik was om Jesus te dien. Hy is egter gou van sy twyfel, vrees en gebrek aan motivering verlos.

Sy kennis, voortvarendheid en verloëning van die Messias

Petrus was die eerste dissipel wat openlik verklaar het dat Jesus die Messias en Seun van God is. Hy het sonder huiwering gesê: “U is die Christus, die Seun van die lewende God” (Matt. 16:16). Christus het hierop geantwoord: “Jy is Petrus [afgelei van *petros,* ’n klein rotsie], en op hierdie rots [*petra:* ’n groot rots] sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie” (Matt. 16:18). Die groot rots verwys na Petrus se getuienis dat Jesus die Christus is. In hierdie uitspraak bevestig die Here Jesus vier kerngedagtes in verband met die Nuwe-Testamentiese kerk:

1. Hy sou sy kerk (die *ekklesia,* of uitgeroepenes) in die wêreld vestig en dus die Hoof daarvan wees.
2. Hy sou self die fondament of rots wees waarop die kerk gebou word – nie Petrus nie.
3. Hierdie kerk sou groot geestelike teëstand ervaar, want al die bose magte waaroor Satan beskik, sou ingespan word om die kerk te vervals of te vernietig.
4. Die ware kerk sal nie vernietig word nie, maar al die aanslae teen hom oorleef.

In die tyd toe Petrus die belangrike openbaring oor Jesus as die beloofde Messias en Seun van God ontvang het, was hy nog nie ’n Geesvervulde gelowige nie en het nie die hele raad van God geken nie. Hy het bv. glad nie besef dat Jesus twee keer sou kom, en tydens sy eerste koms die lydende Messias sou wees wat sy lewe vir sondaars aflê nie. As gevolg van sy vleeslikheid en gebrekkige kennis kon Petrus nie verstaan waarom Christus moes ly en sterf nie.

Die Here Jesus het gesê dat Hy baie onder “die ouderlinge en owerpriesters en skrifgeleerdes moes ly, en gedood word en op die derde dag opgewek word” (Matt. 16:21). Petrus het totaal negatief hierop gereageer: “Toe neem Petrus Hom opsy en begin Hom bestraf en sê: Mag God dit verhoed, Here, dit sal U nooit oorkom nie! Maar Hy het omgedraai en vir Petrus gesê: Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My ’n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense” (Matt. 16:22-23).

Pas nadat Petrus ’n stelling gemaak het oor ’n baie groot waarheid met betrekking tot Jesus se Godheid en Messiasskap, het die duiwel hom weens sy beperkte insig in God se raadsplan mislei om homself teen die moontlikheid van Jesus se kruisiging uit te spreek. Baie Christene wat onkundig en geestelik onvolwasse is, tree ook so op. Die een oomblik bely hulle ’n groot waarheid uit die Woord, en die volgende oomblik ontken hulle weer ’n kernwaarheid in die Bybel en verkondig een van Satan se baie leuens. Hulle doen dit as gevolg van misleiding of ’n gebrek aan kennis, en is gewoonlik vas daarvan oortuig dat hulle die regte siening huldig.

Selfs nadat Petrus reggehelp is, was dit nie die einde van sy vleeslike arrogansie nie. Kort voor Jesus se kruisiging het Hy aan sy dissipels gesê: “Julle sal almal in hierdie nag aanstoot neem aan My. ... Daarop antwoord Petrus en sê vir Hom: Al sal almal ook aanstoot aan U neem, ek sal nooit aanstoot neem nie. Jesus sê vir hom: Voorwaar Ek sê vir jou, in hierdie nag, voordat die haan gekraai het, sal jy My drie maal verloën. Petrus sê vir Hom: Al moes ek ook saam met U sterwe, ek sal U nooit verloën nie! So het ook al die

dissipels gesê" (Matt. 26:31-35). Petrus het ook die ander dissipels beïnvloed om op hulle eie krag en integriteit te vertrou.

'n Mens kan die mooiste en eerbaarste voornemens hê om in die Here Jesus se voetspore te volg en nie daarvan af te wyk nie, maar sonder die instaatstellende krag wat Hy deur sy Heilige Gees aan ons verleen, sal daar niks van kom nie. Die aand voor die kruisiging het Petrus drie keer heftig ontken dat hy 'n dissipel van Jesus was. Toe Jesus op die punt was om die doodstraf deur kruisiging opgelê te word, en sy dissipels onder geweldige druk van vervolging verkeer het, was Petrus nie eers in staat om teenoor 'n eenvoudige diensmeisie te erken dat hy 'n volgeling van Jesus was nie. Hy het selfs gesweer dat hy Hom nie ken nie (Matt. 26:69-74).

Petrus het gou sy fout besef: "En dadelik het die haan gekraai, en Petrus het die woord van Jesus onthou wat Hy vir hom gesê het: Voor die haan kraai, sal jy My drie maal verloën. En hy het buitentoe gegaan en bitterlik geween" (Matt. 26:75). Wanneer 'n mens se beste voornemens in mislukking eindig, voel jy baie teleurgesteld, skaam en jammer oor jou lafhartige optrede. Jou selfbeeld is in skerwe en daar is 'n streep deur jou getuienis as Christen getrek. Jy wonder hoe dit moontlik is dat jy so 'n swakkeling kon wees. Petrus het egter nie die stryd gewonne gegee nie, maar bitter berou oor sy mislukkings gehad en besluit om weer te probeer.

Sy tydelike en gedeeltelike herstel

Petrus was in hierdie tyd steeds nie met die Heilige Gees vervul nie, daarom kon verwag word dat daar van sy herstelpoging nie veel sou kom nie. Kort ná die kruisiging van Jesus Christus het hy weer by die ander dissipels aangesluit en probeer om sy gebroke geestelike lewe in orde te kry.

Die dissipels was egter almal vreesbevange ná die teregstelling van Jesus en het hulleself in 'n vertrek toegesluit. Die Sondag toe die Here Jesus uit die graf opgestaan het, was hulle steeds agter geslote deure bymekaar: "En toe dit aand was op daardie eerste dag van die week en die deure waar die dissipels vergader het uit vrees vir die Jode gesluit was, het Jesus gekom en in hul midde gestaan en aan hulle gesê: Vrede vir julle!" (Joh. 20:19).

Tydens hierdie byeenkoms het die dissipels vir die eerste keer die sendingopdrag ontvang (Joh. 20:21). Hoewel hulle deur die Heilige Gees die vrede van sondevergifnis gehad het, was hulle nog nie met die krag van die Heilige Gees vervul nie en kon dus toe nog nie begin om die opdrag van wêreldevangelisasie uit te voer nie. Hulle moes eers geestelik hiervoor toegerus word:

"En Hy sê vir hulle: So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan, en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder. En julle is getuies van hierdie dinge. En kyk, Ek stuur die belofte van my Vader op julle. Maar julle moet in die stad Jerusalem bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte" (Luk. 24:46-49).

Voor die vervulling met die Heilige Gees het Petrus en die ander dissipels besef dat hulle nie die geestelike krag en motivering gehad het om 'n goddelose, vyandige wêreld met die evangelie van Christus te konfronteer nie. Hulle het hulle onvermoë besef, vir die geweldige uitdaging teruggedeins en besluit om maar liewer 'n lae profiel te hou en voorlopig na hulle sekulêre beroepe terug te keer. Petrus het gesê: "Ek gaan visvang. Hulle sê vir hom: Ons gaan ook saam met jou. En hulle het uitgegaan en dadelik in die skuit geklim, en in daardie nag het hulle niks gevang nie" (Joh. 21:3).

Die Here Jesus het volle begrip vir hulle gebrek aan kennis en geestelike toewyding gehad, en duidelik vir hulle gewys dat hulle nie gelukkig sou wees as hulle na die wêreld terugkeer nie. Hy het hulle by die See van Galilea gaan opsoek, deur 'n wonderwerk verseker dat hulle baie visse vang, en daardeur vir hulle gewys dat net Hy 'n verskil in hulle lewens kon maak. Hy kon beslis ook van hulle vissers van mense maak. Jesus het aan Petrus die geleentheid gegee om drie keer te bevestig dat hy Hom waarlik liefhet.

Sodoende het hy vergoed vir die drie keer wat Hy Jesus verloën het, en toe die opdrag gekry om as ’n herder vir die Here Jesus se kudde op te tree deur geestelike voedsel en versorging aan hulle te bied (Joh. 21:15-17).

Onder die geledere van vleeslike Christene is daar ook verskeie persone wat ná ’n tyd besluit om nie meer die Here te volg en te dien nie, en hulleself weer ten volle in ’n sekulêre loopbaan in die wêreld te gaan uitleef. Hulle soek nie meer die Here nie en dien Hom op ’n halfhartige wyse. Sulke mense sal nooit geluk vind nie, omdat hulle ’n geestelike roeping verruil het vir iets wat tydelik, minderwaardig en onvervullend is. Daar is vir hulle net een pad en dit is terug na die Here Jesus, na hernude reiniging deur sy bloed en die vervulling deur sy Heilige Gees. Teruggevallenes moet Psalm 51 lees en ’n nuwe oorgawe aan die Here maak.

Vervulling met die Heilige Gees

Petrus was onder die groep van 120 dissipels en ander gelowiges wat in Jerusalem op die uitstorting van die Heilige Gees gewag het, sodat hulle toegerus kon word met krag uit die hoogte. In Handelinge 1:8 het die Here Jesus gesê: “Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde.” Die opdrag was groot, maar so ook die instaatstellende krag.

Petrus, wat in ’n stadium herhaaldelik vir Jesus verloën het toe hy onder die druk van vyandige mense geswig het, het homself vir tien dae lank saam met die ander dissipels verootmoedig om sy sonde en vleeslikheid te bely, sy geloof volkome in Jesus Christus te stel en te wag op die uitstorting van die Heilige Gees sodat hy vir diens bekragtig kon word. Die dissipels is op Pinksterdag met die Heilige Gees vervul en die “nuwe Petrus” het met groot oortuiging die evangelie aan ’n misleide Joodse volk verkondig. Hy het ’n kragtige boodskap gebring en op een dag drieduisend siele na Christus gelei. Dit was die eerste vaste treë van die jong kerk van Christus op aarde.

Daarna het die vroeë kerk dikwels aan vleeslikheid en ’n gebrek aan kennis mank gegaan, en dit onderstreep die feit dat almal van ons ná bekering ook ’n dieper genadewerk van vervulling met die Heilige Gees nodig het. Sonder hierdie ondervinding sal ons niks in die diens van die Here bereik nie. Israel moes nie alleen deur die Rooi See van wedergeboorte gaan nie, maar ook deur die Jordaan van ’n volle oorgawe en sterwe aan die ou lewe van val en opstaan. Dieselfde beginsel geld vir alle gelowiges.

In die fase van Petrus se lewe ná Pinksterdag het hy ervaar wat dit was om in die volheid van die Heilige Gees te wandel en ver verby aardse begeerlikhede na ons ewige woning in die hemel te kyk. Hy het uit eie ondervinding geweet wat dit was om ’n vleeslike Christen te wees wat die Here Jesus in baie opsigte teleurgestel en ook verloën het, maar genadiglik het hy die opdrag ernstig opgeneem om op die Here te wag totdat hy toegerus was met krag uit die hoogte. Daarna het hy nooit weer omgekyk of gehuiwer nie, selfs nie toe hy aan die einde van sy lewe ’n marteldood deur kruisiging in die gesig gestaar het nie.

Wandel jy ook deur die volheid van die Heilige Gees? Dan sal jy krag ontvang om ’n getuie vir Christus te wees en onder die moeilikste omstandighede staande te kan bly sonder om moedeloos te word en terug te draai na die wêreld toe. Jy sal ook kragtig word in die Here om met sukses teen die aanslae van die duiwel weerstand te kan bied. Verder sal jou kennis van die Here en sy Woord toeneem totdat jy saam met al die heiliges ten volle sal kan begryp wat die breedte, lengte en diepte van Christus se liefde is, sodat jy vervul kan word tot al die volheid van God (Ef. 3:17-19).

Sy sleutelrol in die vestiging van die kerk

Petrus was die dissipel wat deur die Here uitverkies is om op Pinksterdag die oorgang van die bedeling van die wet na die bedeling van genade aan te kondig. Die kerkdispensasie kon eers begin nadat die Here Jesus die losprys vir mense se sonde betaal en daardeur al die skaduagtige offers van die Ou Testament vervul het. Hy moes ook uit die dood opstaan

om sy oorwinning oor die magte van die duisternis te demonstreer en daardeur aan almal van ons ’n opstanding in ’n nuwe lewe te kon bied. Ons moenie net aan Jesus se dood gelykvormig word deur vir die wêreld en die sonde te sterf nie, maar ook aan sy opstanding, sodat ons saam met Hom in ’n nuwe lewe kan wandel (Rom. 6:5).

Ons kan egter slegs hierdie geestelike seëninge deur die werking van die Heilige Gees deelagtig word, daarom moes die Here Jesus eers na die hemel opvaar, sodat die Heilige Gees uitgestort kon word om Hom oral op aarde te verteenwoordig en mense se aandag op Hom en sy versoeningswerk te vestig (Joh. 14:26; 16:14). Die Heilige Gees kan tegelyk in miljoene mense se harte en lewens werk om hulle van sonde te oortuig, te wederbaar, te vervul, in die hele waarheid te lei en die Here Jesus ’n werklikheid in hulle harte te maak.

Dit was Petrus se taak om aan te kondig dat die nuwe bedeling begin het. Dit het op die oggend van die Ou-Testamentiese Pinksterfees gebeur, toe duisende Jode in Jerusalem byeengekom het om ’n fees ter ere van die wet te vier. In Egipte moes die Israeliete ’n paaslam slag tydens hulle verlossing uit die slawerny van Farao. Op die 50ste dag van hulle uittog uit Egipte was die volk by Sinai waar hulle die wet ontvang het. Hulle het egter daar in grootskaalse ongeloof verval en ’n goue kalf gemaak om as hulle god te aanbid (Ex. 32:4). Hierdie daad van afgodediens het die toorn van die Here verwek en Hy het ’n plaag gestuur waarin drieduisend Israeliete gesterf het.

Aan die begin van die Nuwe-Testamentiese bedeling is Jesus as die Lam van God op die dag van die Paasfees gekruisig. Drie dae later het Hy uit die dood opgestaan. Vyftig dae later (dit is tien dae na sy hemelvaart) is die Heilige Gees uitgestort op die Ou-Testamentiese feesdag van die wet, om daardeur aan te toon dat die wet oorgegaan het in genade. Die wet kon Israel nie red nie en het hulle veroordeel weens hulle sonde. Die Heilige Gees kon mense egter van die genade van Christus oortuig en op een dag drieduisend siele red. Dit was die begin van ’n groot oes vir God se koninkryk in Israel en ook onder die nasies van die wêreld.

Petrus het die oorgang van Moses se wet na die Messias se genade aangekondig. In sy preek het hy Israel aan die kruisiging van Jesus herinner, aan sy opstanding uit die dood, asook aan die feit dat Hy Here is, en daarop gewys dat dit die grondslag van die Nuwe-Testamentiese weg van verlossing is: “Hierdie Jesus het God opgewek, waarvan ons almal getuies is. ... Laat dan die hele huis van Israel sekerlik weet dat God Hom Here en Christus gemaak het, hierdie Jesus wat julle gekruisig het. Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders? En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep. ... Laat julle red uit hierdie verkeerde geslag” (Hand. 2:32, 36-40). Dit was die begin van Christus se kerk op aarde.

Sy briewe aan die gelowiges

Petrus het sy Christelike bediening met groot ywer en toewyding voortgesit. Hy was só volkome met die Heilige Gees vervul en met hemelse insig beklee, dat die Gees hom gelei het om twee sendbriewe te skryf wat later ’n deel van die Bybel geword het. Hy het die jong Messiaanse gemeentes aangemoedig om hulle hoop volkome in die genade te stel wat hulle deel geword het by die openbaring van Jesus Christus, omdat hulle vrygekoop is deur die kosbare bloed van Christus, soos van ’n lam sonder gebrek en vlekkeloos (1 Pet. 1: 13-19). Die kruis het gedoen wat die wet nie vir hulle kon doen nie.

Petrus het die gelowiges opgeroep om te verkondig die deugde van Hom wat hulle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig (1 Pet. 2:9), en hulle daarop gewys dat dit konkrete, histories bewysbare feite was wat hy en die ander apostels verkondig het: “Want ons het nie kunstig verdigte fabels nagevolg toe ons julle die krag en koms van onse Here Jesus Christus bekend gemaak het nie, maar ons was aanskouers van sy majesteit”

(2 Pet. 1:16).

Die jong gemeentes is ook daaraan herinner dat hulle bywoners en vreemdelinge in ’n bose en verbygaande wêreld is waarin hulle veel verdrukking sou verduur (1 Pet. 2:11; 4:1-19). Petrus het ’n hele hoofstuk aan die tragiese verskynsel van teruggevallenes gewy wat die pad van die Here verlaat en na ’n sondige lewe in die wêreld teruggekeer het (2 Pet. 2:1-22). Christene word egter bemoedig om geestelik staande te bly in hierdie goddelose wêreld wat vir die vuur bestem is: “Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? – julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas” (2 Pet. 3:11-12).

Heiligmaking was ’n belangrike tema in sy prediking en geskrifte. Hy het die opdrag aan Israel in Levitikus 11:44 herhaal en daardeur bevestig dat dit op alle mense van alle tye van toepassing is: “Soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig” (1 Pet. 1:15-16). Die mens is na God se beeld van heiligheid geskape, maar hierdie beeld is deur die sondeval geskend. Ons word egter geroep om opnuut met God se beeld van volkome heiligheid beklee te word, want daarsonder kan ons God nie behaag nie.

As ons aan die Here Jesus se dood en opstanding gelykvormig word, dan beklee ons onsself met Christus en wandel deur sy Gees. Petrus wys sy lesers daarop dat Christus deur sy lyding en sterwe vir ons getoon het hoe om vir die verdorwenheid van die wêreld te sterf. Ons moet ons kruis opneem en Hom volg (Luk. 9:23; 1 Pet. 2:21), selfs al bring dit vir ons vervolging mee (1 Pet. 4:12-13).

Petrus se marteldood

Toe Jesus nog op aarde was, het Hy die onaangename einde van Petrus se aardse lewe voorspel en vir hom gesê: “Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, toe jy jonger was, het jy jouself gegord en rondgegaan waar jy wou; maar wanneer jy oud geword het, sal jy jou hande uitsteek, en ’n ander een sal jou gord en bring waar jy nie wil wees nie. En dit het Hy gesê om aan te dui deur hoedanige dood hy God sou verheerlik; en toe Hy dit gespreek het, sê Hy vir hom: Volg My. En Petrus het hom omgedraai en die dissipel sien volg vir wie Jesus liefgehad het, die een wat by die maaltyd op sy bors geval en gesê het: Here, wie is u verraaier? Toe Petrus [vir Johannes] sien, vra hy vir Jesus: Here, maar wat van hom? Jesus antwoord hom: As Ek wil hê dat hy bly totdat Ek kom, wat gaan dit jou aan? Volg jy My” (Joh. 21:18-22).

Proff. Walvoord en Zuck sê die volgende oor bogenoemde gedeelte in hulle *Bible Knowledge Commentary,* bl. 345-346: “Verse 18 en 19 bevat ’n ernstige voorspelling oor Petrus se komende kruisiging. Toe Petrus oud was, is hy met uitgestrekte arms aan ’n kruis vasgebind (1 Clement 5:4; 6:1; Eusebius: *The Ecclesiastical history,* 2:25). Gehoorsaamheid aan Christus se basiese opdrag, *Volg My,* is die belangrikste saak in elke Christen se lewe. Soos wat Jesus die Vader se wil gedoen het, moet die dissipels ook die Here se wil doen, ongeag of hulle pad na ’n kruis of een of ander moeilike ervaring lei. Toe Petrus ingelig is oor God se plan met sy lewe, het hy gewonder wat die toekoms vir sy vriend, Johannes, ingehou het. Jesus het hom skerp berispe omdat hy so nuuskierig was oor God se wil vir ’n ander persoon se lewe: ‘Wat gaan dit jou aan? Volg jy My.’ Sekere dissipels kan maklik van die spoor afdwaal as gevolg van onnodige vrae oor God se verborge wil, en dan as gevolg daarvan God se duidelik geopenbaarde wil verontagsaam. God se spesifieke planne vir individuele Christene verskil baie van mekaar, en in die meeste gevalle maak Hy nie die redes daarvoor aan ons bekend nie. Petrus moes homself toewy aan God se regstreekse opdragte aan homself.”

Ons moet ook daaraan toegewy wees om die Here se duidelike opdragte aan ons uit te voer, en die toekoms in sy hande los. Ons weet nie eers wat die dag van môre inhou nie, daarom moet ons elke dag doen wat ons hand vind om te doen, en daarna streef om met die Here se dinge besig te wees wanneer Hy kom om ons te kom haal – ongeag of dit by ons dood of tydens sy wederkoms sal wees.

Volgens *Foxe's Book of Martyrs* is Petrus in Rome ter dood veroordeel en gekruisig. Nero het redes gesoek om Petrus tereg te stel, maar mede-Christene het daarvan te hore gekom en hom dringend versoek om die stad te verlaat en sodoende sy lewe te spaar. Petrus was aanvanklik onwillig, maar is uiteindelik deur hulle oortuig om te vlug. Toe hy by die stadspoort gekom het, het Jesus volgens oorlewering aan hom verskyn, en Petrus het in eerbied aan Hom gevra: "Here, waarheen gaan U?", waarop Hy geantwoord het: "Ek het gekom om weer gekruisig te word." Petrus het na aanleiding hiervan verstaan dat hy sy lyding ter wille van Christus moes aanvaar, en het dadelik teruggedraai na die stad toe. Hy is kort daarna gekruisig, maar op sy eie versoek is hy onderstebo gekruisig. Hy het gesê dat hy onwaardig was om op dieselfde manier as die Here Jesus gekruisig te word.

Dit is slegs wanneer 'n mens se oë op jou ewige bestemming in die hemel gerig is dat jy die Here Jesus onvoorwaardelik sal volg en dien – ongeag wat die koste daarvan mag wees. Vervulling met die Heilige Gees is 'n absolute vereiste vir 'n lewe van volkome diens aan die Here, asook vreesloosheid vir die gevolge daarvan – selfs al beteken dit 'n marteldood. Petrus het ná sy bekering 'n baie duidelike ervaring van vervulling met die Heilige Gees gehad.

Kan jy ook van die vervulling met die Heilige Gees getuig en wandel jy steeds deur die Gees? Daarsonder sal jy nie vaste oortuigings hê nie, deur elke wind van lering meegesleur word, maklik voor die geringste teëstand swig, en bo alles nie geskik wees om as 'n getuie vir die Here Jesus op te tree terwyl Hy talm om te kom nie. Ons moet ook, soos die 120 getroue volgelinge van Jesus in die bokamer, wag op die Here totdat ons toegerus is met krag uit die hoogte. Dan alleen sal ons met vertroue die moeilike taak kan aanpak wat Hy aan ons opgedra het.

11. Die Stryd Tussen Twee Koninkryke

Die koninkryk van die duisternis is ’n werklikheid waarvan elke mens kennis moet neem, omdat ons almal by ’n stryd daarteen gewikkel is. Hierdie stryd het in prehistoriese tye begin toe Satan en sy demone weens hulle rebellie teen God uit die hemel gewerp is. Die Here het vir Lucifer gesê: “Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is. … Jou binneste [is] met geweld gevul, en jy het gesondig; daarom het Ek jou as onheilige van die godeberg afgedrywe. ... Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans. Ek het jou op die grond gewerp” (Eseg. 28:12-17).

Die Here gee in die boek Jesaja meer inligting oor die duiwel se uitwerping: “Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van nasies! En jý het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, en my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. Ek wil opklim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste! Ja, in die doderyk sal jy neergewerp word, in die diepste plekke van die kuil!” (Jes. 14:12-17).

Lucifer is saam met ’n derde van die engele in die hemel uitgewerp (Op. 12:4), wat daarop dui dat hy aansienlike mag het. Die gevolge van Lucifer se uitwerping uit die hemel was geweldig. Hy het wraak gesweer op God en sy koninkryk deur God se skeppingswerk oral aan te val en te verwoes. Hierdie oorlogsverklaring het finaal van hom Satan, God se vyand en teëstander, gemaak. Hy wil veral die mens wat na die beeld van God geskape is, in sy mag om van hom ’n sondaar te maak en hom sodoende van God te vervreem.

Die stryd tussen hierdie twee koninkryke vind hoofsaaklik in ’n geestelike dimensie plaas, daarom moet ons geleer word om geestelike wapens teen die vyand en sy misleidingstegnieke te gebruik. Paulus sê ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen ’n geestelike vyand in die lug (Ef. 6:12). Vir die Korinthiërs sê hy: “Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus” (2 Kor. 10:3-5).

Ons voer die stryd op die vlak van ons gedagtes en ons geloof, daarom moet elke gedagte gevange geneem word tot gehoorsaamheid aan Christus. Daar bestaan ’n geloofsband tussen ons en die Here Jesus, en dit is hierdie verbindingskanaal wat Satan voortdurend aanval in ’n poging om dit te verswak of heeltemal af te breek. Voordat ons die geloofstryd deur die eeue heen in oënskou neem, moet ons net eers duidelikheid kry oor wat geloof is en waarom dit die groot teiken vir aanvalle deur die duiwel is.

Geloof in die Bybelse sin van die woord verwys na ’n geestelike band wat daar tussen God en mense bestaan deur Jesus Christus. Die Heilige Gees maak so ’n geloof moontlik, daarom is geloof ’n gawe van God. ’n Ware geloof word beoefen deur ’n persoon wat in die Drie-enige God glo vir wie en wat Hy is, en dit sluit ook die verlossingswerk van Jesus Christus in. Sonder so ’n geloof is mense nog vervreemd van God. Paulus sê: “Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en ’n beloner is van die wat Hom soek” (Heb. 11:6). Hierdie geloof is dus kenmerkend van alle mense wat die Here as Verlosser aangeneem het.

Geloof het ook ’n dinamiese kwaliteit omdat dit kan groei en sterker word. Ná ons redding moet ons geloofsverhouding met die Here daagliks versterk word deur ons wandel in Hom, deur die bestudering van sy Woord en die navolging van die Heilige Gees. Ons moet dus opgebou word in die allerheiligste geloof (Judas 1:20). Dit is om hierdie rede dat die dissipels vir die Here gesê het: “Gee ons meer geloof” (Luk. 17:5). Ons moet dus nie twyfelende Christene wees wat in elke krisis twyfel en weens ons onkunde deur elke wind van lering van ons geloofsoortuigings af weggesleep word nie, maar onder alle omstandighede ’n vaste vertroue in die Here hê.

Mense wat nie ’n geloofsverhouding met die Here het nie, word in die Bybel as ongelowiges beskryf, al glo hulle ook in afgode of enige vale leer. Daardie soort geloof word deur die Bybel as bygeloof beskryf wat óf uit misleiding voortvloei óf uit verwarde menslike denke. Hulle besit nie die essensiële kenmerk van geloof in God deur Jesus Christus nie en word as ongelowiges beskryf. Paulus verwys na hulle as “ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld (Satan) die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie” (2 Kor. 4:4).

Satan probeer met alle mag voorkom dat die gebroke beeld van God in die gevalle mens deur bekering en ’n geloofsverhouding met God herstel word. Wanneer daar wél ’n geloofsband tussen mense en God bestaan, val hy dit deur middel van geestelike misleiding en negatiewe ervarings aan, sodat mense nie meer in die Here moet glo en Hom dien nie. Met hierdie pogings het hy groot welslae behaal, en wel tot só ’n mate dat al die bedelings in die mens se heilsgeskiedenis tot dusver in grootskaalse ongeloof geëindig het. Hierdie situasies van geloofsverval het gelei tot dramatiese ingrypings deur die Here, waarin die medewerkers van Satan geoordeel is en telkens ’n nuwe fase in die progressiewe ontplooiing van God se heilsplan vir die mens betree is.

Volgens Bybelse profesieë sal die toekomstige bedelings ook deur Satan se toedoen in groot ongeloof onder die meerderheid van die mensdom eindig. Kom ons kyk histories én profeties na hierdie demoniese aanvalle op geloof en maak seker dat ons nie ook, soos met duisende ander Christene, van die geloof afvallig raak en die slagoffers van verleidende geeste word nie:

1. Die bedeling van onskuld in die tuin van Eden

Adam en Eva het geen kennis van kwaad gehad nie. Hulle het in die Tuin gewandel, geglo wat God vir hulle gesê het en ’n gespreksverhouding met Hom gehad. Satan het egter op ’n listige manier op hulle toegeslaan. Hy het homself as ’n slang vermom en die saad van ongeloof in hulle harte gesaai. Die Here het vir hulle gesê dat hulle nie van die boom van die kennis van goed en kwaad mag eet nie, en dat indien hulle dit doen, hulle sekerlik sou sterf (Gen. 2:17). Satan het vir Eva mislei deur te sê dat hulle gewis nie sou sterf as hulle van die vrugte eet nie, maar dat hulle soos God sou wees. Hierdie twee leuens is deur die eeue heen verkondig, en is daarop gerig dat die mens homself moet vergoddelik (hy kan soos God wees), en hy moet ook glo dat hy nie sal sterwe nie maar deur reïnkarnasie altyd weer na die land van die lewendes sal terugkeer.

Hierdie misleiding het verreikende gevolge gehad, want Adam en Eva se geloofsband met God wat die gewer van alle lewe is, is deur die toedoen van die duiwel verbreek. Hulle het as gevolg daarvan onmiddellik geestelik gesterf en ook biologies sterflike mense geword. In plaas van gehoorsaamheid aan God het hulle aan ’n vreemde god, die duiwel, gehoorsaam geword. Dit het aan hulle ’n gevalle natuur besorg wat ook deur al hulle afstammelinge geërf is (Rom. 5:12). Dit is die erfsonde en lei steeds daartoe dat alle mense as sondaars gebore word. As hulle nie deur Jesus Christus lewend gemaak word nie, leef hulle onder die heerskappy van die god van hierdie wêreld en stuur op die ewige dood af (Rom. 5:13-19). In hierdie toestand bly hulle onder God se oordeel.

Die duiwel het in sy stryd teen die mensdom ’n groot slag geslaan, want Adam en Eva is weens hulle ongeloof uit die Tuin van Eden verdryf. Só het die bedeling van onskuld in ’n tragedie vir die hele mensdom geëindig.

2. Die bedeling van die gewete

Die Here het dit vir die gevalle mensdom moontlik gemaak om deur hulle gewete tussen goed en kwaad te kon onderskei. Hulle kon deur gebed en offers met God kommunikeer en dus weer ’n verhouding met Hom opbou. Keuses kon tussen ’n regte en verkeerde lewenstyl gemaak word. Die Here het vir Kain gesê: “Is daar nie verheffing as jy goed doen nie? En as jy nie goed doen nie – die sonde lê en loer voor die deur, en sy begeerte is na jou; maar jý moet daaroor heers” (Gen. 4:7).

Die neiging tot sonde het egter sodanig die oorhand gekry dat die hele mensdom, met uitsondering van slegs Noag en sy gesin, in algehele ongeloof en goddeloosheid verval het: “Die boosheid van die mens op die aarde was groot en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg” (Gen. 6:5). Hulle het voortdurende vyande van God geword en deur hulle uiterste boosheid die toorn van God uitgelok. Hulle het selfs met Noag se profetiese waarskuwings die spot gedryf en sodoende hulle harte verder teen die Here verhard.

Hierdie toestand van ongeloof, geestelike rebellie en verraad teen God het tot die einde van ’n hele geslag mense op aarde gelei. “En God sê vir Noag: Die einde van alle vlees het volgens my besluit gekom; want die aarde is deur hulle vervul met geweld. En kyk, Ek gaan hulle saam met die aarde verdelg. Maak vir jou ’n ark” (Gen. 6:13-14). In hierdie vroeë stadium van die menslike geskiedenis was dit reeds duidelik dat God nie die regverdiges saam met die ongelowiges oordeel nie, want Noag en sy gesin het die rampe deur middel van die ark ontvlug.

3. Die bedeling van menslike regering ná die vloed

In hierdie stadium van die wêreldgeskiedenis het volke met onafhanklike regerings tot stand gekom. Hulle het die keuse gehad of hulle die Here wou dien of nie. Hulle het egter almal heidense nasies geword wat afgode aanbid het, en dit was die bewys dat hulle almal deur Satan mislei is. Tydens die bou van die toring van Babel het hulle probeer om ’n heidense wêreldregering te vestig. Die Here het hierdie poging deur die taalverwarring verydel, maar die verskillende volke het steeds met hulle afgodery en ongeloof voortgegaan.

Die Here het Hom in hierdie geestelik donker situasie laat geld deur vir Homself ’n volk uit die heidendom te roep en af te sonder. Dit was Israel. Hierdie volk is deur ’n groot droogte gedwing om Egipte toe te trek waar hulle die slawe van die heidense Egiptenare geword en self geestelik omtrent heeltemal verval het. Nêrens in die bewoonde wêreld was daar ’n enkele groep mense oor wat in die Here geglo en Hom gedien het nie – hulle was almal navolgers van die vals god van hierdie wêreld wat homself op baie verskillende maniere deur heidense gelowe openbaar.

4. Die bedeling van die wet

Die Here het ’n nuwe bedeling begin deur Israel uit Egipte te verlos en weer geloof in hulle verduisterde harte te vestig. Hy het sy wet aan hulle gegee en hulle geleer hoe om in sy weë te wandel en ’n geloofsverhouding met Hom te handhaaf. Hy het Homself deur die diens in die tabernakel aan sy volk geopenbaar.

Israel se lang geskiedenis in die Ou Testament is egter hoofsaaklik deur geestelike afvalligheid, ongehoorsaamheid aan die wet, ongeloof in die ware God, en die aanbidding van afgode gekenmerk. Die Here het hulle dikwels aan hulle vyande oorgegee, en in een stadium vir 70 jaar lank as ballinge na Babilonië laat wegvoer. Telkens het die goddeloosheid maar weer die oorhand gekry, en hulle het soms so ver teruggeval dat hulle die profete van die Here verdryf of doodgemaak het. Die gevolg hiervan was dat die Here ná Maleági vir 400 jaar nie weer ’n profeet na Israel gestuur het nie. Die volk van God het in geestelike duisternis en ongeloof verval, en saam met die hele res van die wêreld se inwoners was hulle slagoffers van “die owerste van die mag van die lug” (Ef. 2:2). Hy is die vernietiger van ’n ware geloof.

5. Die bedeling van die kerk

Met die geboorte van Jesus is ’n vaste en duidelike grondslag gelê om geloof in miljoene mense se harte te vestig. Die Here self hert dit moontlik gemaak: “Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. ... Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nier” (Joh. 3:16, 18). Die aanvaarding of

verwerping van geloof in Hom het die wêreld in twee groepe mense verdeel – die kinders van God en die kinders van die duiwel (2 Kor. 6:18; Joh. 8:44). As gevolg van Israel se ongeloof in die Messias het die opdrag gekom om die evangelie onder alle nasies te verkondig, van Jerusalem af en verder. Só het die wêreldwye kerk van Christus vorm aangeneem.

Saam met die groter openbaring van God se koninkryk in die Nuwe Testament het daar ook aansienlik meer kennis van Satan se koninkryk gekom. Die stryd tussen hierdie twee koninkryke het ’n nuwe dimensie verkry omdat die Bose alles in die stryd gewerp het om mense daarvan te weerhou om geloof in Christus as hulle Verlosser te stel. Diegene wat Christus reeds bely het, se geloof is aangeval in ’n poging om dit te vervals, te verswak of selfs te vernietig. Daar moes aktief teen Satan en sy ondermynende werke weerstand gebied word.

Sommige gelowiges het nie teen misleiding gewaak soos wat hulle moes nie, en ’n duur prys hiervoor betaal. Paulus het vir die Korinthiërs gesê: “Ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. Want as iemand kom en ’n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle ’n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of ’n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval” (2 Kor. 11:3-4).

As gevolg van grootskaalse misleiding het die vroeë Christelike kerk gou ontrou teenoor die Here geword en in verskillende dwalings verval (vgl. Op. 2 & 3). Dit het daartoe gelei dat die lig van die evangelie grootliks uitgedoof geraak het in die wêreld en op die duisend jaar van die Donker Middeleeue uitgeloop het. Daar word soms na hierdie duisend jaar as “Satan se millennium” verwys omdat geestelike dwalings so oorheersend was. In dié tyd was daar net klein groepies vervolgde Christene soos die Waldensers in Italië, wat in die berge en in grotte teen die sogenaamde “heilige leërs” van die Vatikaan skuiling moes soek.

Eers twee eeue ná die Kerkhervorming het die groot herlewings van die 18de en 19de eeue voorgekom, waarin miljoene mense in baie wêrelddele met die evangelie bereik is. Ongeloof, bygeloof en valse gelowe is deur die ware geloof van die Bybel vervang. Die herlewingstyd het egter ook verbygegaan en is in die 20ste eeu gevolg deur ’n tyd van grootskaalse geestelike verval in die wêreld. Materialistiese en humanistiese denke het die plek van geloof in die ware God verdring en die mens het mettertyd sy eie god geword en in sy eie vermoëns en insig begin roem. Tegnologiese prestasies en wetenskaplike kennis op verskeie terreine het van hom die bepaler van sy eie lotgevalle gemaak – hy het nie meer ’n God in sy lewe nodig gehad nie en heeltemal sekulêr in sy lewensuitkyk geword.

Vir diegene in die moderne wêreld wat wél nog in godsdiens belanggestel het, het die duiwel ’n godsdiens van vals geestelike ervarings opgedis. Gebed word deur Oosterse meditasie vervang, tesame met vreemde mistiese ervarings wat mense baie snaaks en irrasioneel laat optree. Die Here het ons deur sy Heilige Gees baie ernstig hierteen gewaarsku omdat dit ’n sekere manier is om ’n ware geloof te vernietig: “Die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang” (1 Tim. 4:1).

Benewens die effek van humanisme, sekularisme en geestelike misleiding, kan geloof ook deur ’n permissiewe, sondige lewe vernietig word. Paulus het afvalliges sterk oor hierdie probleem aangespreek: “Sorg daarvoor, broeders, dat daar nie miskien in een van julle ’n bose en ongelowige hart is deurdat hy van die lewende God afvallig word nie. Maar vermaan mekaar elke dag so lank as dit vandag genoem word, sodat niemand van julle deur die verleiding van die sonde verhard word nie” (Heb. 3:12-13). Wanneer iemand se hart boos en ongelowig geword het, kan hy homself nie meer as ’n gelowige beskryf nie, al behoort hy ook aan ’n kerk. Christus sê aan sulke afvallige lidmate: “Jy het die naam dat jy leef, en jy is dood” (Op. 3:1).

In die lig van die grootskaalse geloofsverval wat die Bybel vir die eindtyd voorspel, is dit

duidelik dat die wêreld op ’n herhaling afstuur van dit wat in die vorige bedelings gebeur het. Die Here Jesus het gewaarsku dat dit kort voor sy wederkoms weer soos die tyd van Noag en Lot sal wees (Luk. 17:26-30). In daardie tyd was die ware gelowiges só ’n klein minderheid dat hulle glad nie die karakter van die samelewing bepaal het nie en ook niks aan die toenemende boosheid kon doen nie. Die Here het toe gesorg dat die klein groepie gelowiges in ’n plek van veiligheid gestel word, waarna Hy die meerderheid ongelowiges geoordeel het.

Ons is in dieselfde situasie, en evangeliese Christene kan nie meer hulle stempel op die samelewing afdruk nie. Die gevolg is dat Christelike grondwette, Christelike onderwys, Christelike moraliteit en Bybelse regspraak met gepaste strawwe vir misdadigers, alles verdwynende verskynsels is. In die plek daarvan kom normloosheid, bandeloosheid, korrupsie, gewelddadigheid en verdorwe lewenspatrone soos wat die wêreld nog nooit geken het nie – selfs erger as in die tyd van Noag en Lot. In ons geval gaan die Here ook die klein groepie ware gelowiges wegneem – hierdie keer deur middel van die wegraping (Luk. 21:36; 1 Thess. 4:16-17) – en dan die goddeloses in die verdrukking oordeel.

Wanneer geloof in iemand se lewe uitgedoof geraak het, kan die duiwel dit deur enige van ’n groot aantal valse idees, sondes, eiegeregtigheid en selfs vreemde ervarings vervang.

6. Bedeling van die Antichris se regering

Direk ná die wegraping sal die Antichris geopenbaar word; dan begin die bedeling van sy sewe jaar-lange regering op aarde. Reg aan die begin daarvan sal daar geen gelowiges wees nie, wat daartoe sal lei dat die hele wêreld verwonderd agter die dier sal aanloop en hom ook sal aanbid. Daar sal egter spoedig 144 000 Jode gered word, en deur hulle bediening ook baie ander mense op aarde (Op. 7:1-17). Die Antichris sal nietemin uitermate deur Satan bemagtig word om die koninkryk van die duisternis op alle mense af te dwing. Hy sal diegene laat doodmaak wat weier om hom te aanbid en sy nommer te ontvang (Op. 13:15; 20:4). Volgens Openbaring 6:9-11 sal alle Christene in dié tyd ’n marteldood sterf. Dit is met die oog hierop dat die Here Jesus gevra het: “As die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?” (Luk. 18:8). ’n Ware geloof kan nie bestaan wanneer mense in ’n valse christus glo nie.

Hierdie bedeling van sewe jaar sal nie net in wêreldwye ongeloof eindig nie, maar ook in ’n demoniesgeïnspireerde poging om Christus tydens sy wederkoms dood te maak. Satan weet dat Jesus ná die sewe jaar van verdrukking terugkom aarde toe en sy voete op die Olyfberg sal sit. Demone sal uitgestuur word om al die nasies in die Antichris se ryk vir hierdie konfrontasie te mobiliseer (Op. 16:13-16). Hulle groot doel met hierdie saamtrekking sal wees om teen Christus en sy hemelse leër te veg, maar dit sal tot hulle eie vernietiging lei (Op. 19:19-20).

7. Bedeling van die Vrederyk. Jesus Christus sal na die aarde terugkeer om sy vyande wat onder die leiding van die Antichris en die vals profeet versamel is, te oordeel en ook vir Satan ’n duisend jaar lank in ’n put te laat bind (Op. 19:19–20:3). By daardie geleentheid sal Hy die oorblyfsel van Israel én die nasies red omdat hulle bitter berou sal hê oor hulle groot sonde, naamlik dat hulle Hom nie in geloof aangeneem het as die Verlosser van die wêreld nie: “En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word. En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid” (Matt. 24:29-30; vgl. Sag. 12:10-11).

Die Here Jesus sal van die herstelde troon van Dawid af uit Jerusalem oor die hele aarde regeer (Hand. 15:16-17; Op. 19:15). Sy heiliges sal ook in hierdie regering deel deur saam met Hom as konings te regeer (Op. 2:26-27; 20:4). Die geredde Israel sal die Here se begenadigde getuies wees wat in hierdie bedeling die wêreld sal evangeliseer (Jes. 27:6). Hulle sal by almal in aansien wees (Sag. 8:23). Hoewel die eerste geslag mense ná

Christus se wederkoms almal gered sal wees, sal hulle kinders steeds met ’n sondige natuur gebore word en dus geëvangeliseer moet word sodat geloof in Christus ook in hulle harte gevestig kan word.

So verbasend en onwaarskynlik as wat dit ook al mag voorkom, sal vormgodsdiens mettertyd in die Vrederyk intree en tot grootskaalse ongeloof lei. Dit sal die regstreekse gevolg wees van die feit dat mense nie waarlik weergebore is en hulle ou, sondige natuur gekruisig het nie. Die duiwel as die verleier van die wêreld (vgl. Op. 12:9; 20:3), tesame met al sy bose geeste, sal nie daar wees om die mensdom te verlei nie, daarom sal hulle nie aktiewe dade van rebellie teen God pleeg nie. Hulle sal die voordele en voorregte van daardie besondere tyd in die wêreldgeskiedenis geniet, maar nogtans potensiële slagoffers van die duiwel wees die oomblik wanneer hy weer die geleentheid kry om hulle te verlei.

Wanneer Satan ná die duisend jaar uit die put losgelaat word om die mensdom te toets en die verborge gesindhede van hulle harte te openbaar, sal die meeste van hulle onmiddellik in sy mag val en aan die laaste groot rebellie teen God en sy koninkryk deelneem:

“En wanneer die duisend jaar voleindig is, sal die Satan uit sy gevangenis ontbind word; en hy sal uitgaan om die nasies te verlei wat in die vier hoeke van die aarde is, die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see. En hulle het opgekom oor die breedte van die aarde en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel, en vuur het van God uit die hemel neergedaal en hulle verslind. En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid” (Op. 20:7-10). Satan gaan selfs in die koninkryksbedeling daarin slaag om miljoene mense tot ongeloof en rebellie te verlei.

’n Minderheid gelowiges

Uit al die voorbeelde van geloofsverval deur die eeue heen, leer ons dat die ware gelowiges altyd ’n klein minderheid was. Daar is ook vandag baie mense wat graag op die smal pad wil wees, maar nie daarin slaag om deur die nou poort in te gaan nie. Die Here Jesus het gesê: “Stry hard om in te gaan deur die nou poort, want baie, sê Ek vir julle, sal probeer om in te gaan en sal nie in staat wees nie” (Luk. 13:24). Baie mense probeer om Christene te word sonder om met hul sondes te breek. Dit is onmoontlik om met bagasie van onbelyde sondes deur die nou poort in te gaan.

Bely al jou sondes en breek daarmee, dan sal jy deur die nou poort van ’n ware bekering kan ingaan. Wanneer jy dit gedoen het, moet jy ook na die verdere genadewerk van heiligmaking soek. Dit sal jou in staat stel om op die pad van die Here te volhard en diensbaar in sy koninkryk te wees. Die Here wil nie net van ons gelowiges met ’n getuienis van redding maak nie, maar bruikbare diensknegte in sy koninkryk. Hiervoor is dit nodig om opgebou te word in die allerheiligste geloof. Dan alleen sal ons enduit staande kan bly terwyl ons die goeie stryd van die geloof stry (1 Tim. 6:12).

In Judas 1:3 het ons die opdrag om “kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is.” Die heiliges is diegene wat hulleself uit hierdie verdorwe wêreld tot God bekeer, ’n geloofsverhouding met Hom aanknoop, sy vergifnis en vryspraak aanvaar en daarna deur die geloof sy weg van geregtigheid bewandel. Satan val alle gelowiges hewig aan – nie net in hulle persoonlike lewe nie, maar ook in hulle pogings om ander mense te oorreed om uit die koninkryk van die duisternis na die Here se wonderbare lig oor te kom.

Hierdie aanvalle het deur die eeue heen voortgeduur, en word in die eindtyd hewiger omdat net ’n ware geloof sal verhoed dat mense die Antichris as universele messias sal aanvaar en aanbid. Ons moet teen hierdie aanslag weerstand bied en te midde van groot verval rondom ons kragtig vir die ware geloof stry. Lees in Hebreërs 11 die beskrywing van Ou-Testamentiese geloofshelde wat groot dinge vir God se koninkryk bereik het, omdat hulle onwrikbaar in hulle oortuigings was en ook bereid was om vir die waarheid te ly. Moet

nooit eers oorweeg om saam met die baie misleide mense van ons tyd die stryd gewonne te gee en van die geloof afvallig te raak nie.

Ons moet vas staan in die Here Jesus terwyl ons in die Godverwerpende wêreld waarin ons leef, soos ligte vir Christus moet skyn. Moenie jou oë vestig op die troebel waters waardeur jy jou weg moet vind nie, maar hou jou oë op die Here Jesus wat die Leidsman en Voleinder van ons geloof is. Hy het gesê: “Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings ... Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is” (Joh. 14:1-3). Ons moet deur die vaste belofte van ons ewige tuiste in die hemel gemotiveer en in ons geloof versterk word.

Met die eindtydse verskyning en bewindsoorname van die Antichris as die groot ongelowige en mens van sonde, sal daar vir ware Christene geen veilige bestaan op aarde kan wees nie. Ons sal deur die Here weggeneem word, en eers later saam met Christus terugkeer wanneer die Antichris en sy magte by die slag van Armagéddon verdelg sal word. Satan sal dan ontneem word van sy troon en magsposisie op aarde, en vir die eerste keer in die geskiedenis van die mensdom sal daar vrede op aarde wees. Dit kan slegs gebeur wanneer mense waarlik in die Here Jesus as Verlosser en Koning glo, want sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag.

12. Redes vir die Wegraping

Die belofte oor die wegraping word in ’n toenemende aantal kerke ontken, geïgnoreer of swak beklemtoon in prediking oor die eindtyd. Dit is egter ’n baie belangrike belofte wat om goeie redes by profesieë oor die eindtyd ingesluit is. Dit gee aan Christene ’n positiewe en onbetwisbare toekomsverwagting – ’n konkrete hoop op Goddelike ingryping en seën om na uit te sien in ’n andersins donker toneel van komende oordele oor ’n goddelose wêreld. Die volgende redes vir die wegraping word in die Bybel genoem:

1. Dit is ’n ontmoeting met Christus

Wanneer die Here Jesus sy bruidsgemeente kom haal, sal dié wat in Christus gesterf het, uit hulle grafte opgewek word en diegene wat nog lewe, in ’n oogwink met verheerlikte liggame beklee word (1 Kor. 15:51-53). Daarna sal die ware gelowiges saam in wolke weggevoer [of weggeraap] word, die Here tegemoet in die lug:

“Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ’n geroep, met die stem van ’n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde” (1 Thess. 4:16-18).

Die grootste verwagting wat ons met betrekking tot die wegraping behoort te hê, is nie om weg te kom van die sondedeurdrenkte wêreld af waarin ons as vreemdelinge en bywoners woon nie, maar eerder die wonderlike vooruitsig om ons finale bestemming in die hemel te bereik! Die verlangende bruid sien daarna uit om met die hemelse Bruidegom verenig word. Op daardie dag sal “Hy kom om verheerlik te word in sy heiliges en bewonder te word in almal wat glo” (2 Thess. 1:10). Hulle sal Hom sien en straal van vreugde.

Mense wat nie in die wegraping glo nie, moet vir hulleself uitmaak hoe anders as net deur die wegraping alleen hulle van die aarde af weggeruk kan word om die Here Jesus in die lug te ontmoet. Só is Jesus ná sy eerste koms na die hemel “weggeruk” (Op. 12:5); só is Paulus tot in die derde hemel “weggeruk” (2 Kor. 12:2); en só sal ons ook aan die einde van die kerkbedeling “weggevoer” word. In al hierdie gevalle word dieselfde werkwoord gebruik, naamlik “wegvoer” of “wegruk” (Gr. *harpazo*) wat beteken “om vinnig weggeruk te word”.

Die hemelse Bruidegom kom by hierdie geleentheid soos ’n dief in die nag om sy bruid te kom haal (Op. 16:15). Sy openbare koms wanneer elke oog Hom sal sien, sal eers plaasvind aan die einde van die sewe jaar-lange verdrukking wat ná die wegraping verloop (Op. 1:7). Tydens die wegraping sal Hy nie tot op die aarde kom nie, maar sy bruid in die lug ontmoet en haar daarna saamneem hemel toe. Diegene wat agterbly, sal met ’n skok ontdek dat al die ware Christene skielik spoorloos verdwyn het! Dissipels van Jesus sal dan in die hemel wees, in die heilige teenwoordigheid van die Koning van konings, en eers ná die donker dae van die verdrukking saam met Hom terugkeer (Sag. 14:4-5).

2. Dit bevorder ’n Christus-verwagting

Dit is belangrik om daarop te wys dat ’n voorverdrukking-wegraping by gelowiges ’n Christus-verwagting skep en nie ’n Antichris-verwagting nie. Ons wag vir die hemelse Bruidegom en nie vir die mens van sonde nie. Die hele 70ste jaarweek van Daniël 9 is deel van Israel se heilsgeskiedenis, en sal ingelui word deur ’n verbond wat Israel en die nasies met die valse messias sal sluit. Christene wat verkeerdelik in ’n wegraping in die middel van die verdrukking glo, verskuif hulle aandag weg van die Here Jesus af en bestee soms baie geld, tyd en energie om strategieë in plek te kry vir oorlewing gedurende die komende verdrukking van sewe jaar. Sommige van hulle ruim selfs ontvlugtingsplekke in weg van die groot stede af, omdat hulle nie in ’n wegraping voor die uitstorting van goddelike toorn glo nie. Die Bybel sê egter dat ons die Seun van God uit die hemele moet verwag, naamlik “Jesus wat ons van die toekomstige toorn verlos” (1 Thess. 1:10).

Die belofte van die wegraping vestig ons aandag op die skielike en onverwagte koms van

Christus vir sy bruid. Daar is geen uitdruklike tekens wat hierdie gebeurtenis direk voorafgaan nie – minste van alles die verskyning van die Antichris. Ons moet onsself besig hou met voorbereidings wat daarop ingestel is om ’n heilige lewe voor die Here te lei, terwyl ons voortgaan om mense te nooi om die lank bestaande uitnodiging na die bruilof van die Lam te aanvaar. Wanneer die huis van die Here vol is, sal Hy uit die hemel neerdaal met geklank van die basuin van God. Daarna sal al die tekens van die tye wat op Christus se sigbare verskyning aan die einde van die verdrukking dui, finaal in vervulling gaan. Dit sal ’n tyd van natuurrampe en oorloë wees soos nooit tevore nie (Matt. 24:6-7).

3. Dit is ’n ingryping deur God

“Die Here self sal van die hemel neerdaal … en ons sal … in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug” (1 Thess. 4:16-17). Die bonatuurlikheid van die wegraping, naamlik die wegvoering van miljoene Christene, sal só duidelik ’n Goddelike ingryping wees dat geen wetenskaplike verklarings daarvoor gevind sal kan word nie. Daar sal waarskynlik absurde teorieë vir hierdie verskynsel aangebied word, maar dit sal in dieselfde kategorie wees as die evolusieteorie waardeur agnostici probeer om God se skeppingswerk weg te verklaar. Die Here kan inderdaad deur sy almag al sy kinders in ’n enkele oomblik opwek, verander en van die aarde af wegvoer. Hy sal diegene wat aan Hom behoort, wegneem en al die ander op die aarde agterlaat:

“In daardie nag sal daar twee op een bed wees; die een sal aangeneem en die ander verlaat word. Twee vroue sal saam maal; die een sal aangeneem en die ander verlaat word. Twee sal op die land wees; die een sal aangeneem en die ander verlaat word” (Luk. 17:34-36). Die “aanneem” van sommiges sal tydens die wegraping plaasvind. Die “verlaat” van die ander dui daarop dat ongelowiges en misleide mense sal agterbly om die donker dae van die Antichris se skrikbewind in die groot verdrukking te beleef.

Die skok-effek van die wegraping kan nouliks oorbeklemtoon word. In die vernietigende tekens hierna sal die Here se hand ook duidelik gesien kan word, veral in die groot oordele oor ’n afvallige mensdom (Op. 6:12-17). Deur die dramatiese effek van die wegraping sal die Here ’n ernstige boodskap aan ’n multigodsdienstige en afvallige mensdom rig, naamlik dat hulle enigste hoop daarin geleë is om weer na sy Woord terug te keer en dit ernstig op te neem. Die wegraping sal die mat heeltemal onder die moderne vergeestelikingsteologie uittrek, waarin Bybelse uitsprake nie letterlik opgeneem word nie maar as vae beeldspraak, allegorie of simboliek afgemaak word.

Ná die wegraping sal die meerderheid mense weens die verhardheid van hul harte wél deur die krag van die dwaling mislei word, maar miljoene ander sal nuwe begrip kry vir die waarheid van die Bybel en die Here soek, ongeag die verwerping en vervolging wat hulle getuienis in ’n antichristelike nuwe wêreldorde tot gevolg sal hê.

4. Dit is die verkryging van ’n opstandingsliggaam

Die wegraping staan duidelik in verband met die eerste opstanding wanneer al die ware gelowiges verheerlikte liggame sal verkry. Miljoene van dié wat weggeraap gaan word, is reeds dood, daarom moet hulle eers onverganklike nuwe liggame kry. Op daardie selfde oomblik sal die lewende gelowiges verheerlikte liggame kry en sonder die dood van verganklikheid tot onverganklikheid verander word. Paulus verduidelik hierdie belofte só aan ’n Christelike gemeente:

“Kyk, ek deel julle ’n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in ’n oomblik, in ’n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word” (1 Kor. 15:51-53).

Aan die Filippense word gesê: “Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam” (Fil. 3:20-21; vgl. 1 Joh. 3:2).

Die eerste opstanding word as “die opstanding van die regverdiges” beskryf (Luk. 14:14), en ook as “die opstanding van die lewe” (Joh. 5:29). Johannes sê: “Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank” (Op. 20:6).

Dit verwys na die duisendjarige vrederyk wanneer die opgestane en verheerlikte Christene saam met Jesus Christus sal regeer. Die goddeloses sal nie deel hê aan die eerste opstanding en die wegraping nie, daarom sê Johannes ook: “En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie” (Op. 20:5). Hulle sal deel hê aan die tweede opstanding, wat ook genoem word “die opstanding van die veroordeling” (Joh. 5:29), en voor die groot wit troon tot die ewige dood veroordeel word (Op. 20:11-15).

5. Dit is ’n skeiding tussen nominale en ware Christene

Behalwe die skeiding wat die wegraping sal teweegbring tussen geredde en ongeredde mense in die wêreld, sal dit ook binne die verband van die Christelike kerk self ’n skeiding tussen wedergebore en vormgodsdienstige lidmate tot gevolg hê. Die dwase maagde sal agtergelaat word wanneer die Bruidegom kom, al het hulle ook hulleself as ’n deel beskou van die groep wat aan die Bruidegom behoort, en selfs op sy koms gewag. Die afwesigheid van die olie van die Heilige Gees in hulle lewe dui op die feit dat hulle nie weergebore en Geesvervuld is nie (Matt. 25:6-10).

Baie van hulle sal eers ná die wegraping ’n eerlike ondersoek na hulle geestelike status doen, en dan agterkom dat daar geen aanduiding van die Heilige Gees se wederbarende krag in hulle lewens is nie. Hoewel hulle tydens die verdrukking steeds hulle lewens aan die Here kan oorgee, sal die Bruidegom nie by wyse van ’n tweede wegraping die deur vir hulle oopmaak nie – selfs al bid hulle daarvoor en begeer dit met hulle hele hart. Hulle sal buite in die koue moet bly, die donker dae van die verdrukking in die gesig staar en bereid moet wees om as martelare vir hulle geloof te sterf – dit alles weens hulle eie nalatigheid.

Hoeveel miljoene kerklidmate bevind hulleself nie in die bootjie van ’n selfmisleidende, dooie vormgodsdiens nie! Hulle redeneer dat aangesien hulle uitverkies is, en d.m.v. die doop in ’n ewige verbond aan God verbind is, hulle nie ’n ondervinding van wedergeboorte hoef te hê nie. Die Here Jesus het egter aan een van hierdie uitverkore verbondskinders gesê: “Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie” (Joh. 3:3). Dit is net die herskeppingswerk van die Here wat jou lewe kan verander – nie kerklike ritualisering nie!

Maak seker dat jy nie tydens die wegraping die slagoffer van ’n dooie vormgodsdiens sonder wedergeboorte is nie, want dan sal jy beslis agterbly wanneer die Here Jesus sy bruidsgemeente kom haal (Joh. 14:2-3; Heb. 4:1). ’n Voorwaarde vir redding is ’n eerlike belydenis van jou sonde (1 Joh. 1:9), tesame met geloof in Jesus Christus as jou Verlosser en Saligmaker (Hand. 16:31).

6. Dit is die einde van ’n dispensasie

Die wegraping beëindig die bedeling van die kerk op aarde, omdat die ware kerk dan van die aarde af na die hemel toe weggevoer sal word. Net die valse kerk en die valse godsdienste wat deur die gees van die Antichris mislei is (1 Joh. 4:1-6), sal in die wêreld agterbly. Ons is tans baie naby aan die einde van die kerkbedeling op aarde. Die Bybel beskryf hierdie tydperk as ’n tyd van groot afvalligheid en demoniese aktiwiteite (1 Tim. 4:1). Satan werp alles in die stryd om die kerk te vervals en die maagde wat op die koms van die Bruidegom ingestel moet wees, te mislei en aan die slaap te sus.

Terselfdertyd word die allesinsluitende eenheidsideologie van die komende antichristelike bedeling (holisme) aktief verkondig en strukture vir die wêreldregering, wêreldgodsdiens en wêreldekonomie van die Antichris geskep. Uiteindelik sal daar ook ’n valse Christus aan die wêreld gebied word. Dit was met die oog op die openbaring van die intense, eindtydse misleiding dat die eerste waarskuwing in die Here Jesus se profetiese rede gewy is aan ’n beskrywing van sataniese misleiding wat sal uitloop op die verskyning van

’n valse wêreldleier: “Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei” (Matt. 24:4-5). Moenie meegesleur word deur die stroom van postmoderne denke waardeur die verdorwe beginsels van ’n antichristelike nuwe wêreldorde bevorder word nie.

Dit is belangrik om die wegraping in sy korrekte dispensasionele plek te plaas, naamlik aan die einde van die kerkbedeling, net voor die begin van die Antichris se openbaring en die instelling van sy wêreldregering. Ons moet die tydgees van verval in die Christelike kerk teëstaan, asook die opmars van die komende Antichris (2 Thess. 2:7). Doen jy dit? Die hemelse Bruidegom sê dat terwyl dié wat vuil is nóg vuiler word, moet die regverdiges nóg regverdiger en heiliger word (Op. 22:11). Hulle moet besef dat die aanvegtinge teen die koninkryk van God in die eindtyd groter word, en dat hulle nie in die minste aan die druk van die vyand moet toegee nie.

Prediking oor die wegraping is in ’n tyd soos hierdie van kardinale belang. Ons is in die posisie van ’n atleet wat aan ’n langafstand-wedloop deelneem en reeds die klok vir die laaste rondte gehoor lui het. Dit moet hom motiveer om nie in sy poging te verslap nie, maar tot die einde toe te volhard. Petrus sê: “Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? – julle wat die koms van die dag van God verwag en verhaas” (2 Pet. 3:11-12). Ons moenie in die vinnig veranderende wêreld perspektief verloor en kompromie maak nie. Stry die goeie stryd van die geloof en bied vasberade weerstand teen alle vorms van boosheid en misleiding.

7. Dit skep die geleentheid vir die Antichris om geopenbaar te word

Die wegraping word regstreeks met die openbaring van die Antichris in verband gebring: “…julle weet wat hom teëhou sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word. Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is; en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak, hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan” (2 Thess. 2:6-10).

Die ware kerk van Christus wat ’n tempel van die Heilige gees is, staan die openbaring van die Antichris teë; daarom kan hy eers ná hulle wegname geopenbaar word. Die Heilige Gees in die kerk is sterker as die gees van misleiding wat in die wêreld werk (1 Joh. 4:4). Wanneer die evangeliese Christene skielik weggeneem word, verdwyn die lig van die wêreld en breek die uur van die duisternis aan. Dan kan die mens van sonde sonder teëstand geopenbaar word. Die wegraping móét dus plaasvind voordat die Antichris sy verskyning kan maak!

Om mense dus op die wegraping voor te berei, behels ’n geestelike ingesteldheid van getrouheid aan die ware Christus en ook die aktiewe verwerping van die komende Antichris. Jy moet ’n teëhouer wees wat standpunt teen antichristelike ideologieë en hulle humanistiese strukture inneem.

8. Dit is ’n motivering vir standvastigheid in ’n tyd van afvalligheid

Die koms van die Bruidegom vind plaas in ’n tyd waarin dit geestelik gesproke donker is. Die einde van die kerkbedeling is ’n tyd van groot afvalligheid en goddeloosheid. Die relatief klein groepie Christene sal skyn soos ligte te midde van ’n krom en verdraaide geslag. Soos in die dae van Noag en Lot sal die aarde vol gewelddadigheid, materialisme en seksuele perversie wees.

Ongelukkig sal hierdie gees van sondigheid en immoraliteit ook sy tol onder Christene eis. Hulle sal in hulle waaksaamheid verslap deur geestelike standaard aanhoudend afwaarts aan te pas: “En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel” (Matt. 24:12). Baie sal so ’n lae profiel hou dat hulle in totale passiwiteit verval. Die Here Jesus het hierteen gewaarsku en aan gelowiges die verwagting van sy skielike

koms as ’n motivering vir standvastigheid gegee: “Waak dan, want julle weet nie wanneer die eienaar van die huis kom nie: in die aand of middernag of met die haangekraai of vroeg in die môre nie; dat hy nie miskien skielik kom en julle aan die slaap vind nie. En wat Ek vir julle sê, sê Ek vir almal: Waak!” (Mark. 13:35-37).

Onaktiewe Christene verflou in hulle liefde teenoor die Here Jesus. Die verskynsel van geestelike afkoeling manifesteer op twee maniere: enersyds ontwikkel daar ’n liefde vir die wêreld en wêreldse partytjies waar drank gebruik word, en andersyds lei dit tot bekommernis en depressie. Hierteen waarsku die Here Jesus ook, en Hy hou weer eens die wegraping as ’n positiewe motivering voor om te volhard tot die einde toe: “Maar pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorge van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie. Want soos ’n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon” (Luk. 21:34-35).

Moenie jou eerste liefde verlaat deurdat jy van Jesus Christus vervreemd raak nie, want dit kan jou duur te staan kom! Die Here het sy Gees aan die afvallige kerk in Éfese onttrek en die gemeente het daarna agteruitgegaan en uiteindelik doodgeloop (Op. 2:4-5).

9. Dit is ’n ontvlugting uit die rampgebied van goddelike oordele

Die teks in Lukas 21:36 stel dit onomwonde dat die wegraping ’n ontvlugting uit oordele is. Die Here sê: “Waak dan, en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan.” Die woord *ontvlug* beteken om buite die rampgebied te bly – nie om behoue déúr dit te gaan soos die Nuwe Afrikaanse Bybel sê nie.

Net soos in die dae van Noag en Lot, móét die regverdiges eers in ’n plek van veiligheid gestel word voordat die goddelike toorn oor ’n Christus-verwerpende wêreld uitgestort sal word. Die Here het self die ark se deur agter Noag toegemaak voordat die watervloed begin het. In die geval van Lot en sy gesin het die engele aangedring dat hulle die stad moes verlaat, omdat die vuur en swael nie kon neerdaal terwyl hulle nog daar was nie. Hulle was nouliks weg toe word die oordele van die Here oor die sondaars uitgestort.

Net so sal die wegraping vir ons ook ’n uitkoms wees. Dit is ’n salige hoop, soos ’n helder lig wat aan die einde van ’n donker tonnel skyn. Baie mense sê die chiliaste het ’n ontvlugtingsindroom, en dat hulle net hier wil wegkom sonder om hulle plig te doen terwyl hulle nog op aarde is. Die teendeel is eerder waar. Chiliaste besef juis dat hulle min tyd oor het om vir die Here te werk, daarom is hulle dalk meer as andere gemotiveer om te doen wat hulle hand vind om te doen. Hulle besef dat daar ’n verdrukking kom soos wat daar nog nooit op aarde was nie (Matt. 24:21). As die Here ons daaruit wil verskoon, soos wat Hy ook met Noag en Lot gedoen het, waarom sal ons nie die wonderlike belofte van die wegraping aangryp en waak en bid om daarvoor waardig te wees nie?

Mense wat sinies oor die belofte van die wegraping is en nie geestelik voorbereid is om die komende oordele te ontvlug nie, openbaar ’n baie onverskillige houding. Wat sou jy daarvan sê indien Noag soos volg geredeneer het: “Ek glo nie werklik dat die Here die aarde deur ’n watervloed sal oordeel nie, daarom gaan ek nie ’n ark bou om verdelging in die vloed te ontvlug nie”? Of wat sou van Lot en sy gesin geword het as hy gesê het: “Ek dink die oordele oor Sodom en Gomorra moet metafories verklaar word, daarom hoef ek en my gesin nie te vlug vir ons lewe nie. Indien Goddelike wraak wél uitgestort word, dan sal die Here ons net hier te midde van die vlamme bewaar”?

Die komende oordele van die verdrukking is ’n vaste Bybelse feit wat letterlik in vervulling sal gaan, en net so letterlik sal daar vir die kinders van God ’n ontvlugting uit die oordele wees. Ons moet dié belofte aanvaar en hiervoor gereed wees. Die verdrukking van sewe jaar moet nie verwar word met die verdrukking wat Christene nog altyd in ’n sondige wêreld as gevolg van hulle geloof ervaar het nie. Die eindtydse verdrukking is God se oordele oor ’n Christus-verwerpende wêreld. Die ware gelowiges is glad nie hiervoor bestem nie: “Want God het ons nie bestem tot toorn nie, maar om die saligheid te verkry deur onse Here Jesus Christus” (1 Thess. 5:9; vgl. Joh. 5:24).

10. Dit is ’n oproep om voor die regterstoel van Christus te verskyn

Die behoefte om vir die wegraping gereed te wees, spruit uit die vaste afspraak wat alle gelowiges het om rekenskap van hulle lewens te gee voor die regterstoel van Christus. Dit sal gebeur direk nadat ons ons finale bestemming in die hemel bereik het. Die vooruitsig op die wegraping konfronteer gelowiges baie duidelik met die verantwoordelikheid om te verskyn voor dieselfde Here wat aan sy dissipels die opdrag gegee het om die evangelie van redding te verkondig en daardeur hulle plig te vervul om die lig van ’n donker wêreld en die sout van ’n bedorwe aarde te wees. Ons Verlosser sal ook ons Koning en Regter wees.

Een van die uitdruklike redes vir die wegraping sal dus wees om ons op te roep om voor die regterstoel in die hemel te verskyn. Paulus sê: “Ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad” (2 Kor. 5:10). Aan die kerk in Rome sê hy: “So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee” (Rom. 14:12). Die Here Jesus sê: “En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees” (Op. 22:12).

Hierdie oordeel is nie daarop ingestel om die gelowiges van die ongelowiges skei nie, want slegs gelowiges sal voor Christus verskyn sodat hulle plig m.b.t. dissipelskap beoordeel kan word – m.a.w. wat hulle gedoen het nadat hulle tot bekering gekom het. Suksesvolle dissipels sal beloon word terwyl lui, vleeslike diensknegte betig sal word (Luk. 19:20-23).

In die lig van die belangrike afspraak voor die regterstoel moet ons nooit op ’n eng manier aan die wegraping dink as bloot ’n wonderlike reis na die hemel toe, sonder inagneming van dit wat aan die einde van die reis op ons wag nie. ’n Inherente deel van die hele ondervinding rondom die wegraping is die verpligting om rekenskap van ons aardse lewens aan Jesus Christus te gee. Om dus basies vir die wegraping te kwalifiseer, vereis ’n duidelike getuienis van wedergeboorte. Om egter ook volkome gereed te wees vir die wegraping in terme van dit wat in die hemel op ons wag, moet ons ook van heiligmaking en toewyding aan die diens van die Here kan getuig.

Omdat slegs Christene deel sal hê aan die wegraping, sal net hulle voor die regterstoel verskyn sodat hulle werke getoets kan word met die oog op genadeloon: “...elkeen sal sy eie loon volgens sy eie arbeid ontvang ... want ons is medewerkers van God. ... Maar elkeen moet oppas hoe hy op [die fondament] bou. Want niemand kan ’n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus. En as iemand op dié fondament bou goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels – elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is. As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang; as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen” (1 Kor. 3:8-15).

Ons word duidelik nie deur ons werke gered nie, maar deur geloof. Jakobus beklemtoon egter die feit dat geloof sonder werke dood is (Jak. 2:26). In ’n ware Christen se lewe sal daar werke wees wat by die bekering pas. Genadeloon sal voor die regterstoel in die hemel toegeken word vir werke wat deur die instaatstellende krag van die Heilige Gees gedoen is. Sommige diensknegte het hulle talente goed gebruik en sal baie loon ontvang. Ander het dit minder produktief gebruik en sal minder loon ontvang; en daar sal selfs diegene wees wat hulle talente begrawe het en met leë hande voor die Here sal staan – gered asof deur vuur heen! Die volgende is die vyf krone waarvoor Christene hulleself in die diens van die Here kan beywer:

- Die *onverwelklike kroon* vir ’n heilige en diensbare lewenswandel (1 Kor. 9:24-25);
- die *kroon van roem* vir sielewenners (1 Thess. 2:19);
- die *kroon van heerlikheid* vir getroue herders wat nie deur hoogmoed en hebsug gemotiveer was nie (1 Pet. 5:2-4);
- die *kroon van die lewe* vir Christenmartelare en almal wat swaar beproef is tydens hulle

aardse lewe (Op. 2:10; Jak. 1:12); en

- die *kroon van geregtigheid* vir dié wat Christus se koms liefgehad het, in die lig daarvan geleef het en nie ’n mensgemaakte koninkryk nagejaag het nie (2 Tim. 4:8; Heb. 11:10).

11. Dit is ’n reis na die hemelse bruilof

Ná haar verskyning voor die regterstoel van Christus word die bruid met haar hemelse Bruidegom verenig om nooit weer van Hom geskei te word nie. Die brandende begeerte na die wegraping is dus terselfdertyd ’n verlange om by die bruilof van die Lam te wees en in ’n hemelse ivoorpaleis na Hom toe gelei te word in veelkleurige gewade wat met gouddraad geborduur is (Ps. 45:10, 14-16), “toeberei soos ’n bruid wat vir haar man versier is” (Op. 21:2).

Jesus Christus is nie net ons verlossing nie, maar ook ons heiligmaking: “Christus [het] ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees” (Ef. 5:25-27). Het jy Christus al vir heiligmaking vertrou? Dit is aan die bruid van die Lam “gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges” (Op. 19:8).

12. Dit is ’n reis na ons ewige tuiste

Die Here Jesus het beloof dat Hy sal terugkom om sy bruid te kom haal en na haar hemelse tuiste te neem. Voor sy hemelvaart het Hy gesê: “Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is” (Joh. 14:2-3).

Hierdie woning in die hemel is só wonderskoon dat dit nie in menslike woorde beskryf kan word nie. Die Bybel sê: “Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van die mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet” (1 Kor. 2:9). Johannes sê die nuwe Jerusalem het pêrelpoorte, strate van deurskynende goud, en ’n muur rondom wat van die kosbaarste edelgesteentes gebou is (Op. 21:9-21). Om na só ’n plek weggevoer te word, is inderdaad ’n blye vooruitsig!

13. Dit lei na die aanvaarding van ons regterlike en koninklike posisie

Die verheerlikte Christene sal ná die wegraping saam met Christus die wêreld oordeel in geregtigheid en daarna as konings saam met Hom hier op aarde regeer. In Openbaring 4 en 5 word die verheerlikte kerk as 24 ouderlinge met krone op hulle hoofde voorgestel: “Toe sing hulle ’n nuwe lied en sê: U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers” (Op. 5:9-10).

14. Dit is ’n vaste versekering van seën vóór die oordele

’n Finale argument ten gunste van ’n voorverdrukking-wegraping, is die feit dat die boek Openbaring dispensasioneel en chronologies geskryf is. Eers word die kerkbedeling in Openbaring 2 en 3 beskryf, dan word die toneel in Openbaring 4 en 5 na die hemel verskuif waar ons die verheerlikte kerk aantref net ná hulle wegvoering van die aarde af. Hulle word as 24 ouderlinge uit alle nasies voorgestel. In Openbaring 6 tot 19 word die sewe jaar-lange verdrukking beskryf wat deur die sigbare koms van Christus beëindig sal word. In Openbaring 20 word die duisendjarige vrederyk van Christus beskryf, en in Openbaring 21 en 22 die nuwe hemel en aarde wat ná die eindoordeel aan die einde van die millennium geskep sal word.

Ons is tans in Openbaring 3 in die sewende en laaste kerkperiode, kort voor die einde van die kerkbedeling. Die geestelik lou, afvallige en materialistiese kerk van Laodicéa is tans oorheersend in die wêreld. Binnekort sal die ware kerk deur middel van basuingeklank opgeroep word hemel toe. Dit is duidelik net die dissipels van die Here Jesus wat die belofte gekry het dat Hy hulle sal kom haal nadat Hy in die hemel vir hulle plek gaan berei

het (Joh. 14:2-3). Nie almal wat hulleself as Christene beskou is waarlik gered nie, daarom kan nie almal van hulle op die belofte van die wegraping aanspraak maak nie.

Die volgorde van eindtydse gebeure, waarin gelowiges eers beveilig en geseën word voordat die goddeloses geoordeel word, word ook deur Christus in 'n gelykenis bevestig. In Lukas 19:11-27 sê Hy dat wanneer Hy as Koning terugkeer, Hy sy diensknegte sal versamel om aan hulle loon vir hulle arbeid te gee. Nadat Hy dit gedoen het, sal Hy Hom tot sy vyande wend en hulle oordeel omdat hulle geweier het om Hom as Koning en Verlosser te aanvaar.

'n Belofte om jou geestelik op te hef!

Besef jy hoe aktueel die wegraping vir elke Christen is, hoe dramaties die gebeure is wat daarmee saamhang, en hoe oor en oor die moeite werd dit is om hiervoor gereed te wees? Die Christendom sal geestelik verarm raak as hierdie belofte, en al die verantwoordelikhede wat dit meebring, nie duidelik verkondig word nie. Sonder die Bybel se profetiese perspektief op die eindtyd sal ons onseker wees oor wat die toekoms inhou, in die duisternis van onkunde rondtas en nie ons prioriteite reg bepaal nie (2 Pet. 1:19).

Terwyl ons die naderende voetstappe van die Here Jesus kan hoor, moet ons baie seker maak dat ons inderdaad aan Hom behoort, anders sal Hy by ons verbygaan wanneer Hy sy kinders kom haal. Die ongeredde naamchristene wat nooit 'n ontmoeting met die Here Jesus gehad het nie, en net 'n gedaante van godsaligheid het, sal tevergeefs eendag voor die groot wit troon op hulle kerklike ampte, wonderwerke en bevrydingsbedienings roem. Selfs die Nuwe Afrikaanse Bybel met sy baie verdraaiings en weglatings (waarin die belofte oor die wegraping uit Lukas 21:36 wegvertaal is), laat hierdie waarskuwing oor valse godsdiens duidelik deurkom. Dit is veral teen valse leraars gerig:

"Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here, sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons dan nie in u Naam gepreek nie, deur u Naam duiwels uitgedryf en deur u Naam baie wonders gedoen nie? Dan sal Ek openlik vir hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My af, julle wat die wet van God oortree" (Matt. 7:21-23 NAB). Baie van hierdie misleiers is ongeredde predikante wat selfs in Jesus se naam gepreek het.

Dit hoef egter nie so te wees nie. As ons harte deur die wedergeboorte verander is en ook deur die vervulling met die Heilige Gees brandend vir die Here is, sal ons waardig wees om die hemelse Bruidegom te ontmoet wanneer Hy aan die einde van die kerkbedeling kom. Hy het aan sy dissipels gesê: "Laat julle heupe omgord wees en julle lampe aan die brand. En julle moet wees soos mense wat op hulle heer wag. … Gelukkig is daardie diensknegte vir wie die heer wakker sal vind as hy kom. Voorwaar Ek sê vir julle, hy sal hom omgord en hulle aan tafel laat gaan en hulle kom bedien. En as hy in die tweede of die derde nagwaak kom, en dit so vind – gelukkig is daardie diensknegte" (Luk. 12:35-38). Wees elke dag gereed vir sy skielike koms!